

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



## JAARVERSLAG 2016/2017

Deel A: Algemene inligting

1.	Algemene inligting.....	5
2.	Lys van afkortings en akronieme .....	6
3.	Voorwoord deur die Speaker .....	7
4.	Verslag van die Rekenpligtige Beampte .....	9
4.1	Oorsig van die werksaamhede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement .....	9
4.2	Oorsig van die finansiële resultate van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement.....	11
4.2.1	WKPP-ontvangste.....	11
4.2.2	Programbesteding .....	11
4.2.3	Voorsieningskanaalbestuur .....	12
4.2.4	Geskenke en donasies in goedere van nieverwante partye ontvang.....	13
4.2.5	Uitsluitings en afwykings van die Nasionale Tesourie ontvang.....	13
4.2.6	Gebeure ná die verslagdatum .....	13
4.2.7	Nakoming van 30-dae-betalings.....	13
4.2.8	Bedankings of waardering .....	13
5.	Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die Jaarverslag .....	14
6.	Strategiese oorsig .....	15
6.1	Visie .....	15
6.2	Missie .....	15
6.3	Kernwaardes.....	15
7.	Wetgewende en ander mandate .....	15
7.1	Konstitusionele mandate .....	15
7.2	Statutêre mandate .....	17
7.3	Regspraak.....	18
8.	Organisasiestruktuur .....	21

Deel B: Prestasie-inligting

1.	Ouditeur-generaal se verslag: voorafbepaalde doelwitte.....	22
2	Oorsig van WKPP se prestasie .....	22
2.1	Diensleweringomgewing .....	22
2.2	Organisatoriese omgewing.....	28
3	Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte .....	28
4.	Prestasie-inligting volgens program .....	28
4.1	Program 1: Administrasie .....	32
4.1.1	Doel .....	32
4.1.2	Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte; subprogram en aanwysers van strategiese doelwitte en strategiese doelwitprestasie .....	32
4.1.3	Prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies .....	33
4.1.3.1	Subprogram: Kantoor van die Speaker .....	35
4.1.3.2	Subprogram: Kantoor van die Sekretaris .....	36
4.1.3.3	Subprogram: Finansies.....	39
4.1.3.4	Subprogram: Voorsieningskanaalbestuur .....	40
4.1.3.5	Subprogram: Interne beheer .....	42
4.1.3.6	Subprogram: Menslike hulpbronne .....	42
4.1.3.7	Subprogram: Inligtingstechnologie .....	44
4.1.3.8	Subprogram: Sekerheid en geriewebestuur .....	45
4.2	Program 2: Geriewe vir Lede en politieke partye.....	46
4.2.1	Doel .....	46
4.2.2	Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte; subprogram en prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte en strategiese doelwitprestasie .....	46

4.2.3 Prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies.....	47
4.2.4.1 Subprogram: Geriewe en voordele vir Lede .....	47
4.2.4.2 Subprogram: Ondersteuningsdienste aan politieke partye .....	48
4.3 Program 3: Parlementêre dienste .....	48
4.3.1 Doel .....	48
4.3.3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte; subprogram en prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte en strategiese doelwitprestasie .....	48
4.3.4 Prestasie-aanwysers van strategiese doelwit, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies.....	49
4.3.4.1 Subprogram: Ondersteuning vir Raadswerksaamhede.....	50
4.3.4.2 Subprogram: Komitee-ondersteuning .....	51
4.3.4.3 Subprogram: Openbare opvoeding en uitreik .....	52
4.3.4.4 Subprogram: Hansard en taaldienste .....	54
5. Oordragbetalings.....	56
5.1 Oordragbetalings aan organisasies sonder winsoogmerk.....	56
6. Skenkersgeld .....	56
6.1 Skenkersgeld van vorige jaar .....	56
7. Kapitaalbelegging .....	56
7.1 Kapitaalbelegging, onderhoud en batebestuursplan .....	56

Deel C: Bestuur

1. Inleiding .....	58
2. Risikobestuur .....	58
3. Bedrog en korrupsie .....	58
4. Minimalisering van belangebotsing .....	59
5. Gedragskode .....	59
5.1 Lede .....	59
5.2 Personeel.....	60
5.3 Voorsieningskanaalbestuur .....	60
6. Gesondheid, veiligheid en omgewingskwessies.....	60
7. Reëlskomitee .....	60
8. Parlementêre Toesigkomitee .....	61
9. Voorafgaande wysigings aan ouditverslae .....	72
10. Interne beheereenheid .....	72
11. Interne oudit en ouditkomitees .....	72
12. Ouditkomiteeverslag .....	74

Deel D: Menslikehulpbronne-bestuur

1. Inleiding .....	76
2. Menslikehulpbronnestrategie .....	76
3. Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2017 .....	77
4. Besteding.....	80
4.1 Personeelkoste volgens program, 2016/17.....	80
4.2 Personeelkoste volgens salarisbande, 2016/17 .....	80
4.2.1 Personeelkoste volgens bevolkingsgroep, 2016/17 .....	81
4.2.2 Personeelkoste volgens geslag, 2016/17 .....	81
4.3 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds volgens program, 2016/17 .....	81
4.4 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds volgens salarisbande, 2016/17.....	81
4.5 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds volgens salarisbande, 2016/17.....	82
5. Indiensneming en vakatures .....	82
5.1 Indiensneming en vakatures volgens program, 31 Maart 2017.....	83
5.2 Indiensneming en vakatures volgens salarisbande, 31 Maart 2017 .....	83

5.3	Indiensneming en vakatures volgens kritieke beroepe, 31 Maart 2017 .....	83
6.	Seniorbestuursdiensinligting .....	84
6.1	Aanstellings in seniorbestuursdiensposte .....	84
7.	Posevaluering .....	84
7.1	Profiel van werknemers wie se posisies opgegradeer is omdat hul poste opgegradeer is .....	84
7.2	Werknemers met salarisvlakke hoër as wat deur posevaluering volgens beroep bepaal is .....	84
7.3	Profiel van werknemers met salarisvlakke hoër as wat deur posevaluering bepaal is .....	84
8.	Indiensnemingveranderinge .....	84
8.1	Jaarlikse omsetkoerse volgens salarisband vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	85
8.2	Jaarlikse omsetkoerse volgens kritieke beroep vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	86
8.3	Redes waarom personeel die WKPP verlaat .....	86
8.4	Bevorderings volgens kritieke beroep .....	86
8.5	Bevorderings volgens salarisbande .....	86
9.	Diensbillikheid .....	86
9.1	Totale getal werknemers (onder wie personeel met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsbande van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	86
9.2	Werwing vir die tydperk van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	87
9.3	Bevorderings vir die tydperk van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	88
9.4	Diensbeëindigings vir die tydperk van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	88
9.5	Tugstappe vir die tydperk van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	88
9.6	Vaardigheidsontwikkeling vir die tydperk van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	88
9.6.1	Opleidingskursusse aangebied .....	88
9.6.2	Studiehulp vir formele onderrig gelewer .....	89
9.7	Bevolkingsgroepverspreiding soos op 31 Maart 2017 .....	89
9.8	Geslagsamestelling .....	90
9.9	Ouderdomsprofiel .....	91
10.	Prestasietoekennings .....	91
10.1	Prestasieverhogings volgens bevolkingsgroep, geslag en gestremdheid, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 ten opsigte van die 2015/16-boekjaar .....	91
10.2	Prestasiebonusse, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 ten opsigte van die 2015/16-boekjaar .....	91
10.3	Prestasie volgens kritieke beroepe, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	91
11.	Buitelandse werknemers .....	92
11.1	Buitelandse werknemers, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017, volgens salarisband .....	92
11.2	Buitelandse werknemers, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017, volgens hoofberoep .....	92
12.	Gebruik van siekverlof .....	92
12.1	Siekverlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016 .....	92
12.2	Ongeskiktheidsverlof (tydelik en permanent), 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	93
12.3	Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016 .....	93
12.4	Verlofuitbetalings vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	94
12.5	Bepaalde verlof 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	94
13.	MIV en vigs en gesondheidsbevorderingprogram .....	94
13.1	Stappe gedoen om risiko vir beroepsblootstelling te verminder .....	94
13.2	Besonderhede van gesondheidsbevordering en MIV en vigs (2016/17) .....	94
14.	Arbeidsbetrekkinge .....	95
14.1	Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	95
14.2	Wangedrag en tugverhore afgehandel, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	95
14.3	Soorte wangedrag aangespreek, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	95
14.4	Griewe aanhangig gemaak vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	95
14.5	Dispute by rade aanhangig gemaak vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	95
14.6	Stakingsoptredes vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	95
14.7	Voorkomende skorsings vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	95
15.	Vaardigheidsontwikkeling .....	96
15.1	Opleidingsbehoefte geïdentifiseer, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	96
15.2	Opleiding verskaf, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	96
16.	Besering aan diens .....	96

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
Inhoudsopgawe

16.1	Besering aan diens, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	96
17.	Gebruikmaking van konsultante.....	97
17.1	Verslag oor aanstellings van konsultante met begrote geld .....	97
17.2	Ontleding van aanstellings van konsultante met begrote geld ten opsigte van histories benadeelde individue (HBI's) .....	97
17.3	Verslag oor aanstellings van konsultante met skenkersgeld.....	97
17.4	Ontleding van aanstellings van konsultante met skenkersgeld ten opsigte van histories benadeelde individue (HBI's) .....	97

Deel E: Finansiële inligting

Verslag van die Ouditeur-generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor Begrotingspos 2: Provinsiale Parlement .....	98
Jaarlikse finansiële state vir die jaar wat op 31 Maart 2017 afgesluit is .....	103

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



## DEEL A ALGEMENE INLIGTING

---

Posbus 648, Kaapstad  
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town  
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa  
8000, Mzantsi Afrika

[www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)  
+27 21 487 1600

**1. Algemene inligting**

Fisiese adres:

Provinsiale Wetgewer-gebou

Waalstraat 7

Kaapstad

8001

Posadres:

Posbus 648

Kaapstad

8000

Telefoonnommers:

021 487 1701 en 021 487 1702

Faksnommer:

021 487 1674

E-posadres:

secretary@wcpp.gov.za

Webtuiste:

[www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)

## 2. Lys van afkortings en akronieme

AARP	Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk
ACDP	African Christian Democratic Party
ANC	African National Congress
COPE	Congress of the People
DA	Demokratiese Alliansie
D:ORB	Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur
DvdP	Departement van die Premier
DVO	Diensvlakooeenkoms
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
EFF	Ekonomiese Vryheidsvegters (Economic Freedom Fighters)
FBVP	Finansiële Bestuursverbeteringsplan
GFBS	Geïntegreerde Finansiële Bestuurstelsel
HBI	histories benadeelde individu
IKT	Inligting-en-kommunikasietegnologie
LOGIS	logiese Inligtingstelsel
MVH	Memorandum van Verstandhouding
NRVP	Nasionale Raad van Provinsies
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OHB	Ondernemingshulpbronbeplanning
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBK	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
PAD	Projekaanvangsdokument
RB	Rekenpligtige Beampte
RBROS	Risikobestuursraamwerk vir die Openbare Sektor
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie diens
SBP	Standaardbedryfsprosedure
Skoor	Staande Komitee oor Openbare Rekenings
Vigs	Verworwe immunitetsgebreksindroom
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
WFBPPW	Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers
WKPP	Wes-Kaapse Provinsiale Parlement



### 3. Voorwoord deur die Speaker



Sharna Fernandez  
Speaker

Hiermee lê ek die jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar ter tafel ingevolge artikel 60(1) van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (WFBPPW), 2009 (Wet 10 van 2009).

Die 2016/17-boekjaar was 'n interessante, maar ook uitdagende jaar. In 2016/17 is dele van ons gebou, wat die Raadsaal insluit, afgesper weens die ontdekking van blouasbes. Ek het egter gesien hoe ons personeel saamgestaan en geeskragtigheid, vasberadenheid en 'n gesamentlike doelgerigheid aan die dag gelê het. Hulle het prakties te werk gegaan om te verseker dat die WKPP steeds hul verskillende kernaktiwiteite volhou.

Die WKPP was ook aktief betrokke by inisiatiewe in die wetgewende sektor. Die meeste van hierdie inisiatiewe moes deur die WKPP gefinansier word. Een van hierdie inisiatiewe was die aanbidding van die openbare verhore van die hoëvlakpaneelassesserings van die impak van wetgewing. Die WKPP het die organisering, beplanning en uitvoering van hierdie geleentheid suksesvol aangevoer.

In 2016/17 was ons grootste projek die aanskaffing en inwerkingstelling van die Ondernemingshulpbronbeplanning (OHB)-stelsel. Hoewel ons verwag het om die stelsel teen die einde van die verslaggewingtydperk in werking te hê, moes die WKPP die tender weer uitgee weens tegniese en koste-implikasies. Die OHB sal in die 2017/18-boekjaar geïmplementeer word.

Die WKPP is steeds 'n voorstander van goeie korporatiewe bestuur. Met ons versekeringsverskaffers, Interne Oudit, Ouditkomitee en die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika het ons ons risiko's doeltreffend bestuur, ons beheermaatreëls verskerp en nakoming van toepaslike wetgewing, regulasies en beleide verseker. Dit verheug my om bekend te maak dat die WKPP weer eens 'n skoon ouditverslag behaal het.

Ten slotte bedank ek graag die Parlementêre Toesigkomitee onder voorsitterskap van die agbare Wiley vir die ondersteuning en gesonde toesig oor die begrotingspos. Ek bedank ook graag die Adjunkspeaker en die Sekretaris en sy span vir die uitstekende ondersteuning deur die jaar.



---

**Sharna Fernandez**  
**Speaker**  
**Datum: 14 Augustus 2017**

#### 4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte



Gilbert Lawrence  
Sekretaris

##### 4.1 Oorsig van die werksaamhede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement

Die 2016/17-boekjaar was die tweede jaar van die Strategiese Plan van 2015/16 tot 2019/20. Dit was ook die tweede jaar van die implementering van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (WFBPPW), Wet 10 van 2009.

In die 2016/17-boekjaar het die WKPP altesame 57 programprestasie-aanwysers en altesame 57 beplande jaarlikse teikens gehad. Die WKPP het 50 van sy beplande jaarlikse teikens vir die 2016/17-verslagtydperk behaal.

Die volgende tabel lys die jaarlikse beplande teikens per program en dui aan of dit behaal is of nie. Die redes vir die afwykings van al die teikens wat nie behaal is nie, kan in Deel B: Programprestasie van hierdie verslag gevind word.

Program	Getal prestasie-aanwysers en beplande teikens volgens die Jaarlikse Prestasieplan (JPP)	Behaal	Nie behaal nie of deels behaal
Program 1: Administrasie	38	31	7
Program 2: Geriewe vir Lede en politieke partye	3	3	-
Program 3: Parlementêre dienste	16	16	-
<b>Totaal</b>	<b>57</b>	<b>50</b>	<b>7</b>

Teen 31 Maart 2017 het die WKPP altesame 108 goedgekeurde poste in sy personeel gehad, waarvan vier poste ongefinansier en 95 poste gevul was. Die WKPP het vyf vakatures gehad, naamlik adjunksekretaris: proseduredienste; senior IKT-beampte; IKT-assistent; administratiewe klerk; twee navorsers; ontvangspersoon en registrasieklerk; en diensbeampte.

Teen 31 Maart 2017 het die WKPP drie interns in diens gehad. Hulle is aan Menslike Hulpbronne; Rekordsbestuur en Inligting-en-kommunikasietegnologie toegewys.

Die volgende sleutelaktiwiteite het in die 2016/17-boekjaar plaasgevind:

Samewerking binne die sektor het in die laaste deel van die 2016/17-boekjaar toegeneem. Die ouer strukture van forums is deur die volgende vier groepe vervang:

Groep 1: Strategie en bestuur;

Groep 2: Kernsake;

Groep 3: Sektorale en internasionale koördinerings- en betrokkeheid; en

Groep 4: Kapasiteitsontwikkeling en kennisbestuur.

Die WKPP se deelname aan nasionale wetgewende en uitreikingsaktiwiteite is suksesvol in hierdie tydperk gekoördineer, waaronder die Nasionale Jeugparlement; die Nasionale Vroueparlemente; die NRVP se Provinsiale Besoekweek wat op onderwys- en gesondheidskwessies gefokus het; asook die hoëvlakpaneelassesserings van die uitwerking van wetgewing op die drievoudige uitdagings van armoede, werkloosheid en ongelykheid; die billike verdeling van welvaart, grondhervorming, restituisie, herverdeling en verblyfsekerheid; en nasiebou en maatskaplike samehorigheid.

Ingevolge artikels 4 en 5 van die Wet op 'n Gedragskode vir Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement ondersoek die Registrateur van Ledebelange oortredings van die kode en klagtes. Dié taak is deur 'n amptenaar in die bestuur verrig. Tydens die 2016/17-boekjaar het die Registrateur twee klagtes ondersoek en verslae by die Gedragskomitee ingedien.

'n Prosedurele sentrum is tot stand gebring om die Sekretaris as Hoofprosedurebeampte by te staan om die lewering van administratiewe ondersteuning en advies oor prosedure vir die Parlement, komitees en Lede verder te verbeter in die uitvoering van werksaamhede om wette te maak, toesig te hou, en openbare betrokkenheid by dié prosesse te vergemaklik. Dié multidissiplinêre spanbenadering sal verseker dat die voorsittende beamptes, voorsitters van komitees en Lede die beste advies moontlik van kundiges ontvang.

Aangesien die Ondernemingshulpbron-beplanningstelsel nie tydens die 2016/17-boekjaar in werking gestel kon word nie, het die WKPP hul gewysigde-kontant- finansiële state tot finansiële state omgerekend wat aan die AARP voldoen, soos wat dit deur die WFBPPW voorgeskryf word. Die WKPP het ook verkies om Riglyn 8 van die Raad op Rekeningkundige Standaarde te gebruik vir die 2016/17-finansiële state.

Die opsporing van blouasbes op die sesde verdieping het daartoe gelei dat die Raadsaal, kombuis, eetplek en die vergaderkamer, Caab de Goede Hoop, gesluit is. Vervolgens is reëlins getref dat die raadsaal by Waalstraat 44 as 'n alternatiewe lokaal vir parlementêre vergaderings gebruik word. Die diensoorgang was nou wel logisties moeilik, maar het naatloos gelyk en is ook só deur Lede en personeel ervaar.

Die ondersteuning vir die implementering van die parlementêre program is volgehou. Ondanks die uitdagings wat meegebring is deurdat die Raadsaal ontoeganklik was vir gebruik, is die moontlike ontwrigting van die Huis en komiteevergaderings geminimaliseer.

Projek GROW, die 18 maande lange vaardigheidsontwikkelingsprogram vir alle werknemers van die WKPP, wat in die 2017/18-boekjaar afgesluit sal word, was op leierskapvaardighede en dinkvaardighede toegespits. In November 2016 het terugvoering van werknemers wat die program bygewoon het, daarop gedui dat 92% van hulle die program geniet het, 86% het aangedui dit het 'n positiewe uitwerking op hul werk en 84% het aangedui dit het hulle in hul breër lewe bevoordeel.

## 4.2 Oorsig van die finansiële resultate van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement

### 4.2.1 WKPP-ontvangste

Ontvangste	2016/17			2015/16		
	Raming	Werklike bedrag ingevorder	Oor- of onder-invordering	Raming	Werklike bedrag ingevorder	Oor- of onder-invordering
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	5	62	(57)	5	70	(65)
Boetes, strawwe en verbeurings	-	48	(48)	-	-	-
Rente, dividende en huur op grond	52	189	(137)	49	160	(111)
Verkoop van kapitaalbates	-	-	-	-	13	(13)
Finansiële transaksies in bates en laste	-	26	(26)	-	33	(33)
<b>Totaal</b>	<b>57</b>	<b>325</b>	<b>(268)</b>	<b>54</b>	<b>276</b>	<b>(222)</b>

Die invordering van inkomste in die WKPP is nie beduidend nie en is beperk tot inkomste ontvang uit parkering; verkoop van maaltye aan Lede; verkoop van korporatiewe geskenke; kommissie op versekering; rente op bankrekening; en die verkoop van ou of oortollige bates.

Die tarief wat vir parkering gehef word, is op beleid gegrond en is onder die markwaarde. Die WKPP behou 'n deel van die parkeergeld as inkomste nadat 'n ooreengekome tarief aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) oorbetaal is.

Lede van die WKPP betaal vir maaltye wat op die terrein deur die spysenieringdiensteverskaffer berei word, wat 'n ander bron van inkomste is. Die Lede se maaltye word volgens die Lede se geriewegids geprys, wat deur die Reëlskomitee en die Speaker goedgekeur is. Die WKPP maak inkomste bekend uit rente wat op die banksaldo ontvang is.

### 4.2.2 Programbesteding

Programnaam	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	61 769	55 228	(6 541)	52 852	50 455	(2 397)
Geriewe vir Lede en politieke partye	44 238	43 035	(1 203)	41 719	40 155	(1 564)
Parlementêre dienste	23 314	22 479	(835)	25 837	25 516	(321)
<b>Totaal</b>	<b>129 321</b>	<b>120 742</b>	<b>(8 579)</b>	<b>120 408</b>	<b>116 126</b>	<b>(4 282)</b>

In die 2016/17-boekjaar was daar onderbesteding van R8,579 miljoen.

In die 2016/17-boekjaar het bestedingbeheer- en moniteringmeganismes steeds huidige en geprojekteerde besteding gemonitor en bevraagteken om vroeë waarskuwingstekens van oor- of onderbesteding te identifiseer.

Die kernprioriteit van die 2016/17-boekjaar was die implementering van die WFBPPW en die OHB-stelsel, asook die migrasie van kontantgebaseerde rekeningkunde na aanwasgebaseerde rekeningkunde.

**Oordragte**

Altesame R8,579 miljoen ten opsigte van die onderbesteding van begrote geld en altesame R268 000 ten opsigte van ooringevorderde eie inkomste is vir oordrag goedgekeur. Daar was geen oorplasing in die tydperk van oorsig nie.

**Onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende, en ongemagtigde besteding**

Daar was drie gevalle van onreëlmatige besteding in die 2016/17-boekjaar.

Datum van vinding	Datum by Rekenpligtige Beampte aangemeld	Datum van betaling	Nommers van betaling	Betaling	Naam van diensverskaffer	Beskrywing van geval	Status
24/02/2017	15/03/2017	08/03/2017	1311616	R49 683.36	Travel Manor	Geen behoorlike prosedures gevolg nie.	Gekondoneer
29/03/2017	-	31/03/2017	1311920	R17 100.00	Datacentrix	Geen vooraf goedkeuring vir die diens gevra nie.	Word ondersoek
24/05/2017	24/05/2017	2016/17	1310737, 1309404, 1310395, 1311122, 1310537, 1309648, 1310139, 1310264, 1310973, 1311477, 1311695, 1311895	R6 691.74	Verskeie	Oortreding van beleid	Word ondersoek
30/06/2017	30/06/2017	14/02/2017	1311452	R43 103.00	House of Monatic	Sertifikasie van plaaslike inhoud nie nagekom nie.	Word ondersoek

Let daarop dat hoewel die besteding onreëlmatig was, dit in ooreenstemming was met die doel van die instelling. Die besteding was geldig in navolging van die WKPP-doelstellings waarvoor dit aangegaan is.

**4.2.3 Voorsieningskanaalbestuur**

Geen ongevraagde bodvoorstelle is ontvang of afgehandel in die 2016/17-begrotingsjaar nie.

Voorsieningskanaalbestuur (VKB) is 'n geïntegreerde funksie wat die verkryging (of aanskaffing) en ontplooiing van goedere en dienste vir die WKPP afhandel. Die rol van VKB strek van bystand met die spesifikasie van die goedere of dienste wat nodig is, deur die tender- en bodproses tot die ontvangs en aflewering van die goedere en, indien goedere vir inventarisdoeleindes nodig is, die berging en uitreiking daarvan vir operasionele gebruik.

Die kapasiteit wat die verbetering van die professionaliteit van VKB betref, is steeds 'n uitdaging, maar dit kan met geteikende opleiding versag word.

**4.2.4 Geskenke en donasies in goedere van nieverwante partye ontvang**

Geen belangrike geskenke of donasies is in goedere van nieverwante partye in die 2016/17-boekjaar ontvang nie.

**4.2.5 Uitsluitings en afwykings van Nasionale Tesourie ontvang**

Geen.

**4.2.6 Gebeure ná die verslagdatum**

Geen beduidende of belangrike gebeure het ná die finansiële jaareinde tot die datum van goedkeuring van die jaarlikse finansiële state voorgekom nie.

**4.2.7 Nakoming van 30-dae-betalings**

In 2016/17 was daar 14 gevalle, ten bedrae van altesame R143 866.99, van betalings wat ná meer as 30 dae gedoen is. In 2015/16 was daar 53 gevalle, ten bedrae van altesame R417 207, van betalings wat ná meer as 30 dae gedoen is. Die meeste van hierdie gevalle het verband gehou met die proses van skakeling met diensverskaffers om duidelikheid en besluite oor gefaktureerde bedrae en diensafwykings te kry

Die kernoorsake van hierdie gevalle is ondersoek en geïdentifiseer, en regstellende stappe en bykomende beheer, waar nodig, is geïmplementeer om die herhaling van sulke gevalle uit te skakel.

**4.2.8 Bedankings of waardering**

Ek bedank graag die Speaker Sharna Fernandez vir haar ondersteuning en leiding. 'n Spesiale dankie aan die personeel van die WKPP vir hul volgehoue harde werk.



**GILBERT LAWRENCE**  
Rekenpligtige Beampte  
Datum: 10 Augustus 2017

**5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid vir die jaarverslag**

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat regdeur die jaarverslag bekend gemaak word, is konsekwent;
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en daar is geen weglatings nie;
- Die jaarverslag oor die WKPP is opgestel ooreenkomstig die riglyne vir jaarverslae soos deur die Nasionale Tesourie uitgereik;
- Die jaarlikse finansiële state (Deel E) is opgestel ooreenkomstig die standaarde van AARP soos deur artikel 56(1) van die WFBPPW (Wet 10 van 2009) voorgeskryf;
- Die Rekenpligtige Beampte was verantwoordelik vir die opstelling van die jaarlikse finansiële state en vir die uitsprake wat in hierdie inligting gemaak is;
- Die Rekenpligtige Beampte was verantwoordelik vir die totstandkoming en implementering van 'n interne beheerstelsel, wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf aangaande die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die inligting oor menslike hulpbronne en die jaarlikse finansiële state; en
- Die eksterne ouditeurs is aangestel om 'n onafhanklike opinie oor die jaarlikse finansiële state uit te spreek.

Na my mening weerspieël die jaarverslag die werksaamhede, prestasie-inligting, menslikehulpbronne-inligting en die finansiële sake van die WKPP behoorlik vir die boekjaar wat op 31 Maart 2017 afgesluit is.

Die uwe



**GILBERT LAWRENCE**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Datum: 10 Augustus 2017**



## 6. Strategiese oorsig

### 6.1 Visie

'n Dinamiese, doeltreffende en bevoegde Parlement wat konstitusionele demokrasie ondersteun.

### 6.2 Missie

Die parlementêre administrasie sal gehalte- parlementêre en korporatiewe ondersteuning lewer om Lede in staat te stel om hul konstitusionele funksies te verrig, en om openbare betrokkenheid by parlementêre bedrywighede moontlik te maak deur:

- Lewering van gehalte-ondersteuning aan die Huis en komitees;
- Bevordering van openbare toegang tot en betrokkenheid by die wetgewende en toesigprosesse;
- Versekering van doeltreffende kommunikasie met alle belanghebbendes;
- Versekering van naatlose en sinergistiese parlementêre prosesse en stelsels;
- Belegging in toepaslik opgeleide personeel;
- Verskaffing van 'n veilige omgewing wat bevorderlik is vir die bemagtiging en instaatstelling van Lede en personeel;
- Implementering van en voldoening aan goeie korporatiewe bestuurstelsels en moniteringsmeganismes; en
- Doeltreffende, bekwame en ekonomiese bestuur van hulpbronne.

### 6.3 Kernwaardes

In nastrewing van diensuitnemendheid en beste praktyk onderskryf die administrasie die volgende kernwaardes:

**Deursigtigheid:** Die WKPP verteenwoordig die belange van die mense van die Wes-Kaap, en is deursigtig in sy werksaamhede en rekords. Ons kommunikeer op 'n oop en inklusiewe manier.

**Integriteit:** Die WKPP laat blyk hoë etiese standaarde in ons prosesse, stelsels, gedrag en handeling met alle belanghebbendes, sowel intern as ekstern.

**Professionalisme:** Die WKPP strew na doeltreffende werksaamhede, ingeligte besluitneming en 'n algemeen professionele houding deur advies en dienste van 'n hoë gehalte te lewer. Ons strew daarna om op te tree op grond van gesonde en gevestigde reglemente van orde, feite, insig en ervaring.

**Onpartydigheid:** Die WKPP strew na die handhawing van 'n onpartydige benadering tot die doen van sake deur niepartydig te wees.

**Doeltreffendheid:** Die WKPP lewer 'n doeltreffende diens deur hulpbronne verantwoordelik en kostedoeltreffend te gebruik.

## 7. Wetgewende en ander mandate

### 7.1 Konstitusionele mandate

Die kerndoelwitte van die WKPP is gegrond op die volgende konstitusionele mandate:

(i) **Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996**

Die provinsiale wetgewers het tot stand gekom ingevolge Hoofstuk 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet").

- (a) Artikel 114(1) van die Grondwet verleen die mag om wette te maak aan provinsiale wetgewers.
- (b) Artikel 114(2) van die Grondwet skryf voor dat provinsiale wetgewers moet voorsien vir meganismes:
- wat verseker dat alle provinsiale uitvoerende staatsinstellings daaraan verantwoordings doen; en
  - wat toesig hou oor die uitvoering van die provinsiale uitvoerende gesag in die provinsie, waaronder die implementering van wetgewing, en van enige provinsiale staatsinstelling.
- (c) Artikel 115 van die Grondwet stel dit dat, onder andere, 'n provinsiale wetgewer enigiemand mag dagvaar om voor hulle te verskyn om getuienis te lewer; van enigiemand of provinsiale instelling mag vereis om aan hulle verslag te doen; en petitie's, verhoë of voorleggings van enige belanghebbende persoon of instelling mag ontvang.

Die Wes-Kaapse Wet op Getuies, 2006, verwoord hierdie magte van dwang verder; en die Wes-Kaapse Wet op Petisie's, 2006, skep die raamwerk vir die ontvangs en verwerking van petitie's.

- (d) Artikel 116(1) van die Grondwet maak voorsiening dat die provinsiale wetgewers hul interne ooreenkomste, werkwyse en prosedures mag bepaal en beheer; en reëls en orders oor hul sake mag maak met inagneming van verteenwoordigende en deelnemende demokrasie, aanspreeklikheid, deursigtigheid en openbare deelname.

Die Staande Reëls van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, soos van tyd tot tyd gewysig, gee uitdrukking aan die magte wat deur artikel 116(1) van die Grondwet verleen word.

- (e) Artikel 117 van die Grondwet handel oor, onder andere, die privilegieë van lede van provinsiale wetgewers, vernameelik die voorreg van vryheid van spraak, wat onderworpe aan die reëls en orders van die wetgewers geniet word.

Die voorregte van Lede is gekodifiseer in die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immunitete van die Provinsiale Wetgewer, Wet 4 van 2004.

- (f) Artikel 118 van die Grondwet verplig provinsiale wetgewers om openbare deelname aan die wetgewende en ander prosesse van die provinsiale wetgewers moontlik te maak en om hul sake op 'n oop manier te doen.

(ii) **Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997**

Die Wes-Kaap is die enigste provinsie met sy eie Grondwet. Saam met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, is dit die hoogste wet in die Wes-Kaap.

Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 ("die Provinsiale Grondwet"), is in soverre dit sy bemagtigende bepalinge betref wesenlik identies aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Die Provinsiale Grondwet maak egter voorsiening vir sekere bepaalde wetgewende en uitvoerende strukture wat van sekere strukture in die Grondwet verskil, byvoorbeeld:

- (a) Artikel 9(1) van die Provinsiale Grondwet verwys na die Wes-Kaap se provinsiale wetgewer as die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, en artikel 13 bepaal dat die Provinsiale Parlement uit 42 Lede bestaan;

- (b) Hoewel artikel 111(1) van die Grondwet bepaal dat 'n provinsiale wetgewer 'n Adjunkspeaker moet verkies, skryf artikel 20(3) van die Provinsiale Grondwet die verkiesing van 'n Adjunkspeaker deur die Provinsiale Parlement na goeddunke voor; en
- (c) Artikel 42 van die Provinsiale Grondwet verwys na Provinsiale Ministers, terwyl artikel 132 van die Grondwet na Lede van die Uitvoerende Raad verwys.

## **7.2 Statutêre mandate**

### **(i) Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wet 10 van 2009**

Hierdie wet reguleer die finansiële bestuur van die Parlement en die provinsiale wetgewers, asook toesig oor die finansiële bestuur van die Parlement en die provinsiale wetgewers.

### **(ii) Wet op die Wysigingsprosedure van Geldwetsontwerpe en Verwante Sake, Wet 9 van 2009**

Hierdie wet maak voorsiening vir die wysiging van geldwetsontwerpe in die Parlement, en vir norme en standaarde vir die wysiging van geldwetsontwerpe in provinsiale wetgewers.

### **(iii) Wet op Mandaatprosedures van Provinsies, Wet 52 van 2008**

Hierdie wet skryf 'n eenvormige prosedure vir provinsiale wetgewers voor om gesag te verleen aan hul afvaardigings om namens hulle in die NRVP te stem.

### **(iv) Wes-Kaapse Wet op Getuies, 2006**

Hierdie wet sit die prosedure uiteen waarmee getuies gedagvaar word om voor komitees of die Huis te verskyn.

### **(v) Wes-Kaapse Wet op Petisies, Wet 3 van 2006**

Hierdie wet maak voorsiening vir die publiek om petisies by die Provinsiale Parlement in te dien en vir die verwerking van petisies deur die Provinsiale Parlement.

### **(vi) Wes-Kaapse Wet op die Bevoegdheede en Voorregte van die Provinsiale Parlement, Wet 3 van 1995**

Hierdie Wet, soos gewysig, handel met die aanstelling van personeel en die vasstelling van vergoeding deur die Speaker.

### **(vii) Wet op die Bevoegdheede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wet 4 van 2004**

Hierdie wet beskryf die parlementêre ruimtes van die Parlement en die provinsiale wetgewers, en verwoord die bevoegdheede, voorregte en immuniteite van die Parlement en die provinsiale wetgewers.

### **(viii) Wet op 'n Gedragskode vir Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, Wet 3 van 2002**

Hierdie wet gee uitvoering aan artikel 27 van die Provinsiale Grondwet deur 'n gedragskode voor te skryf wat die gedrag van Lede van die Provinsiale Parlement beheer. Die Gedragskode vir Lede van die WKPP berus op hierdie wet.

### **(ix) Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, Wet 13 van 1998**

Hierdie wet skryf die gebruik van die drie amptelike tale van die provinsie, Afrikaans, Engels en Xhosa, deur die Provinsiale Parlement voor.

**(x) Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998**

Hierdie wet skryf 'n raamwerk voor vir die bepaling van salarisse en toelaes van openbare ampsbekleërs.

**(xi) Wet op die Bepaling van Afgevaardigdes (Nasionale Raad van Provinsies), 1998**

Hierdie wet maak voorsiening vir die bepaling van permanente en spesiale afgevaardigdes na die NRVP.

**(xii) Verkiesingswet, Wet 73 van 1998**

Hierdie wet skryf die verkiesing van die Nasionale Vergadering, provinsiale wetgewers en munisipale rade voor.

**(xi) Wet op die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, Wet 92 van 1997**

Hierdie wet skryf die stigting van 'n kommissie voor wat aanbevelings moet doen oor die salarisse, toelaes en voordele van openbare ampsbekleërs.

**(xii) Wet op Nasionale Raad van Provinsies (Vakatures onder vaste afgevaardigdes), Wet 69 van 1998**

Hierdie wet skryf aanstellings voor in vakatures onder vaste afgevaardigdes na die NRVP.

**(xiii) Wet op Nasionale Sleutelpunte, Wet 102 van 1980**

Hierdie wet skryf die identifikasie van nasionale sleutelpunte voor en vir die beveiliging van nasionale sleutelpunte. Die WKPP, geleë te Waalstraat 7, Kaapstad, is tot 'n nasionale sleutelpunt verklaar deur die Minister van Polisie, wat die wet van krag maak ten opsigte van die WKPP.

### **7.3 Regspraak**

Die volgende uitsprake verskaf inligting oor die interpretasie van die grondwetlike en statutêre mandate van die Provinsiale Parlement:

**(i) Sertifisering van die Grondwet van die Wes-Kaap 1997 [1997] ZACC 8, en Sertifisering van die Gewysigde Teks van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 [1997] ZACC 15**

**(ii) Dokters vir Lewe Internasionaal vs die Speaker van die Nasionale Vergadering en Andere (CCT 12/05)**

Hierdie uitspraak het gehandel met die interpretasie van artikel 118(1)(a) van die Grondwet, en 'n provinsiale wetgewer se plig om openbare deelname aan die wetgewende en ander prosesse van die provinsiale wetgewer moontlik te maak.

**(iii) Ex parte President van die Republiek van Suid-Afrika: Insake grondwetlikheid van die Drankwetsontwerp 2000 SA 732 CC**

Hierdie uitspraak het gehandel met die domein van Bylae 5- eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdhede in die konteks van die Grondwet se verdeling van wetgewende mag, veral die mate waarin nasionale wetgewing inbreuk mag maak op hierdie eksklusiewe provinsiale bevoegdhede.

**(iv) Lindiwe Mazibuko, LP, Leier van die Oposisie in die Nasionale Vergadering, vs Max Vuyisile Sisulu, MP, Speaker van die Nasionale Vergadering, en 'n Ander [2013] ZACC 28**

In hierdie saak het die Konstitusionele Hof beslis dat die reëls van 'n wetgewer uitvoering moet gee aan die regte en verpligtinge wat die Grondwet oplê, en voorsiening moet maak vir die handhawing van lede se grondwetlike regte in 'n wetgewer.

**(v) Mario Gaspare Oriani-Ambrosini, LP, vs Maxwell Vuyisile Sisulu, Speaker van die Nasionale Vergadering, ZACC 27 [2012]**

In hierdie uitspraak het die Konstitusionele Hof beslis dat 'n wetgewer nie die mag van 'n individuele (private) lid van daardie wetgewer mag beperk om wetgewing in daardie wetgewer in te dien nie.

**(vi) Mosiuoa Lekota en 'n Ander vs die Speaker van die Nasionale Vergadering en 'n Ander (Wes-Kaapse Hooggeregshof), saak nommer: 14641/12**

Hierdie uitspraak het betrekking gehad op, in die eerste plek, beperkings wat op lede se vryheid van spraak geplaas is deur die reëls van 'n wetgewer, en, in die tweede plek, die perke van geregtelike toesig oor wetgewers.

**(vii) Premier: Limpopo-provinsie vs die Speaker: Limpopo Provinsiale Wetgewer en Andere ZACC 25 [2011]**

Hierdie uitspraak het gehandel met die interpretasie van artikel 104 van die Grondwet in die konteks van die provinsiale wetgewer se vermoë om wette te maak oor die bestuur van hul eie finansiële sake, en tot die slotsom gekom dat die provinsiale wetgewers nie hierdie wetgewende bevoegdheid het nie.

**(viii) Stephen Segopotso Tongoane en Andere vs die Minister van Landbou en Grondsake en Andere CCT 100/09 [2010] ZACC 10**

Die uitspraak bevestig dat enige wetsontwerp wat die belange van die provinsies wesenlik raak, uitgevoer moet word ooreenkomstig die prosedure wat in artikel 76 van die Grondwet voorgeskryf word.

**(ix) Premier van die Provinsie van die Wes-Kaap en 'n Ander vs die Verkiesingskommissie en 'n Ander 1999 (11) BCLR 1209 CC**

In hierdie uitspraak het die Konstitusionele Hof bevind dat die provinsie die getal lede in sy provinsiale wetgewer in die Provinsiale Grondwet mag bepaal. 'n Provinsiale Grondwet mag 'n provinsie toelaat om bepaalde wetgewende strukture en prosedures voor te skryf sodat provinsies hul eie onderskeie wetgewers tot stand kan bring.

**(x) Die Speaker van die Nasionale Vergadering vs Patricia de Lille, LP, en 'n Ander (Appèlhof) saak nommer: 297/98**

Die hof het beslis dat vryheid van spraak in 'n wetgewer beperk mag word deur die reëls en orders van 'n wetgewer; mits die beperking verteenwoordigende en deelnemende demokrasie, aanspreeklikheid en openbare deelname behoorlik in ag neem.

**(xi) Ekonomiese Vryheidsvegters vs die Speaker van die Nasionale Vergadering en Andere CCT 143/15**

In hierdie geval het die Konstitusionele Hof bevind dat die strukture of maatreëls wat 'n wetgewer tref om toesig te hou oor uitvoerende staatsinstellings deur die wetgewer self vasgestel moet word, maar dat sulke maatreëls wesenlik en werklik op toesig moet neerkom.


**(xii) Demokratiese Alliansie vs die Speaker van die Nasionale Vergadering en Andere CCT 86/15**

In hierdie saak het die Konstitusionele Hof bevind dat artikel 11 van die Wet op die Magte, Privilegieë en Immunitete van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004, wat die inhegtenisneming van Lede gemagtig het wat oproerigheid in die Huis geskep of daaraan deelgeneem het, ongrondwetlik is. Die hof het ook bevind dat Lede se vryheid van spraak net beperk mag word deur die reëls en orders van 'n wetgewer.

**(xiii) Andries Molapi Tlouamma en Andere vs die Speaker van die Nasionale Vergadering en Andere  
(Wes-Kaapse Hooggeregshof) saak nommer: 3236/15**

In hierdie saak het die hof die grondwetlike en wetgewende raamwerk oorweeg waarin die wetgewers in Suid-Afrika werksaam is; die konsep van die skeiding van magte in verhoor geneem; die magte van die regbank ten opsigte van die beginsel van nie-inmenging deur ander staatsinstellings in parlementêre werksaamhede oorweeg; en die rol van die amp van die Speaker in Suid-Afrikaanse wetgewing ontleed.

8. Organisasiestruktuur: Uitvoerende gesag en topbestuur



# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



## DEEL B PRESTASIE-INLIGTING

---

Posbus 648, Kaapstad  
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town  
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa  
8000, Mzantsi Afrika

[www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)  
+27 21 487 1600



**Speaker, Adjunkspeaker, Sekretaris, Adjunksekretaris: Korporatiewe Dienste, Hoof- Finansiële Beampte, Waarnemende Adjunksekretaris: Prosedurele Dienste, Hoof- Parlementêre Beampte**

**1. Ouditeur-generaal se verslag: voorafbepaalde doelwitte**

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika voer tans sekere ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te lewer. Die ouditgevolgtrekking oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is ingesluit in die verslag aan die bestuur, met wesenlike bevindings gerapporteer onder die opskrif "voorafbepaalde doelwitte" in die verslag se afdeling oor ander wetlike en regulatoriese vereistes van die Ouditeur-generaal se verslag.

Verwys na bladsy 98 vir die verslag van die Ouditeur-generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële inligting.

**2 Oorsig van die WKPP se prestasie**

Die WFBPPW, Wet 10 van 2009, wat die finansiële bestuur van die Parlement en die provinsiale wetgewers reguleer en toesig hou oor die finansiële bestuur van die Parlement en die provinsiale wetgewers, het op 1 April 2015 van krag geword.

Sedert die implementering van die wet het die WKPP op bepaalde bekommernisse gelet aangaande die grondwetlikheid van bepaalde afdelings van die WFBPPW, Wet 10 van 2009.

**2.1 Diensleweringsomgewing**

Die WKPP is een van nege wetgewers wat tot stand gekom het kragtens Hoofstuk 6, artikel 104 tot 124 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Die WKPP ontleen sy magte en funksies aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, op die volgende manier:

Die kernfunksie van die administrasie van die WKPP is om steun aan sy Lede te verleen sodat hulle hul konstitusionele mandaat kan vervul. Om dit reg te kry, bestaan die administrasie uit drie programme en die vernaamste funksionele terreine is soos volg:

<b>Program</b>	<b>Hoof- funksionele terreine</b>
Program 1: Administrasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verrig funksies ingevolge relevante statutêre voorskrifte;</li> <li>• Lewer sekretariële en kantoorsteundienste aan voorsittende beamptes;</li> <li>• Stel beleid en operasionele beleide op en voer dit uit;</li> <li>• Stel norme en standaarde op in ooreenstemming met relevante wetgewing en praktyke;</li> <li>• Bestuur korporatiewe en prosedurele steundienste;</li> <li>• Lewer kommunikasie- en inligtingsdienste; regsondersteuning; finansiële bestuursdienste; voorsieningskanaalbestuursdienste; interne beheer, menslikehulpbronne- en Ledegeriewebestuursdienste; administratiewe en inligtingstegnologiesteundienste en sekerheid- en geriewebestuursdienste.</li> </ul>
Program 2: Geriewe en voordele aan Lede en politieke partye	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Betaling van ledegeld aan parlementêre en verwante verenigings; staatsbydraes tot die mediese fonds van voortgesette Lede; en inwerkingstelling van toelaes wat Lede vergoed vir uitgawes wat met amptelike reise, akkommodasie en telekommunikasie verband hou.</li> <li>• Bestuur die betaling van kiesafdelingtoelaes om politieke partye wat in die WKPP verteenwoordig word, in staat te stel om infrastruktuur in kiesafdelings te vestig en te onderhou wat die belange van kiesers dien; sekretariële toelaes wat politieke partye wat in die WKPP</li> </ul>

Program	Hoof- funksionele terreine
	<p>verteenwoordig word, in staat te stel om hul eie administratiewe infrastruktuur binne die distrikte van die WKPP te vestig en te onderhou; en voorwaardelike toelaes wat Lede in staat stel om programme binne hul kiesafdelings te reël in die belang van toesig, wetgewing en openbare deelname aan die WKPP.</p>
Program 3: Parlementêre dienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lewer doeltreffende prosedurele en verwante ondersteuning aan die Huis en komitees om toesig oor die provinsiale uitvoerende gesag en toerekenbaarheid moontlik te maak.</li> <li>• Verskaf openbare onderwysprogramme en administratiewe steun om openbare betrokkenheid in die wetgewende en ander prosesse van die WKPP moontlik te maak.</li> </ul>

### Program 1: Administrasie

In die jaar onder oorsig het die voortgesette implementering van die WFBPPW plaasgevind. Die WKPP het byna 100% nakoming van dié wet aangeteken.

Die jaarlikse finansiële state is in 2016/17 vir die tweede keer opgestel ooreenkomstig die standaard van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyke (AARP) soos wat in artikel 56(1) van die wet voorgeskryf word. In die afwesigheid van 'n stelsel wat aan AARP voldoen, het die WKPP weer eens sy finansiële state met die hand omgeskakel van 'n gewysigde kontantstandaard in aanwasrekeningkundige beginsels. Voortgaande opleiding en die oordrag van vaardighede aan Finansies-, Voorsieningskanaal- en Menslikehulpbronne-amptenare het plaasgevind.

In sy poging om stelsels aan AARP te laat voldoen, het die WKPP begin met die verkryging van 'n Ondernemingshulpbronbeplanning (OHB)-stelsel. 'n OHB-stelsel (Sage X3) is aangeskaf met 'n implementeringvennoot. Die implementering van die stelsel het langer geduur as wat verwag is en die WKPP moes die aktiveringsdatum van 1 April 2017 tot 1 Oktober 2017 uitstel.

Die WKPP het steeds die dienste van die Departement van die Premier gebruik ten opsigte van sy interne ouditfunksie. In die verslagdoeningtydperk het Interne Oudit vier verslae gelewer.

Die risikobestuursfunksie is volledig tot stand gebring en word tans verrig vanuit die Kantoor van die Sekretaris. In die tydperk onder oorsig het die WKPP die goedgekeurde Ondernemingsrisikobestuur (ORB)-raamwerk (beleid, strategie en plan) geïmplementeer. Die ORB-strategie en -plan vir die 2016/17-boekjaar, wat kwartaallikse risiko-assesserings (strategies, operasioneel en op projekvlak), 'n risikobestuursopleiding-en-bewustheidsprogram en gereelde verslagdoening aan interne en eksterne toesigliggame behels het, is ontwerp om die bekwaamheid van ons risikobestuursinisiatiewe deurlopend te toets. Die ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBKO) hou kwartaallikse interne toesig oor die ORB-funksie om te verseker dat dit voldoen aan die voorskrifte van die ORB-strategie en -plan. Voorts het die groep-ouditkomitee vir bestuur en administrasie onafhanklik toesig gehou oor die ORB-strategie en -plan vir die 2016/17-boekjaar.

Die kwessie van die WKPP se uitdagings ten opsigte van akkommodasie is al baie jare lank 'n besprekingspunt. Die uitdagings ten opsigte van akkommodasie behels beperkte fisiese spasie vir die administrasie en Lede, beperkte sitplek in die openbare galery, gedeelde ingange, sekerheid, onduidelike parlementêre ruimtes en gebrekkige beheer oor gebouekwessies, waaronder onderhoud, parking, sekerheid en toegang.

In navolging van 'n opdrag van die Reëlskomitee het die Sekretaris van die WKPP en die hoof van die Departement van Vervoer en Openbare Werke opdrag gekry om oplossings vir die WKPP se akkommodasie-uitdagings te ondersoek en voor te stel. 'n Taakspan is gevorm om die kwessie verder

te voer. Na verwagting sal voorstelle van die Sekretaris deur die Reëlskomitee in die 2017/18-boekjaar afgehandel word.

Blouasbes is in sekere dele van die gebou opgespoor. 'n Geakkrediteerde diensverskaffer het die asbes in opdrag van die Departement van Vervoer en Openbare Werke verwyder. Nadat dit afgehandel is, is alle plekke veilig vir gebruik verklaar. Gevolglik kon die WKPP die Stand van die Provinsie-toespraak in die Raadsaal by Waalstraat aanbied.

Wat sekerheid betref, is 'n standaardwerkwyse vir toesigbesoeke op 29 September 2016 goedgekeur. Die afdeling vir sekerheid en geriewebestuur en die komiteesafdeling hou beplanningsvergaderings voor 'n toesigbesoek. Altesame 17 geslaagde toesigbesoeke is gebring.

Uitdagings weens kapasiteitsbeperkings word steeds ervaar. Daar is 'n behoefte om sekerheid te hersien, veral nadat oortredings van sekerheid by die nasionale Parlement en ander parlemente aangemeld is, en 'n versteuring in die openbare galery in Februarie 2017 tot onderbrekings van verrigtinge gelei het.

Prestasiebestuur word in die WKPP met 'n hiërargiese, hersienbare proses gedoen, waarvolgens senior bestuurders prestasie-inligting en die gepaardgaande bewysdokumente verifieer en afteken. Op afdelingsvlak word die jaarlikse prestasieplan se teikens en ampsaktiwiteite deur die bedryfsplanne van bestuurders vervat en deur die betrokke senior bestuurders gemoniteer.

Sedert die 2014/15-boekjaar het die WKPP 'n jaarlikse opname gedoen om hul kliënte, Lede en personeel se tevredenheidsvlak met die steundienste te bepaal wat hulle van die administrasie ontvang. Sedert die 2015/16-boekjaar het die WKPP ook 'n opnameverbeteringsplan opgestel en geïmplementeer om aandag te gee aan die behoeftes wat in die opname geïdentifiseer is.

In 2016/17 was die Lede se beantwoordingkoers nie goed nie, en net twee ingevulde vraelyste is teruggestuur aan die kantoor van die sekretaris. Ten opsigte van die personeelopname is 96 vraelyste uitgestuur en 67 ingevulde vraelyste is deur die kantoor van die sekretaris ontvang. Die uitslag van hierdie peiling het daarop gedui dat 76% van die personeel 'n gunstige algemene gemiddelde telling van "goed" of beter aangeteken het vir die gehalte van die steundiens wat hulle ontvang het. Hierdie telling was egter laer as die beoogde telling van 80%.

Individuele prestasie word gelei deur 'n prestasie-ooreenkoms waarvoor ooreengekom word en wat deur die werkgewer en toesighouer afgeteken word. Prestasie word kwartaalliks ten opsigte van die prestasie-ooreenkoms geassesseer.

Die Parlementêre Toesigkomitee het steeds die prestasie en finansiële bestuur van die WKPP gemoniteer.

### **Program 2: Geriewe vir Lede en politieke partye**

Die WKPP benut die transversale stelsels van die Nasionale Tesourie. Die stelsels stel egter nie die Ledesake-afdeling in staat om betalings te doen as die eise ingedien word nie. Dit het 'n impak op die vermoë van die sekretaris om diens van die gewenste gehalte te lewer. Die negatiewe uitwerking op Lede is ook frustrerend en ontmoedig hulle om kiesafdelingwerk te doen. Die WKPP is egter tans besig om 'n geïntegreerde finansierings-, menslikehulpbronne- en verkrygingstelsel aan te skaf wat aandag aan hierdie uitdaging sal gee.

Die WKPP se program was die afgelope twee jaar ongelooflik druk, wat 'n uitdaging aan die Ledesakeafdeling stel om dienste buiten administratiewe funksies aan Lede te lewer. Daar word gepoog om dienste te verbeter deur gesondheidsdae aan te bied en 'n opleidingsprogram word vir Lede opgestel.

Formele akademiese opleiding word deur die Steundienste van die Wetgewende Sektor (SWS) gereël en gefinansier. Baie min van die WKPP se Lede neem steeds aan hierdie program deel.

In die algemeen vaar Lede uitstekend met die indiening van al die relevante dokumente en bewyse van hul eise, met die gevolg dat die verwerking van eise uiters geslaagd is. Die bespoediging van eise het ook 'n positiewe uitwerking op Lede.

### **Program 3: Steundienste vir Raadswerksaamhede**

In die oorsigtydperk is wetgewende en toesigbedrywighede 'n bietjie ontwrig deur twee voorvalle, naamlik die veldtog vir die verkiesing van die plaaslike bestuur en die uitdiensstelling van die Raadsaal vir gereelde sittings van die Huis nadat asbes in die omgewing opgespoor en verwyder is. Hoewel dit 'n negatiewe uitwerking kon gehad het op die vermoë van die Huis om so gereeld soos in ander jare te vergader, is die probleme uitgestryk deur 'n gekoördineerde poging deur alle belanghebbendes in die Provinsiale Parlement om alternatiewe akkommodasie te bekom en te gebruik, en deur gereelde hersienings van die parlementêre program deur die programowerheid om verlore tyd in te haal.

Ongeag hierdie geringe ongerief en die nodige aanpassings wat gedoen moes word, is al 23 gesamentlike vergaderings wat in hierdie tydperk belê is, van seepgladde administratiewe ondersteuning voorsien. Steundienste is vir al die gesamentlike vergaderings gelewer, waaronder die bereiding van die betrokke Huisdokumente, die opstelling van roetinegidse, en prosedurele advies soos versoek. Die prosedurele ondersteuningsuitsette het ingesluit vier kwartaallike verslae; die opstelling, produksie en verspreiding van 194 Huisdokumente; en die bereiding van 23 prosedurele gidse vir voorsittende beamptes. Die gehalte van alle prosedurele uitsette is deur die bestuur verseker.

Ten opsigte van prosedurele advies is altesame 68 gevalle en/of vorme van prosedurele advies aan voorsittende beamptes en Lede gelewer, hoofsaaklik volgens die standaardvereiste of in antwoord op versoeke. Dit het ingesluit weloorwoë uitsprake wat vir die voorsittende beamptes berei is; aangetekende advies oor prosedurele kwessies wat volgens die roetine aan voorsittende beamptes gelewer is; en advies en leiding oor prosedurele kwessies wat volgens die roetine aan Lede gelewer is, of in vergaderings van interne komitees.

Die Huis het altesame 241 verskillende soorte Huisbeskrywingspunte wat in hierdie tydperk aanvaar is, binne die voorgeskrewe 15-dae-tydraamwerk aan derde partye oorgedra.

In die tydperk onder oorsig het die Huis vir 23 sittings vergader, wat 70 uur en 30 minute van debattering en beraadslaging verteenwoordig. Die tabel hier onder weerspieël verskillende aktiwiteite van die Huis en statistiese inligting oor sekere van die uitsette wat met ondersteuning vir Raadswerksaamhededienste verband hou.

<b>Aktiwiteit</b>	<b>Totaal</b>
Interpellasies gedebatteer	17
Vrae vir mondelinge beantwoording verwerk	108
Vrae vir skriftelike beantwoording verwerk	165
Geleenthede vir vrae aan die Premier sonder kennisgewing	4
Onderwerpe vir bespreking deur debattering	5

Sake van dringende openbare belang gedebatteer	1
Publikasie van aankondigings, tertafelleggings en komiteeverslae (ATK's)	93

Altesame drie wetsontwerpe is in hierdie tydperk in die Provinsiale Parlement ingedien, en vier is werklik afgehandel en as wette aanvaar.

In hierdie tydperk het die komitees van die WKPP steeds aan die werk gebly en hul toesig- en wetgewende funksie so doeltreffend moontlik uitgevoer met die toegewyde ondersteuning van die Komiteesafdeling se span in samewerking met die ander interne administratiewe steundienste. Die Komiteesafdeling kon verseker dat al die komitees bygestaan is om hul beplande toesig- en wetgewende aktiwiteite te verrig ter nakoming van die parlementêre program, en om te reageer op die stukke wetgewing en ander sake wat uit die NRVP voortgekom het. As kernbedrywighede van die parlementêre program kon die komitees geslaagde oorleg pleeg en aan die Huis verslag doen oor die departementele jaarverslae, die aansuiweringsbegroting en die hoofbegroting. Ander provinsiale wetsontwerpe wat bespreek en in hierdie tydperk afgehandel is, sluit in die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Rade en Komitees vir Gesondheidsfasiliteite en die Wes-Kaapse Drankwysigingswetsontwerp. Voorts het staande komitees vier NRVP-wetsontwerpe oorweeg en verwerk. Daar was substantiewe betrokkenhede met die publiek en ander belangstellende belanghebbendes in die oorweging van hierdie wetsontwerpe. Die komitees is ook in staat gestel om 'n aantal toesigbesoeke te bring en verslag te doen oor verskillende diensleweringsterreine en -projekte. Al hierdie wetgewende en toesigbedrywighede is moontlik gemaak danksy doeltreffende beplanning en samewerking van verskillende steundienste. Dié samewerking het prosedurele en regsadviesdienste ingesluit, navorsingshulp met inhoudsontleding, en openbare betrokkenheid by komiteeprosesse, wat deur die afdeling vir openbare opvoeding en uitreik gefasiliteer is.

Die tabel hier onder vermeld besonderhede van die bedrywighede van staande komitees vir die 2016/17-boekjaar, en sluit die volgende komitees uit: Reëlskomitee, Voorsittersforum, Gedragskomitee en Tugkomitee.

<b>Aktiwiteit</b>	<b>Totaal</b>
Getal komiteevergaderings gehou	236
Getal openbare verhore gehou	74
Getal toesigbesoeke onderneem	17
Getal groepbesoeke onderneem	2

Navorsingstukke is voorsien om die lede van staande komitees te steun in verband met reaktiewe, deurlopende, sikliese en proaktiewe navorsingsdienste. Altesame 50 navorsingsuitsette is in die verslagtydperk verskaf, waaronder 9 reaktiewe, 4 sikliese en 47 proaktiewe verslae.

In hierdie tydperk is die WKPP se beleid vir toesig en toerekenbaarheid deur die Uitvoerende Owerheid goedgekeur en, met die oog op die 2017/18-tydperk, sal stappe gedoen word om die voorlegging, oorweging en verslagdoening deur komitees te standaardiseer en te formaliseer vir kwartaallikse departementele verslae ten einde die injaarmonitering van departementele prestasie te verbeter.

Die hersiening van die Staande Reëls kon nie in die afgelope jaar afgehandel word nie en sal in die 2017/18-tydperk hervat moet word.

Met behulp van die afdeling vir openbare opvoeding en uitreik het die WKPP steeds volgens sy mandaat resultate behaal om openbare opvoeding te bevorder en openbare betrokkenheid by al sy bedrywighede te verseker.

Wat openbare deelname aan al die bogenoemde wetgewende en toesigprosesse betref, het die WKPP steeds sy mandaat nagekom om die publiek te betrek by voorafverhore oor wetgewende opvoedingsinisiatiewe en deur betrokkenheid by die eintlike verhore moontlik te maak. Die afdeling vir openbare opvoeding en uitreik het nou met die komiteesafdeling en ander steundienste saamgewerk om die staande komitees te steun deur opvoedingwerkwinkels te hou, wat gemik was op die begrotingproses, die jaarlikse verslagdoeningproses en om die petisieproses te steun.

In hierdie tydperk is altesame 91 wetgewende opvoedingsinisiatiewe met skole, tersiêre instellings, wykkomitees en spesifieke sektorgeleenthede met die jeug en vroue geïmplementeer tydens die programme vir 16 Dae van Aktiwisme en MIV-en-vigsbewusmaking. Die WKPP het die nasionale Jeugparlement en Vroueparlement onderskeidelik in Junie en Augustus aktief ondersteun. Die OOU-afdeling het sedert Oktober 'n multidissiplinêre span gekoördineer, wat op die geleentheid vir openbare verhore op 5 en 6 Desember 2016 uitgeloop het. Dit was om openbare bewustheid en betrokkenheid regoor die provinsie in die werk van 'n hoëvlakpaneel te fasiliteer, wat opdrag gekry het om die impak van kernwetgewing te assesser wat sedert 1994 uitgevaardig is. Dié proses is suksesvol geïmplementeer, en meer as 800 afgevaardigdes van regoor die provinsie het die geleentheid bygewoon. Die tabel hier onder gee verskillende openbare-opvoedingsinisiatiewe weer wat in die tydperk onder oorsig aangevoer en ondersteun is.

<b>Openbare opvoedingsaktiwiteit</b>	<b>Totaal</b>
Getal wetgewende opvoedingswerkwinkels en inligtingsessies gehou om ander geleenthede te ondersteun	67
Getal openbare verhore ondersteun en werkwinkels vir voorligting oor petisies gehou	17
Spesiale wetgewende opvoedingsprogramme van die WKPP ter ondersteuning van die begrotingskomitee en Skoor; oor die begrotingsiklus (1) en jaarverslae (2)	3
Getal geleenthede van die Nasionale Parlement of die wetgewende sektor wat ondersteun of geïmplementeer is (openbare verhore van Jeugparlement, Vroueparlement en hoëvlakpaneel oor twee dae)	4

Die WKPP se strategie vir openbare deelname is in Februarie 2017 deur die Uitvoerende Owerheid goedgekeur. Die strategie stippel 'n verskeidenheid intervensies en meganismes uit wat geïmplementeer moet word ten einde deelname aan die wetgewende prosesse van die WKPP te vergroot en uit te brei. Dit moet ook platforms vir bespreking skep en konsensus bou oor uitdagings waarmee die provinsie te kampe het. Die strategie sal geleidelik op grond van prioritering geïmplementeer word, met inagneming van die beskikbare hulpbronne en kapasiteite.

Hansard-dienste het die opname, transkripsie en publikasie van stellig al die onhersiene en finaal hersiene oorkondes van die verrigtinge vir al 23 sittings van die Huis suksesvol binne die voorgeskrewe tydramwerke verseker soos wat dit in die Diensvlakooreenkoms (DVO) uiteengesit word. Altesame 10 Hansard-boeke (volume 13 van die tweede sitting; en volumes 1 tot 6 van die derde sitting; en volume 1 van die vierde sitting) is in dié tydperk afgehandel en gepubliseer.

Wat Taaldienste betref, is 208 uit altesame 210 Huisdokumente wat in dié tydperk gepubliseer is, vertaal sodat dit met publikasie in al drie amptelike tale beskikbaar is. Dié getal behels Hansard-transkripsies wat vertalings in Engels van die Xhosa- en Afrikaanse toesprake insluit. Tolkdienste is vir die gekombineerde 198 sittings van die Huis en bevestigde komiteevergaderings gelewer. Ten einde verbeterings in die gehalte en standaardisering van taalgebruik moontlik te maak, is handleidings met

riglyne opgestel en ander naslaandokumente bygewerk vir gebruik deur praktisyns wat vir die WKPP werk en taaldienste lewer. Dié publikasies sluit in skryfstylgidse in sowel Afrikaans as Engels; 'n tweetalige terminologielys; 'n tweetalige lys van nasionale wetgewing; 'n drietalige lys van provinsiale wette; en 'n etiese en gedragskode vir tolke.

## **2.2 Organisasoriese omgewing**

Die Sekretaris en personeel van die WKPP word aangestel ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Voorregte en Immuniteite van Raadslede, Wet 3 van 1995.

Die personeelsterkte van die WKPP is oor die afgelope boekjaar verminder. Twee werknemers het deur die jaar afgetree. Werwing en keuring het egter glad verloop met vyf aanstellings deur die jaar.

Dr Gilbert Lawrence se kontrak is verleng, en hy sal tot 31 Maart 2018 as Uitvoerende Hoofbeampte en Rekenpligtige Beampte van die WKPP aanbly. Mnr Tshepiso Nage sit sy diens as die Adjunksekretaris: Proseduredienste voort omdat die pos in die 2016/17-boekjaar vakant gebly het.

Die WKPP hersien tans hul organisasiestruktuur en dié proses sal in die 2017/18-boekjaar afgehandel word.

## **3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte**

Die twee strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte en die vordering wat in die eerste jaar in die behaling van die vyfjaarteikens behaal is, is soos volg:

### ***Doelwit 1: Om doeltreffende prosedurele en verwante ondersteuning aan Lede, Komitees en die Huis te lewer om wette op te stel, toesig te hou en openbare betrokkenheid moontlik te maak***

Die bogenoemde strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit hou met Program 3: Parlementêre dienste verband. Kernfaktore wat bydra tot die doeltreffendheid en werkverrigting van 'n parlement in die uitvoering van sy mandaat is die doeltreffendheid van die administrasie en lewering van proseduredienste. Raadswerksaamhede het dienste aan Lede, komitees en die Huis ingestel en steeds daarop verbeter in die drie jaar sedert die implementering van hul handleidings vir standaardwerkprosedure. Hulle het ook steeds koördinasiepogings regdeur die verskillende funksionele eenhede van die WKPP verbeter deur verskillende inisiatiewe vir wetgewende, toesighoudende en openbare betrokkenheid te implementeer. Die jaar-tot-jaar-nakoming van hul handleidings vir standaardwerkprosedure het ook verbeter. Aan die einde van die oorsigtydperk was die nakoming 99,52%.

Ondersteuning vir Raadswerksaamhede het steeds verseker dat die WKPP in staat is om oorleg te pleeg en ingeligte en prosedureel gegronde besluite te neem deur prosedurehandleidings en prosedurele aantekeninge vir voorsittende beamptes op te stel. Prosedurele advies is ook tydens vergaderings van die Programmeringsowerheid en tydens sittings van die Huis aan voorsittende beamptes gelewer deur die elektroniese Lync-stelsel te gebruik.

Die afdeling vir ondersteuning van Raadswerksaamhede het steeds parlementstukke opgestel, uitgegee en uitgedeel. Dit het ordelyste, vraestelle, notules van verrigtinge, wette en wetsontwerpe tydens die oorsigjaar ingesluit.

Die Komitee-afdeling het steeds doeltreffende steun aan Lede gelewer in die uitvoering van hul konstitusionele mandaat om wetgewing op te stel en toesig te hou oor die uitoefening van die provinsiale Uitvoerende Owerheid se werksaamhede, en om rekenskap van hulle te vra. In die oorsigtydperk is 83 komiteeverslae opgestel en nege navorsingsversoeke is afgehandel.

Ten einde openbare deelname en opvoeding uit te brei, het die afdeling vir openbare opvoeding en uitreik nuwe opvoedingstukke opgestel oor *Begryp die Parlementêre Toesigsiklus* en 'n inligtingstuk oor die *Toesighoudende rol van die WKPP se Staande Komitees*. Om te verseker dat bestaande opvoedingsdokumente steeds verbeter word, het die afdeling hul huidige oudiovisuele opvoedingstukke verbeter, asook die inligtingstuk oor die proses van die jaarverslag. Die afdeling het ook 91 opvoedingsinisiatiewe in die 2016/17-boekjaar gefasiliteer om betekenisvolle betrokkenheid moontlik te maak en deelname aan die wetgewende en ander prosesse van die WKPP te bevorder.

Hansard en die Taaldiens het steeds tolk- en vertalingsdienste in die verslagtydperk gelewer. Om te verseker dat die gehalte van tolk- en vertalingsdienste altyd van hoogstaande gehalte is, het hulle steeds dié dienste aan eksterne gehalte-assessering onderwerp en die aanbevelings uitgevoer om die aangeduide gebreke reg te stel. Kwartaallikse vergaderings is deurlopend met die Hansard-diensverskaffer gehou om te verseker dat die diensvlakke behoorlik gemoniteer word, en dat die gehalte van die uitsette aan die voorskrifte van die Diensvlakooreenkoms voldoen.



***Doelwit 2: Om gesonde bestuur te bevorder en strategiese en korporatiewe ondersteuning te verbeter***

Die bogenoemde strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit hou verband met Program 1: Administrasie en Program 2: Geriewe vir Lede en politieke partye.

Die Kantoor van die Speaker het steeds meganismes in werking gestel om gemandateerde werksaamhede te verbeter, en daarmee aandag gegee aan die Ouditeur-generaal se bekommernisse dat geen meganismes in werking gestel is om die prestasie van die WKPP ten opsigte van toesighouding en monitering, die opstelling van wetgewing en openbare deelname te bepaal en te rapporteer nie. In 2015/16 het die Uitvoerende Owerheid die Reglemente van Orde goedgekeur en hersien, wat aan die politieke partye voorgelê is vir hul aandag en inset. In die verslagjaar het die Uitvoerende Owerheid die Strategie vir Openbare Deelname en die Beleid oor Toesig en Toerekenbaarheid goedgekeur. In die tweede jaar van nakoming van die WFBPPW het die WKPP weer eens 95% nakoming behaal ten opsigte van die Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede en 100% ten opsigte van die Uitvoerende Owerheid se verantwoordelikheid ten opsigte van die aangewese nakomingsaanwysers. Die afwyking van die 100% hou verband met die indiening van maandelikse finansiële state by die Uitvoerende Owerheid, wat ontvang is ná die voorgeskrewe nakomingsdatum van die 15de van elke maand.

In die 2016/17-boekjaar het die WKPP 'n opname oor die steundienste wat van die administrasie ontvang is onder Lede en personeel gedoen. Ten opsigte van die personeel het 76% van die personeellede uit die 67 vraelyste wat ontvang is, die administrasie as “goed” of beter beoordeel vir die steundienste wat hulle ontvang het. Dit is 'n afwyking van vier persentasiepunte van die beplande teiken van 80%. Om dit uit te stryk, is 'n steundiensverbeteringsplan in werking gestel om te vergoed vir die gebreke wat in die verslag geïdentifiseer is.

Die regsdiens-eenheid het steeds regsondersteuning aan die administrasie, komitees en die Kantoor van die Speaker gelever. Die eenheid het ook hul prestasiebestuursraamwerk vir regsdiens in die verslagtydperk hersien.

Die WKPP het gevorder met die implementering van die OHB-stelsel, wat behels die konfigurasie van die stelsel; die opruiming en migrasie van data; en die aftekening van die Gebruikersaanvaardingtoetsing: Finansiële en Menslike Hulpbronne. Opleiding in AARP-vereistes het ook begin. Formele opleidingsessies wat vir die vroeë deel van die 2016/17-boekjaar beplan was, is voorlopig uitgestel om voorkeur aan die AARP en opleiding in rekeningkunde te gee ten einde gereed te maak vir die implementering van die OHB-stelsel. Verskillende prosesse vir veranderingbestuur is met Finansies, Menslike Hulpbronne, Inligtingstegnologie en Inligting-en-kommunikasietegnologie geïmplementeer vir die inwerkingstelling van die OHB-stelsel.

Beduidende vordering is behaal met die bekendmaking van WKPP-bedrywighede aan die publiek. Webtuistesessies het met 10% verbeter, en twiëts en Facebook-opdaterings het met 35% vanaf die vorige jaar se basislyn toegeneem.

Die afdeling vir inligting-en-kommunikasietegnologie het met 15% verbeter ten opsigte van diensleweringnorme wat die diensvlakoooreenkoms betref. Hulle het ook verseker dat alle inligtingstegnologie-infrastruktuurdiens vir 98,5% van die verslagtydperk beskikbaar was.

Sekerheid en Geriewebestuur het twee sekerheidsinisiatiewe uitgevoer, naamlik 'n brandoefening en 'n sekerheidsbewustheidprogram vir die WKPP. In die verslagtydperk het hulle ook die blouasbes- en branduiteensettingprojek ooreenkomstig hul Geriewebestuurprogram afgehandel.

In die verslagtydperk het elektroniese eise wat Lede ingedien het toegeneem, wat in die verslagtydperk altesame 18 beloop het. Die WKPP het al die opleidingsprogramme afgehandel wat vir Lede beplan is en alle oorbetalings is verwerk binne sewe dae van die ontvangs van die nodige dokumente ooreenkomstig die handleiding oor Ledegeriewe.

Projek Groei is regdeur die boekjaar voortgesit, met die module wat op leierskapvaardighede en dinkvaardighede gefokus het. Die modules het almal gebou op die grondslag van die vorige module, en sodoende die idee van 'n reis na individuele doeltreffendheid eerder as inmenging tuisgebring. In November 2016 het terugvoeringgroepe aangetoon dat 92% van die werknemers die program geniet het, 86% het aangedui dit het 'n positiewe uitwerking op hul werk gehad, en 84% het aangedui dit het hulle in hul breër lewe bevoordeel.

**4. Prestasie-inligting volgens program**

**4.1 Program 1: Administrasie**

**4.1.1 Doel**

Die doel van hierdie program is die strategiese bestuur van die instelling en om gehalte- korporatiewe ondersteuningsdienste aan die WKPP te lewer.

**4.1.2 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte; subprogramme en strategiese doelwitte en prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte**

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	Subprogramme		Strategiese doelwitte	Prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte
Om gesonde bestuur te bevorder en strategiese en korporatiewe ondersteuning te verbeter	1.1	Kantoor van die Speaker	Om gesonde bestuur uit te brei deur strukture, prosesse en prosedures volgens wetgewing en relevante riglyne te skep	Jaar-tot-jaar-instelling van meganismes om gemandateerde funksies te monitor
	1.2	Kantoor van die Sekretaris		Om dienste aan belanghebbendes te verbeter deur strategiese ondersteuning te lewer en deur naatlose en sinergistiese korporatiewe en parlementêre prosesse en stelsels te implementeer
		• Risikobestuur	Jaar-tot-jaar-verbetering van organisatoriese doeltreffendheid en bekwaamheid	
		• Kantoor van die Sekretaris		
		• Kommunikasie en inligting		
		• Biblioteek	Skoon oudit-uitkoms	
	1.3	Finansies		
	1.4	Bestuur van Voorsieningskanaal	Modernisering en integrasie van bestuur van menslike hulpbronne	
	1.5	Interne beheer		
1.6	Menslike hulpbronne	Opwaartse verandering in die vermoëvolwaardigheidsvlak van jaar tot jaar gegrond op die COBIT-volwaardigheidsmodel		
1.7	Inligtingtegnologie			
1.8	Sekerheid en geriewebestuur	Jaar-tot-jaar-verbetering van organisatoriese doeltreffendheid en bekwaamheid		

**4.1.3 Prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies**

***Prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte***

<b>Prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Beplande teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor of redes vir afwykings</b>
Skep jaar-tot-jaar-meganismes om gemandateerde funksies te monitor	<b>Behaal:</b> Een meganisme ingestel om gemandateerde funksies te monitor.  Ordereëls hersien en uitgedeel aan politieke partye.	Skep jaar-tot-jaar-meganismes om gemandateerde funksies te monitor	<b>Behaal:</b> Twee opdragte, naamlik die Strategie vir Openbare Deelname en die Toesig- en Toerekenbaarheidbeleid is goedgekeur deur die Speaker.		
Jaar-tot-jaar-verbetering van organisatoriese doeltreffendheid en bekwaamheid	<b>Behaal:</b> In die jaarlikse peiling het gemiddeld 79% van kliënte of belanghebbende respondente 3 punte ("Goed") of beter toegeken vir steundienste ontvang van die administrasie.  Gemiddeld 80% van Lede (13 antwoorde) en 79% van personeel (64 antwoorde) het die diens wat hulle ontvang het as "Goed" of beter beoordeel.	Jaar-tot-jaar-verbetering van organisatoriese doeltreffendheid en bekwaamheid	<b>Nie behaal nie:</b> In die personeelpeiling het gemiddeld 76% van kliënte of belanghebbende respondente 3 ("Goed") of beter toegeken vir steundienste ontvang van die administrasie.	<b>Afwyking:</b> 4% Ten opsigte van die personeelpeiling is 96 vraelyste uitgedeel en 67 ingevulde vraelyste is ingelewer. Die peiling onder Lede kon nie afgehandel word nie omdat net twee ingevulde vraelyste ingelewer is.	Ses eenhede het in die 2016/17-peiling swakker gevaar vergeleke met die 2015/16-peiling.
Skoon oudit-uitkoms	<b>Behaal:</b> Skoon oudit-uitkoms vir 2015/16.	Skoon oudit-uitkoms	<b>Behaal:</b> Skoon oudit-uitkoms vir 2016/17.		
Modernisering en integrasie van bestuur van menslike hulpbronne	<b>Nie behaal nie:</b> Daar was geen styging van die basislyn van waardetoevoegingsdienste gelewer nie en geen MH-prosesse is gedigitaliseer nie.	Modernisering en integrasie van bestuur van menslike hulpbronne	<b>Behaal:</b> Ten opsigte van tegnologie het die OHB-implementeringproses begin. Dienste wat waarde toevoeg is vermeerder en Projek Groei is byna afgehandel.		
Opwaartse verandering in die jaar-tot-jaar-vermoë-volwaardigheidsvlak gebaseer op die COBIT-volwaardigheidsmodel	<b>Behaal:</b> 2: Herhaalbaar, maar intuïtief.	2,5: Sommige omskrewende prosesse in werking gestel	<b>Behaal:</b> 2,5: Sommige omskrewende prosesse in werking gestel.		

***Die beduidende prestasie of prestasies van hierdie program is soos volg:***

Die jaarlikse oudit deur die Ouditeur-generaal het uitgeloop op 'n skoon oudit-uitkoms vir ons tweede stel jaarlikse finansiële state wat aan AARP voldoen het. Dit is 'n aansienlike prestasie, aangesien die huidige stelsels wat gebruik is, nie verslag gelewer het wat voldoen aan aangroeiing- rekeningkundige

beginsels nie en nie voldoen aan die vereistes van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) nie.

Die opsporing van blouasbes op die sesde verdieping het daartoe gelei dat die Kamer, kombuis, eetplek en die vergaderplek, Caab de Goede Hoop, gesluit is. Reëlins is vervolgens getref om die kamer by Waalstraat 44 as 'n alternatiewe lokaal vir parlementêre vergaderings te gebruik. Die diensoorgang was nou wel logisties moeilik, maar het soomloos geblyk te wees, en is so deur Lede en personeel ervaar.

Die WKPP het die aanskaffing van die OHB-stelsel afgehandel in die 2016/17-boekjaar en die inwerkingstelling daarvan het begin in die laaste deel van die 2016/17-boekjaar.

**Prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies**

**4.1.3.1 Subprogram: Kantoor van die Speaker**

- Die doel van die subprogram is:
  - om beleid op te stel en uit te voer ten opsigte van die administrasie en bestuur van die WKPP;
  - om funksies ten opsigte van relevante statutêre voorskrifte te vervul; en
  - om sekretariële en kantoorondersteuningsdienste aan voorsittende beamptes te lewer.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie nakoming van wetgewende verpligtinge en relevante oorgangsmatreëls ingevolge die WFBPPW (Uitvoerende Owerheid), teen voorgeskrewe sperdatum	<b>Behaal:</b> 100% nakoming van al 19 geïdentifiseerde nakomingsaanwysers	100%	<b>Behaal:</b> 100% nakoming van al 19 geïdentifiseerde nakomingsaanwysers		
Getal riglyne goedgekeur ten opsigte van toesig, wetgewing en openbare deelname	<b>Behaal:</b> Een riglyn (Staande orders) goedgekeur deur die Speaker en uitgedeel aan politieke partye.	2	<b>Behaal:</b> Twee riglyne wat deur die Speaker goedgekeur is: Strategie vir Openbare Deelname en Toesig- en Verantwoordelike-beleid.		

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebly nie.

**Subprogrambesteding**

Kantoor van die Speaker	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Totaal	5 206	4 404	802	4 928	4 536	392

**4.1.3.2 Subprogram: Kantoor van die Sekretaris**

Die doel van die subprogram is soos volg:

- om operasionele beleide op te stel en norme en standaarde vas te stel ter nakoming van relevante wetgewing en praktyke;
- om korporatiewe en prosedurele ondersteuningsdienste te bestuur;
- om regsondersteuningsdienste aan die administrasie en komitees te lewer; en
- om kommunikasie- en inligtingsdienste te voorsien.

<b>Kantoor van die Sekretaris</b>					
<b>Prestasie-aanwyser</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Beplande teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17</b>	<b>Kommentaar op of redes vir afwykings</b>
Gemiddelde persentasie van respondente in opname onder kliënte of belanghebbendes wat 3 en meer toeken vir ondersteuningsdienste ontvang	<b>Behaal:</b> In die jaarlikse opname het gemiddeld 79% van kliënte of belanghebbende respondente 3 (goed) of meer toegeken vir ondersteuning.	80%	<b>Behaal:</b> In die jaarlikse opname het gemiddeld 76% van kliënte of belanghebbende respondente 3 (goed) of meer toegeken vir ondersteuningsdienste ontvang van die administrasie.	<b>Afwyking: 4%</b> Ten opsigte van die personeelpeiling is 96 vraelyste uitgedeel en 67 ingevulde vraelyste is teruggegee. Die peiling ten opsigte van Lede kon nie afgehandel word nie omdat net twee ingevulde vraelyste teruggegee is.	Ses eenhede het laer punte gekry in die 2016/17-peiling vergelede met die 2015/16-peiling.
Getal verbeteringsplanne vir ondersteuningsdienste geïmplementeer wat gapings in dienslewering aanspreek	<b>Nie behaal nie:</b> Verbeteringsplan vir steundienste opgestel, maar nie al die voorgestelde aksieplanne is uitgevoer nie.	1	<b>Behaal:</b> Steundienste-verbeteringsplan uitgevoer.		
Persentasie van teikens volgens JPP behaal	<b>Nie behaal nie:</b> 80% van teikens behaal.	99%	<b>Nie behaal nie:</b> 88% van teikens behaal.	<b>Afwyking: -11%</b> Van altesame 57 beplande jaarlikse teikens is 50 behaal.	Sien individuele subprogramme vir redes vir afwykings.
Hersiening en implementering van Raamwerk vir Prestasiebestuur vir Regsdienste	<b>Behaal:</b> 98,93% van versoeke verwerk het voldoen aan die diensvlakstandaarde ooreenkomstig die diensvlak van die Raamwerk vir Prestasiebestuur vir Regsdienste.	Hersien en implementeer Raamwerk vir Prestasiebestuur vir Regsdienste.	<b>Behaal:</b> Raamwerk vir Prestasiebestuur vir Regsdienste hersien en geïmplementeer.		

Kantoor van die Sekretaris					
Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Getal monitering- en evaluering-stawings van prestasie-inligting met bewyse	<b>Behaal:</b> Vier monitering- en evaluering-stawings van prestasie-inligting met bewyse gedoen.	4	<b>Behaal:</b> Vier monitering- en evaluering-stawings van prestasie-inligting met bewyse gedoen.		

Risikobestuur					
Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie nakoming van wetgewende verpligtinge en relevante oorgangsmatreëls ingevolge die WFBPPW (Rekenpligtige Beamppte) teen voorgeskrewe sperdatum	<b>Nie behaal nie:</b> 95% nakoming van wetgewende verpligtinge en relevante oorgangsmatreëls ingevolge die WFBPPW (Rekenpligtige Beamppte) teen voorgeskrewe sperdatum.	100%	<b>Nie behaal nie:</b> 95% nakoming van wetgewende verpligtinge en relevante oorgangsmatreëls ingevolge die WFBPPW (Rekenpligtige Beamppte) teen voorgeskrewe sperdatum.	<b>Afwyking - 5%:</b> 18 van die 19 aanwysers vir nakoming is volledig nagekom.	Die afwyking hou verband met nienakoming van artikel 51(1) van die WFBPPW. Vyf maandelikse finansiële state (Injaar-moniteringverslae) is later as wat voorgeskryf is aan die Uitvoerende Owerheid voorgelê.

Kommunikasie en inligting					
Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie jaar-tot-jaar-vermeerdering van webtuiste-statistieke ten opsigte van webtuistesessies	<b>Behaal:</b> 14%-toename van die vorige jaar se basislyn van webtuiste-besoeke ten opsigte van webtuistesessies. Werklik: 41 163 webtuistesessies aangeteken.	5%	<b>Behaal:</b> 10%-toename van die vorige jaar se basislyn-webtuiste-statistiek ten opsigte van webtuistesessies. Werklik: 45 449 webtuistesessies aangeteken.	<b>Afwyking: 4%</b> 2 227 meer webtuistesessies aangeteken as wat beplan is.	'n Klein oorprestasie is behaal as gevolg van verhoogde openbare belangstelling in parlementêre aktiwiteite.



Kommunikasie en inligting					
Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie jaar-tot-jaar-vermeerdering van aktiwiteite en teenwoordigheid op sosiale media	<b>Behaal:</b> 87%-toename van die vorige jaar se basislyn van sosiale-media-aktiwiteite. 722 twiets 705 Facebook-opdaterings.	5%	<b>Behaal:</b> 35%-toename van die vorige jaar se basislyn van sosiale-media-aktiwiteite. 918 twiets 1 002 Facebook-opdaterings.	<b>Afwyking:</b> 30% 159 meer twiets en 261 meer Facebook-opdaterings as wat beplan is aangeteken.	Bykomende geleenthede vir sosiale-media-aktiwiteit, waaronder steun aan nasionale veldtogte (20-jaar-herdenking van die Suid-Afrikaanse Grondwet) wat syfers laat styg het.
Jaar-tot-jaar-toename van lêerplan-gebruik deur eenhede	Nuwe prestasie-aanwyser	5	<b>Behaal:</b> Toename van 7 van lêerplan-gebruik deur eenhede.	<b>Afwyking:</b> 2 Twee meer eenhede het die lêerplan gebruik as wat beplan is.	Voortgesette pogings om gebruik op te stoot slaag, wat groter toename bring as wat verwag is.

Biblioteek					
Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Getal biblioteek-publikasies jaarliks geproduseer	<b>Behaal:</b> 63 biblioteek-publikasies is geproduseer.	50	<b>Behaal:</b> 76 biblioteek-publikasies is geproduseer.	<b>Afwyking:</b> 26 26 meer biblioteek-publikasies is geproduseer as wat beplan is.	Die biblioteek het bykomende moontlikhede geïdentifiseer om publikasies te produseer as wat aanvanklik beplan is.

***Strategie om onderprestasie aan te spreek***

**Kantoor van die Sekretaris:**

***Gemiddelde persentasie van kliënte of belanghebbende respondente wat in meningsopname "goed" (3) of beter toegeken het vir steundienste ontvang***

'n Steundiens-verbeteringsplan wat deur die sake-eenhede saamgestel is, is geïmplementeer om aandag te gee aan gebreke in dienslewering wat deur die meningspeiling uitgewys is. Die impak van die planne sal in die 2017/18-meningspeiling bepaal word. Die WKPP sal met Lede gesels om ander maniere te bespreek om hul vlak van tevredenheid met die steundienste te bepaal wat hulle van die administrasie ontvang het.

**Persentasie teikens volgens JPP behaal**

In die 2017/18-boekjaar sal gereelde fokusvergaderings met bestuurders gehou word om die behaling van teikens te steun en te verseker.

**Kantoor van die Sekretaris (Risikobestuur):**

**Persentasie nakoming van wetgewende verpligtinge en relevante oorgangsmatreëls ingevolge die WFBPPW (Rekenpligtige Beampte) teen voorgeskrewe sperdatum**

Moniteringsmeganismes is verbeter om nakoming van die datums soos voorgeskryf deur die WFBPPW te verseker.

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Kantoor van die Sekretaris	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor van die Sekretaris	10 934	10 873	61	11 530	11 168	361
Kommunikasie en inligting	4 152	4 134	18	4 261	4 195	66
Biblioteek	1 519	1 517	2	1 486	1 482	5
<b>Totaal</b>	<b>16 605</b>	<b>16 524</b>	<b>81</b>	<b>17 277</b>	<b>16 845</b>	<b>432</b>

**4.1.3.3 Subprogram: Finansies**

Die doel van die subprogram is om finansiële bestuursdienste te lewer.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Voorsien AARP-opleiding oor betrokke AARP-standaarde aan finansiële personeel	Nuwe prestasie-aanwyser	Voorsien AARP-opleiding	<b>Behaal:</b> Opleiding oor AARP-standaarde voorsien.  AARP-standaarde: 1;2;3;9;12;14;19; en 23
Getal verifieerbare jaarlikse finansiële state teen die statutêre sperdatum ingedien	<b>Behaal:</b> Een verifieerbare jaarlikse finansiële staat teen die statutêre sperdatum ingedien.	1	<b>Behaal:</b> Een verifieerbare jaarlikse finansiële staat teen die statutêre sperdatum ingedien.
Getal afgehandelde skattings van provinsiale inkomste en besteding teen die voorgeskrewe sperdatum ingedien	<b>Behaal:</b> Een afgehandelde skatting van provinsiale inkomste en besteding teen die voorgeskrewe sperdatum ingedien.	1	<b>Behaal:</b> Een afgehandelde skatting van provinsiale inkomste en besteding teen die voorgeskrewe sperdatum ingedien.
Getal verifieerbare tussentydse finansiële state teen die voorgeskrewe sperdatum ingedien	<b>Behaal:</b> Drie verifieerbare tussentydse finansiële state teen die voorgeskrewe sperdatum ingedien.	3	<b>Behaal:</b> Drie verifieerbare tussentydse finansiële state teen die voorgeskrewe sperdatums ingedien.
Persentasie voldoening aan die Finansiële Handleiding	<b>Behaal:</b> 100% voldoening aan die Finansiële Handleiding.	100%	<b>Behaal:</b> 100% voldoening aan die Finansiële Handleiding.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Getal kwartaallike injaarmonitoring (IJM)-verhalende verslae moet besteding nagaan en vroeë waarskuwingstekens identifiseer	<b>Behaal:</b> Vier kwartaallike injaarmonitoring (IJM)-verhalende verslae gaan besteding na en identifiseer vroeë waarskuwingstekens.	4	<b>Behaal:</b> Vier kwartaallike injaarmonitoring (IJM)-verhalende verslae gaan besteding na en identifiseer vroeë waarskuwingstekens.
Persentasie van betalings verwerk aan krediteurs binne 30 kalenderdae van ontvangs van faktuur	<b>Nie behaal nie:</b> 97,75% van betalings verwerk aan krediteurs binne 30 kalenderdae van ontvangs van faktuur.	99%	<b>Behaal:</b> 99% van betalings verwerk aan krediteurs binne 30 kalenderdae van ontvangs van faktuur. 14 van altesame 1 988 betalings nie binne 30 dae verwerk nie.

#### **Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

#### **Subprogrambesteding**

Finansies	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	4 087	3 957	130	3 297	3 207	90

#### **4.1.3.4 Subprogram: Voorsieningskanaalbestuur**

Die doel van die subprogram is om voorsieningskanaalbestuursdienste te lewer.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Voorsien AARP-opleiding aan VKB-praktisyns oor standaard 17, 31 en 103	Nuwe prestasie-aanwyser	AARP-opleiding voorsien.	<b>Behaal:</b> AARP-opleiding oor standaard 17, 31 en 103 aan VKB-praktisyns voorsien.		
Persentasie van bates met bateregister gerekonsilieer	<b>Nie behaal nie:</b> 99,8% van bates met bateregister gerekonsilieer. 11 van altesame 6 556 bates (groot en klein) is nie geverifieer nie.	100%	<b>Nie behaal nie:</b> 90,11% van bates met bateregister gerekonsilieer.	<b>Afwyking:</b> 9.89% 670 van altesame 6 776 bates (groot en klein) is nie gerekonsilieer nie.	Bates word gesoek, onder meer omdat dit verskuif is sonder kennisgewing wat eers ontdek is nadat bates getel is. Met die finale telling kon

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel B: Prestasie-inligting

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
					toegang nie tot alle lokale verkry word nie.
Persentasie nakoming van diensleweringstandaarde	<b>Behaal:</b> 85,5% nakoming van diensleweringstandaarde	85%	<b>Nie behaal nie:</b> 84,15% nakoming van diensleweringstandaarde.	<b>Afwyking:</b> 0,85% 1 046 van altesame 1 243 standaarde vir dienslewering is nagekom.	LOGIS was in Augustus en September drie weke lank nie gekoppel nie.
Persentasie nakoming van die kontrolelyns in die Voorsieningskanaalbestuur se handleiding	<b>Behaal:</b> 100% nakoming van diensleweringstandaarde.  Drie leweringstandaarde word bepaal.	100%	<b>Behaal:</b> 100%-nakoming van diensleweringstandaarde.  Drie leweringstandaarde word bepaal.		

**Strategie om terreine van onderprestasie te oorkom**

**Persentasie bates met die bateregister gerekonsilieer**

Gereelde proefopnames van bates sal benewens beplande voorraadopnames plaasvind. Bestuurders sal bewus gemaak word van die belangrikheid om Voorsieningskanaalbestuur in te lig van die verskuiwing van bates. Die WKPP gaan die OHB-stelsel implementeer, wat die lewering van dienste en die daaropvolgende omkeertye gaan verbeter.

**Persentasie nakoming van die kontrolelyns van Voorsieningskanaalbestuur se handleiding**

Die WKPP is steeds afhanklik van LOGIS. Met die implementering van die OHB-stelsel sal die nakoming van diensleweringstandaarde verbeter.

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Voorsieningskanaalbestuur	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onderbesteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	4 667	4 624	43	4 302	4 199	103

**4.1.3.5 Subprogram: Interne beheer**

Die doel van hierdie subprogram is om sistematiese swakhede te identifiseer en regstellende maatreëls aan te beveel om onreëlmatighede te bekamp en om risikobestuur dienste moontlik te maak.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Getal vorderingsverslae strydig met die Finansiële Bestuursverbeteringsplan	<b>Behaal:</b> Twee vorderingsverslae strydig met die Finansiële Bestuursverbeteringsplan.	2	<b>Behaal:</b> Twee vorderingsverslae strydig met die Finansiële Bestuursverbeteringsplan.
Aantal inspeksieverslae uitgereik wat beheergapings in prosesse identifiseer	<b>Behaal:</b> Drie inspeksieverslae uitgereik wat beheergapings in prosesse identifiseer.	3	<b>Behaal:</b> Drie inspeksieverslae uitgereik wat beheergapings in prosesse identifiseer.
Aantal opvolg-inspeksieverslae wat vordering met implementering van aanbevelings toon	<b>Behaal:</b> Drie opvolg-inspeksieverslae wat vordering met implementering van aanbevelings toon.	3	<b>Behaal:</b> Drie opvolg-inspeksieverslae wat vordering met implementering van aanbevelings toon.
Persentasie betalingsbewyse aan agterna-oudit onderwerp	<b>Behaal:</b> 100% van betalingsbewyse aan agterna-oudit onderwerp.	100%	<b>Behaal:</b> 100% van betalingsbewyse aan agterna-oudit onderwerp. Altesame 2 244 betalingsbewyse aan agterna-oudit onderwerp.

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Interne beheer	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	3 928	3 927	1	3 711	3 605	106

**4.1.3.6 Subprogram: Menslike hulpbronne**

Die doel van hierdie subprogram is om menslikehulpbronne- en Ledegeriewe-bestuur dienste te lewer.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie toename in dienste gelewer wat waarde toevoeg	Nie behaal nie	70%	<b>Behaal:</b> 70%-toename in dienste gelewer wat waarde toevoeg. Uitgebrei met een diens wat waarde toevoeg: beplanning vir aftrede.		

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel B: Prestasie-inligting

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
			Basislyn vir 2015/16: twee van altesame 11 dienste wat waarde toevoeg.		
Persentasie van formele opleiding gefokus op aangewese gapings in vaardighede en struktuur	<b>Nie behaal nie:</b> 39% van formele opleiding gefokus op aangewese gapings in vaardighede en struktuur geïmplementeer. Van altesame 28 beplande formele opleidingsessies is 11 sessies gefokus op aangewese gapings in vaardighede en struktuur geïmplementeer.	80%	<b>Nie behaal nie</b> 60% van formele opleiding gefokus op aangewese gapings in vaardighede en struktuur geïmplementeer. Van altesame 15 beplande formele opleidingsessies is 9 sessies gefokus op aangewese gapings in vaardighede en struktuur geïmplementeer.	<b>Afwyking:</b> 20% 12 van 15 formele opleidingsessies moes op aangewese gapings in vaardighede en struktuur gefokus gewees het.	In die eerste kwartaal van 2016/17 is voorkeur verleen aan AARP-en rekeningkunde-opleiding gemik op die implementering van die WFBPPW en die OHB-stelsel.
Persentasie beskikbaarheid van werknemers wat doeltreffend gaan werk danksy verbeterde vaardighede ná afloop van die formele program	Nuwe prestasie-aanwyser	70%	<b>Behaal:</b> 70% beskikbaarheid van werknemers wat doeltreffend gaan werk danksy verbeterde vaardighede ná afloop van die formele program  Van altesame 104 werknemers wat aan die formele opleidings-program deelgeneem het, het 86 werknemers doeltreffend gewerk danksy verbeterde vaardighede.		

**Strategie om onderprestasie te oorkom**

***Persentasie formele opleiding gefokus op geïdentifiseerde vaardigheidsgapings en struktuur***

Die opleidingsprogram sal hersien word om voorsiening te tref vir bykomende werkopleiding en opleiding oor die AARP en die OHB-stelsel.

***Veranderings aan beplande teikens***

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Menslike hulpbronne	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	6 192	6 177	15	5 155	4 979	176

**4.1.3.7 Subprogram: Inligting-en-kommunikasietegnologie**

Die doel van hierdie subprogram is om administratiewe en gebruikerondersteuningsdienste te lewer en inligtingstegnologie-infrastruktuur te verbeter en in stand te hou.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Geleidelike implementering van OHB	<b>Nie behaal nie</b> 75% van die teiken is behaal (waaronder definisie van die besigheidsvereistes; OHB-versoek vir spesifikasie van voorstel en die publikasie van die tender; en evaluering van botte).	Implementering van Fase-3-finansiële-en-menslike-hulpbronne	<b>Nie behaal nie:</b> 38% van die teiken is behaal (waaronder stelsel-konfigurasie, migrasie van data en aftekening van gebruiker-aanvaarding-toetsing (GAT): finansies en menslike hulpbronne).	<b>Afwyking: 62%</b> Vir fase 3 is twee mylpale uit altesame agt mylpale behaal.	Omdat die tenderproses vir tweede keer plaasvind, is die projek vertraag.
Persentasie jaar-tot-jaar-verbetering van diensondersteuning strydig met diensvlak-ooreenkoms gelewer	<b>Behaal:</b> Diensvlak-ooreenkoms voltooi en hersien deur Inligtings-kommunikasie-tegnologie (IKT) se beheerkomitee.	Verbeter met 5% jaar-tot-jaar	<b>Behaal:</b> 15% jaar-tot-jaar-verbetering van dienslewings tandeerde ten opsigte van diensvlak-ooreenkoms (DVO).  Tellermasjien: 955 oproepe aangeteken, beantwoord en volgens DVO opgelos. Noemer: 1 391 oproepe aangeteken.	<b>Afwyking: 10%</b> Basislyn vir 2015/16 was 60%. Beplande teiken vir 2017/16: 63%. Werklike prestasie was 69%.	Span het doeltreffender gewerk en op proaktiewe bestuur van die gebruiker-omgewing gefokus, vandaar die behaling van 'n hoër persentasie.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie verbetering van nakoming van beste praktyke in projekbestuur	<b>Behaal:</b> Basislyn is vasgestel.	Verbeter met 20% jaar-tot-jaar	<b>Behaal:</b> 22% Tellerasjien: telling van 36 behaal. Noemer: telling van 49 was eindtotaal.	<b>Afwyking:</b> 2% Basislyn vir 2015/16 was 60%. Beplande teiken vir 2017/16: 71%. Werklike prestasie was 73%.	Die afwyking is as gevolg van verbeterde doeltreffendheid.
Persentasie beskikbaarheid van alle IKT-infrastruktuurdienste	<b>Behaal:</b> 99% van alle IKT-infrastruktuurdienste was beskikbaar.	95%	<b>Behaal:</b> 98,5% van alle IKT-infrastruktuurdienste was beskikbaar.	<b>Afwyking:</b> 3,5%	Baie moeite en werk ná kantoortyd deur die span om beskikbaarheid van stelsels te verseker.

**Strategie om terreine van onderprestasie te oorkom**

**Geleidelike instelling van OHB**

Die Projek Jump-reëlingskomitee het saamgestem dat die verdragings van fase twee van die projek geregverdig was om behoorlike bestuur te verseker, en dat dit 'n geskikte en bekostigbare oplossing vir die WKPP is. Die verdragings van fase twee het tot 'n uitgestelde aktiveringsdatum gelei en die reëlingskomitee het ingestem dat die aktiveringsdatum van 1 April 2017 tot 1 Oktober 2017 uitgestel word.

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Inligting-en-kommunikasie-tegnologie	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	17 097	11 836	5 261	9 389	8 317	1 072

**4.1.3.8 Subprogram: Sekerheid en geriewebestuur**

Die doel van hierdie subprogram is om huishoudelike, sekerheid- en logistieke dienste te lewer, waaronder die fasilitering van beroepsgesondheid en veiligheid.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Getal sekerheidsinisiatiewe volgens Sekerheidsplan geïmplementeer	<b>Nie behaal nie</b>	2	<b>Behaal:</b> Twee sekerheidsinisiatiewe volgens Sekerheidsplan geïmplementeer. Brandoefening en WKPP-sekerheidsbewustheidsprogram opgestel.



Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel B: Prestasie-inligting

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Getal projekte voltooi ooreenkomstig die Geriewebestuursprogram.	<b>Behaal:</b> Twee projekte voltooi ooreenkomstig die Geriewebestuursprogram.	2	<b>Behaal:</b> Twee projekte voltooi ooreenkomstig die Geriewebestuursprogram.  Blouasbesverwydering en branduiteensettingprojek
Getal vergaderings van Gesamentlike Beplanningskomitee ooreenkomstig die Wet op Nasionale Sleutelpunte se vereistes	<b>Behaal:</b> Vier vergaderings van Gesamentlike Beplanningskomitee ooreenkomstig die Wet op Nasionale Sleutelpunte se vereistes.	4	<b>Behaal:</b> Vier vergaderings van Gesamentlike Beplanningskomitee ooreenkomstig die Wet op Nasionale Sleutelpunte se vereistes.
Getal gesondheid-en-veiligheidsinspeksies om risiko te identifiseer en die implementering van regstellende maatreëls te monitor	<b>Behaal:</b> Vier gesondheid-en-veiligheidsinspeksies om risiko te identifiseer en die implementering van regstellende maatreëls te monitor en te identifiseer.	4	<b>Behaal:</b> Vier gesondheid-en-veiligheidsinspeksies om risiko te identifiseer en die implementering van regstellende maatreëls te monitor.

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Sekerheid en geriewebestuur	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	3 987	3 779	208	4 793	4 767	26

**4.2 Program 2: Geriewe vir Lede en politieke partye**

**4.2.1 Doel**

Die doel van hierdie program is om bemagtigende geriewe en voordele aan Lede en politieke partye te voorsien.

**4.2.2 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte; subprogramme en strategiese doelwitte en prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte**

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	Subprogram		Strategiese doelwitte	Prestasie-aanwyser van strategiese doelwit
Om gesonde bestuur te bevorder en strategiese en korporatiewe ondersteuning te verbeter	2.1	Geriewe en voordele van Lede (sluit toelaes en bydraes in)	Om dienste aan belanghebbendes te verbeter deur strategiese ondersteuning te voorsien en deur naatlose en sinergistiese korporatiewe en parlementêre prosesse en stelsels te implementeer	Digitalisering en modernisering van Ledesakedienste
	2.2	Ondersteuningsdienste aan politieke partye		

**Die belangrike prestasies van hierdie program is soos volg:**

Die WKPP het 'n elektroniese eiseplatform vir Lede geïmplementeer. Dit stel Lede in staat om eise elektronies van buite die WKPP in te dien sodat eise verwerk kan word sonder dat die Lid moet wag

om na Kaapstad terug te keer of kantoor toe hoef te kom. Dit maak dit vir Lede makliker om hul werk te doen omdat die negatiewe finansiële impak van vertraagde terugbetalings uitgeskakel word.

Dertien Lede het 'n Sertifikaat in Bestuur en Openbare Leierskap deur die Universiteit van die Witwatersrand behaal.

#### 4.2.3 Prestasie-aanwyser van strategiese doelwit, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

##### *Prestasie-aanwyser van strategiese doelwit*

Prestasie-aanwyser van strategiese doelwit	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Digitalisering en modernisering van Ledesakedienste	<b>Behaal:</b> Funksionaliteit beskikbaar gestel wat Lede in staat stel om hul eise elektronies in te dien.	Digitalisering en modernisering van Ledesakedienste	Meer elektroniese eise ingedien en selfoonkommunikasiediens geaktiveer.

##### *Prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies*

#### 4.2.3.1 Subprogram: Geriewe en voordele vir Lede

Die doel van hierdie subprogram is om die betaling te bestuur van:

- lidmaatskapsgelede vir parlementêre en verwante verenigings;
- staatsbydraes tot mediese fonds van voortgesette Lede; en
- maak dit moontlik dat toelaes Lede vergoed vir uitgawes wat met amptelike reise, akkommodasie en telekommunikasie verband hou.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2014/15	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie implementering van geskeduleerde opleidings-programme per jaar vir Lede	<b>Behaal:</b> 100% implementering van geskeduleerde opleidings-programme per jaar vir Lede.	80%	<b>Behaal:</b> 100% implementering van geskeduleerde opleidings-programme per jaar vir Lede	<b>Afwyking:</b> 20% Al vier opleidingsprogramme wat vir Lede geskeduleer is, is geïmplementeer.	
Persentasie van eise (elektronies ingedien en voldoen aan die vereistes van die Ledegeriewe-handleiding) verwerk	<b>Behaal:</b> 100% van eise (elektronies ingedien en voldoen aan die vereistes van die Ledegeriewe-handleiding) verwerk.	100%	<b>Behaal:</b> 100% van eise (elektronies ingedien en voldoen aan die vereistes van die Ledegeriewe-handleiding) verwerk.  Al 18 elektroniese eise wat ontvang is, is verwerk.		

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebly nie.

**Subprogrambesteding**

Geriewe en voordele vir Lede	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	7 233	6 030	1 203	6 865	5 301	1 564

**4.2.3.2 Subprogram: Ondersteuningsdienste aan politieke partye**

Die doel van hierdie subprogram is om die betaling te bestuur van:

- kiesafdelingtoelaes wat politieke partye verteenwoordig in die WKPP in staat stel om infrastruktuur in kiesafdelings te vestig en onderhou om die belange van kiesers te dien;
- sekretariële toelaes wat politieke partye verteenwoordig in die WKPP in staat stel om hul eie administratiewe infrastruktuur binne die distrikte van die WKPP te vestig en te onderhou; en
- voorwaardelike toelaes wat Lede in staat stel om programme in hul kiesafdelings te reël in die belang van toesig, wetgewing en openbare deelname aan die WKPP.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Getal werkdade ná ontvangs van kwitansie van vereiste dokumente ingevolge die Ledegeriewehandleiding om oordragbetalings te verwerk	<b>Behaal:</b> Oordragbetalings verwerk binne 7 werkdade ná ontvangs van vereiste dokumente ooreenkomstig die Ledegeriewehandleiding.	7	<b>Behaal:</b> Oordragbetalings verwerk binne 7 werkdade ná ontvangs van vereiste dokumente ingevolge die Ledegeriewehandleiding.

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebly nie.

**Subprogrambesteding**

Ondersteunings-dienste aan politieke partye	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	37 005	37 004	1	34 854	34 854	-

**4.3 Program 3: Parlementêre dienste**

**4.3.1 Doel**

Die doel van hierdie program is om doeltreffende prosedurele en verwante ondersteuning aan die Huis en komitees te lewer om openbare deelname moontlik te maak.

**4.3.2 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte; subprogramme en strategiese doelwitte en prestasie-aanwysers van strategiese doelwitte**

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	Subprogram		Strategiese doelwitte	Prestasie-aanwysers vir strategiese doelwit
Om doeltreffende prosedurele en verwante	3.1	Ondersteuning vir Raadswerksaamhede		Jaar-tot-jaar-persentasie nakoming

Strategiese uitkomstgeoriënteerde doelwitte	Subprogram		Strategiese doelwitte	Prestasie-aanwysers vir strategiese doelwit
Ondersteuning te lewer aan Lede, komitees en die Huis om wette te maak, toesig te hou en openbare betrokkenheid moontlik te maak	3.2	Komitee-ondersteuning (sluit staande komitees in)	Om doeltreffende en tydige prosedurele en verwante ondersteuning te verbeter	van SBP's vir Raadswerksaamhede en komitees en prosedurele ondersteuning van alle beplande sittings en komiteevergaderings
	3.3	Openbare opvoeding en uitreik		
	3.4	Hansard en taaldienste		

**Die belangrike prestasies van hierdie program is soos volg:**

Die program kan die volgende as belangrike prestasies vir die verslagtyd rapporteer:

- Suksesvolle koördinasie van voltallige Huissittings buite die bekende distrikte en vergadersaalgeriewe van die WKPP vir die grootste deel van die derde kwartaal, met baie min ontwrigting van die werksaamhede van die Huis;
- Suksesvolle Jaarverslagtoesigproses, ondersteun deur interne navorsinguitsette, hoewel van 'n beperkte omvang;
- Suksesvolle koördinasie van inisiatiewe vir openbare opvoeding in antwoord op groter interne en eksterne eise, spesifiek ondersteuning van die komitees met opvoedingswerkinkels voor verhoor en uitgebreide beskikbaarstelling van opvoedingwerkinkels ter voorbereiding vir die hoëvlakpaneelbesprekings by openbare verhoor;
- Die produksie van drie handleidings met riglyne om die gehalte van die diens wat die WKPP-taaldienste lewer, te verbeter en te standaardiseer.

**4.3.3 Prestasie-aanwysers vir strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies**

**Prestasie-aanwysers vir strategiese doelwitte**

Prestasie-aanwysers	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Jaar-tot-jaarpersentasie nakoming van SBP's vir Raadswerksaamhede en komitees, en prosedurele en verwante ondersteuning van alle beplande sittings en komiteevergaderings	<p><b>Behaal:</b> 96,8%</p> <p>99,51% ten opsigte van Raadswerksaamhede;</p> <p>97,5% ten opsigte van komitee-ondersteuning; en</p> <p>93,39% ten opsigte van Hansard en taaldienste.</p>	97%	<p><b>Behaal:</b> 99,52%</p> <p>100% ten opsigte van Raadswerksaamhede;</p> <p>98,8% ten opsigte van komitee-ondersteuning; en</p> <p>99,75% ten opsigte van Hansard en taaldienste.</p>	<b>Afwyking:</b> 2,52%	Die afwyking is as gevolg van verbeterde doeltreffendheid.
Persentasie toename van	<b>Behaal:</b> 11,86%	10%	<b>Behaal:</b> 37,88%	<b>Afwyking:</b> 27,88%	Die afwyking is meegebring deur 'n groter

Prestasie-aanwysers	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
beplande opvoedings-inisiatiewe om openbare deelname aan die wetgewende en ander prosesse van die Parlement te verbeter	66 opvoedings-werkwinkels geïmplementeer.		91 opvoedings-werkwinkels geïmplementeer.		behoefte aan inligting en opvoeding om soveel mense moontlik in te lig oor die hoëvlakpaneelbesprekings by openbare verhore en groter doeltreffendheid.

***Prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies***

**4.3.4.1 Subprogram: Ondersteuning vir Raadswerksaamhede**

Die doel van hierdie subprogram is om prosedurele advies en administratiewe ondersteuning vir die sittings van die Huis te lewer.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
Persentasie van prosedurele ondersteuningsdienste gelewer ingevolge die standaardbedryfsprosedure van alle beplande Raadswerksaamhede soos volgens goedgekeurde parlementêre program	<b>Behaal:</b> 54% van prosedurele ondersteuningsdienste aan alle beplande Raadswerksaamhede volgens goedgekeurde parlementêre program gelewer.	100%	<b>Behaal:</b> 100% van prosedurele ondersteuningsdienste aan alle beplande Raadswerksaamhede volgens goedgekeurde parlementêre program gelewer. Altesame 194 dokumente in die vorm van parlementêre stukke, wetsontwerpe en wette, en ander dokumente is verwerk ter ondersteuning van Huiswerksaamhede ooreenkomstig die voorskrifte van die SBP.
Persentasie van prosedurele advies op versoek aan voorsittende beamptes en Lede gelewer	<b>Behaal:</b> 100% prosedurele advies op versoek aan voorsittende beamptes en Lede gelewer.	100%	<b>Behaal:</b> 100% prosedurele advies op versoek aan voorsittende beamptes en Lede gelewer. Van altesame 68 versoeke en behoeftes aan hulp met prosedurele advies vir Lede en voorsittende beamptes is almal ooreenkomstig die vereistes van die SBP opgestel en voorsien.
Getal werkdae ná 'n sitting gebruik om Huisbesluite aan derde partye ooreenkomstig die goedgekeurde SBP oor te dra.	<b>Behaal:</b> 15 werkdae ná 'n sitting gebruik om Huisbesluite aan derde partye oor te dra.	15	<b>Behaal:</b> 15 werkdae ná 'n sitting gebruik om Huisbesluite aan derde partye oor te dra. Van altesame 241 beskrywingspunte wat deur die Huis goedgekeur is, is almal ooreenkomstig die SBP binne die verloop van 15 dae op

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
			verskillende maniere aan derde partye oorgedra.

#### **Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebly.

#### **Subprogrambesteding**

Ondersteuning vir Raadswerk-saamhede	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	2 602	2 536	66	2 559	2 557	2

#### **4.3.4.2 Subprogram: Komitee-ondersteuning**

Die doel van hierdie program is om die volgende te lewer:

- prosedurele advies en administratiewe ondersteuning aan die komitees; en
- ondersteuning met relevante parlementêre navorsing aan Lede, komitees, senior bestuur en voorsittende beamptes.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie van komitee-ondersteuning ooreenkomstig die goedgekeurde standaard-bedryfsprosedure vir komitees aan alle beplande komiteevergaderings gelewer in navolging van die goedgekeurde program.	<b>Behaal:</b> 95% van komitee-ondersteuning ooreenkomstig die goedgekeurde SBP vir komitees aan alle beplande komiteevergaderings gelewer volgens die goedgekeurde program.	96%	<b>Behaal:</b> 97,59% van komitee-ondersteuning ooreenkomstig die goedgekeurde SBP vir komitees aan alle beplande komiteevergaderings gelewer volgens die goedgekeurde program gelewer.  Van altesame 83 verslae verwerk in hierdie tyd, is 81 ooreenkomstig die SBD-voorskrif verwerk.	<b>Afwyking:</b> 1,59%	Die afwyking is te danke aan verbeterde doeltreffendheid.
Persentasie van aangevraagde navorsingsdienste aan komitees, senior bestuur en voorsittende beamptes ooreenkomstig die goedgekeurde standaard-	<b>Behaal:</b> 100% van aangevraagde navorsingsdienste ooreenkomstig die goedgekeurde SBP vir komitees gelewer.	96%	<b>Behaal:</b> 100% van aangevraagde navorsingsdienste ooreenkomstig die goedgekeurde SBP vir komitees gelewer. Van altesame 9 versoeke om	<b>Afwyking:</b> 4%	Die afwyking is as gevolg van verbeterde doeltreffendheid.

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel B: Prestasie-inligting

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
bedryfsprosedure vir komitees gelewer.			navorsing ontvang, is al 9 voltooi en ooreenkomstig die SBP-voorskrifte voorgelê.		

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Komitee-ondersteuning	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	13 031	12 270	761	13 204	13 154	50

**4.3.4.3 Subprogram: Openbare opvoeding en uitreik**

Die doel van hierdie subprogram is om openbare deelname en openbare opvoeding moontlik te maak.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Jaarlikse opvoedingsprogram oor die prosesse van wetgewing, toesig, openbare deelname en petisies opgestel.	<b>Behaal:</b> Jaarlikse opvoedingsprogram vir 2016/17 teen 31 Maart 2016 opgestel.	Jaarlikse opvoedingsprogram teen 31 Maart 2017 opgestel.	<b>Behaal:</b> Jaarlikse opvoedingsprogram vir 2017/18 teen 31 Maart 2017 opgestel.		
Opvoedingsleerplan oor die prosesse van wetgewing, toesig, openbare deelname en petisies hersien.	<b>Behaal:</b> Jaarlikse opvoedingleerplan teen 30 September 2015 ontwikkel.	Opvoedingleerplan teen 31 Maart 2017 hersien.	<b>Behaal:</b> Jaarlikse opvoedingsleerplan teen 31 Maart 2017 ontwikkel.		
Getal bestaande opvoedingsmateriale hersien.	<b>Behaal:</b> Drie bestaande opvoedingsmateriale hersien.	2	<b>Behaal:</b> Twee bestaande materiale hersien: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestaande inligtingstuk oor jaarverslae</li> </ul>		

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel B: Prestasie-inligting

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
			hersien en verbeter. <ul style="list-style-type: none"> <li>Hersien inhoud van bestaande oudiovisuele opvoedingsmateriaal en verbeteringsaanbeveel.</li> </ul>		
Getal nuwe opvoedingsmateriale ontwikkel.	<b>Behaal:</b> Drie nuwe opvoedingsmateriale ontwikkel.	2	<b>Behaal:</b> Twee nuwe opvoedingsmateriale ontwikkel: <ul style="list-style-type: none"> <li>Verstaan die parlementêre toesigsiklus; en</li> <li>Inligtingstuk oor toesighoudende rol van WKPP se staande komitees.</li> </ul>		
Getal opvoedingswerkinkels volgens jaarprogram uitgerol.	<b>Behaal:</b> 66 opvoedingswerkinkels afgehandel.	66	<b>Behaal:</b> 91 opvoedingsinisiatiewe uitgerol ooreenkomstig die jaarprogram en as antwoord op opvoedingsinisiatiewe en interne versoeke van wetgewende komitee en hoëvlakpaneel (HVP)-program.	<b>Afwyking:</b> 25 25 meer opvoedingsinisiatiewe of inligtingsessies as wat beplan is, is uitgerol.	Die afwyking is 'n gevolg van groter behoeftes om in te lig en op te voed om so uitgebreid moontlik inligting te versprei oor die hoëvlakpaneel se openbare verhore, en as gevolg van groter doeltreffendheid.
Persentasie van petisies ooreenkomstig relevante wetgewing verwerk.	<b>Behaal:</b> Twee petisies ontvang en 100% verwerk ooreenkomstig die betrokke wetgewing.	100%	<b>Behaal:</b> Twee onvoldoende voorleggings ontvang en 100% verwerk ooreenkomstig die toepaslike wetgewing oor petisies.		

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.



**Subprogrambesteding**

Openbare opvoeding en uitreik	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	3 872	3 866	6	3 282	3 281	1

**4.3.4.4 Subprogram: Hansard en taaldienste**

Die doel van hierdie subprogram is om die lewering van woordelike verslae van die werksaamhede van die Huis te bestuur en tolk- en vertalingsdienste te lewer.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2015/16	Bepaalde teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17	Kommentaar op of redes vir afwykings
Persentasie van aanbevelings geïmplementeer wat aanvaar is en uit eksterne beoordelings van tolkdienste gespruit het.	<b>Behaal:</b> 88% van aanbevelings geïmplementeer wat aanvaar is en uit die eksterne beoordelings van vertalingsdienste gespruit het.	95%	<b>Behaal:</b> 100% van aanbevelings geïmplementeer wat aanvaar is en uit eksterne beoordelings van tolkdienste gespruit het. Van die altesame 5 aanbevelings of optrede wat uit die eksterne beoordeling van Xhosa-tolkdienste gespruit het, is 5 geïmplementeer om aanvaarbare gehalte vol te hou.	<b>Afwyking:</b> 5% Alle aanbevelings is geïmplementeer.	Die afwyking is as gevolg van verbeterde doeltreffendheid.
Persentasie van aanbevelings geïmplementeer wat aanvaar is en uit die eksterne beoordelings van vertalingsdienste gespruit het.	<b>Behaal:</b> 86% van aanbevelings geïmplementeer wat aanvaar is en uit die eksterne beoordelings van vertalingsdienste gespruit het.	95%	<b>Behaal:</b> 100% van aanbevelings geïmplementeer wat aanvaar is en uit die eksterne beoordelings van vertalingsdienste gespruit het. Van die altesame 5 aanbevelings of optrede wat uit die eksterne beoordeling van Afrikaanse vertaaldienste gespruit het, is 5 geïmplementeer om aanvaarbare gehalte vol te hou.	<b>Afwyking:</b> 5% Alle aanbevelings geïmplementeer.	Die afwyking is as gevolg van verbeterde doeltreffendheid.
Persentasie beskikbaarheid van amptelike Huisstukke wat in	<b>Behaal:</b> 99,59% beskikbaarheid van amptelike	96%	<b>Behaal:</b> 99% Van die altesame 210 Huisstukke wat in hierdie tydperk	<b>Afwyking:</b> 3% Ses meer gepubliseerde Huisstukke as	Die afwyking is as gevolg van verbeterde

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel B: Prestasie-inligting

<b>Prestasie-aanwyser</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Beplande teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2016/17</b>	<b>Kommentaar op of redes vir afwykings</b>
alle amptelike tale vertaal is	Huisstukke wat in alle amptelike tale vertaal is		gepubliseer is, is 208 volledig in die drie amptelike tale vertaal en beskikbaar gestel met die publikasie van die oorspronklike brondokument.	waarvoor beplan is, is in die drie amptelike tale vertaal.	doeltreffendheid.
Persentasie beskikbaarheid van tolkdienste vir die Huis en komitees indien benodig	<b>Behaal:</b> 100% beskikbaarheid van tolkdienste vir die Huis en komitees indien benodig.  Van die altesame 223 vergaderings in die tydperk is almal van tolkdienste voorsien.	100%	<b>Behaal:</b> 100% beskikbaarheid van tolkdienste vir die Huis en komitees wanneer benodig. Van die altesame 198 vergaderings in die tydperk is almal van tolkdienste voorsien.		
Getal kontakvergaderings met diensverskaffer gehou om te verseker dat Hansard-dienste gelewer voldoen aan die diensvlak-ooreenkoms en dat afwykings aandag kry.	<b>Behaal:</b> 12 kontakvergaderings is met die diensverskaffer gehou om te verseker dat Hansard-dienste gelewer aan diensvlak-ooreenkoms voldoen en dat afwykings aandag kry.	12	<b>Behaal:</b> 12 kontakvergaderings is met die diensverskaffer gehou om te verseker dat Hansard-dienste gelewer aan diensvlak-ooreenkoms voldoen ten opsigte van tydsverlope en spesifikasies (dit wil sê die opneem van sittings van die Huis, transkripsie en publikasie van verrigtinge, en die produksie en publikasie van Hansard-boeke).		

**Veranderings aan beplande teikens**

Geen veranderings is aan hierdie subprogram se prestasie-aanwysers of teikens in die verslagtydperk aangebring nie.

**Subprogrambesteding**

Hansard en Taaldienste	2016/17			2015/16		
	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding	Finale toewysing	Werklike besteding	Oor- of onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Totaal</b>	3 809	3 807	2	6 792	6 524	268

**5. Oordragbetalings**

**5.1 Oordragbetalings aan organisasies sonder winsoogmerk**

Oordragbetalings soos kiesafdeling- en sekretariële toelaes word aan politieke partye betaal wat in die WKPP verteenwoordig word.

Naam van ontvanger	Doel waarvoor die geld ontvang is	Nakoming van artikel 35(1) van die WFBPPW	Bedrag oorgedra	Bedrag deur die entiteit bestee
Demokratiese Alliansie	Verkose politieke party om sy grondwetlike en wetgewende mandaat na te kom.	Ja	R22 399 613.82	R22 399 613.82
African National Congress	Verkose politieke party om sy grondwetlike en wetgewende mandaat na te kom.	Ja	R12 201 486.44	R12 201 486.44
African Christian Democratic Party	Verkose politieke party om sy grondwetlike en wetgewende mandaat na te kom.	Ja	R1 234 160.69	R1 234 160.69
Ekonomiese Vryheidsvegters	Verkose politieke party om sy grondwetlike en wetgewende mandaat na te kom.	Ja	R1 169 302.30	R1 169 302.30

**6. Skenkersgeld**

Die WKPP het nie enige nuwe skenkersfinansiering in die 2015/16-boekjaar ontvang nie.

**6.1 Skenkersgeld van vorige jaar:**

In November 2011 het die WKPP 'n bedrag van R2 709 000 van die Ondersteuningsprogram van die Wetgewende Sektor ontvang vir die implementering van die beleid en strategiese raamwerk van die Suid-Afrikaanse Wetgewende Sektor. Met ingang van 31 Maart 2017 het die WKPP R1 857 584.99 in sy skenkersfinansieringsbankrekening ontvang, wat die surplusgeld, rente ontvang en bankkoste insluit.

**7. Kapitaalbelegging**

**7.1 Kapitaalbelegging, onderhoud en batebestuursplan**

Die voorsieningskanaalafdeling, in samewerking met die finansiesafdeling, vergader maandeliks met die lynfunksies om hul onderskeie begrotings teenoor hul ramings en beplanning vir aanvraag na alle beduidende nuwe kapitaalbates op die vergadering te opper.

In samewerking met Finansies het die voorsieningskanaal maandelikse BAS- of LOGIS-aanpassings gedoen om rekenskap te gee van alle goedere en dienste wat in die boekjaar aangeskaf is. Nieteenstaande bogenoemde doen die voorsieningskanaal jaarliks 'n voorraadopname van alle WKPP-bates en dien 'n verslag daaroor by die Hoof- Finansiële Beampte in.

Die toestand van die bates wissel soos volg:

- Rekenaartoerusting – goeie toestand. Die jongste verfrissing van IKT-toerusting is in die vierde kwartaal van die 2016/17-boekjaar gedoen. Dié goedere word met 'n verlengde waarborg aangeskaf om te verseker dat net soveel waarde vir geld ten opsigte daarvan verkry word.
- Meublement – skaflike toestand; dit word gewoonlik tot die uiterste van die gebruikswaarde daarvan benut, en indien moontlik word die gebruikswaarde verleng om te verseker dat waarde vir geld ten opsigte daarvan behaal word; en
- Toerusting – skaflike toestand.

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



## DEEL C BESTUUR

---

Posbus 648, Kaapstad  
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town  
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa  
8000, Mzantsi Afrika

[www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)  
+27 21 487 1600

## 1. Inleiding

Die WKPP is verbind tot die handhawing van die hoogste standarde van bestuur en beskou goeie bestuur as fundamenteel vir die bestuur van staatsgeld en hulpbronne. Die WKPP het strukture in plek om sy hulpbronne doeltreffend, bekwaam en ekonomies te gebruik, wat deur die belastingbetaler befonds word.

## 2. Risikobestuur

Die Rekenpligtige Beampte (RB) en Sekretaris van die WKPP aanvaar verantwoordelikheid om Ondernemingsrisikobestuur (ORB) te implementeer ingevolge artikel 7(c) van die WFBPPW, Wet 10 van 2009, soos gewysig deur Wet 34 van 2014, en die Nasionale Tesourie se Risikobestuursraamwerk vir die Openbare Sektor (NTRBROS).

Ter nakoming van die RBROS en om risikobestuur verder binne die instelling te veranker, het die WKPP 'n ORB-beleid aanvaar wat die instelling se algemene bedoeling ten opsigte van ORB uiteensit. Dit is op 30 Maart 2016 goedgekeur en sit die instelling se oorkoepelende bedoeling met die ORB uiteen. Die WKPP het 'n ORB-strategie en 'n ORB-implementeringsplan aanvaar, wat op 30 Maart 2016 deur die Rekenpligtige Beampte of Sekretaris goedgekeur is. Die ORB-strategie en -implementeringsplan gee uitvoering aan die WKPP se ORB-beleid wat die institusionele opvatting oor risikobestuur uiteensit.

Die WKPP het die risiko's wat 'n impak op die behaling van sy doelwitte kon gehad het, op 'n strategiese, operasionele en projekrisikovlak geassesseer. Hierdie risiko's is geprioritiseer op grond van hul waarskynlikheid en impak (inherent en residueel) op die doelwitte. Bykomend tot die voorgenoemde is nuwe of ontluikende risiko's in die kwartaallikse hersieningsproses geïdentifiseer. Die insluiting van risiko-aptiyvlakke en toleransievlakke wat in die 2015/16-boekjaar ingestel is, het die gesprekke en debatte ten opsigte van die besluite en aksieplanne verbeter om die risiko's te versag wat die gewenste toleransievlakke oorskry het.

Die Ouditkomitee is van kwartaallikse ORB-verslae voorsien om hul mandaat van onafhanklike toesig ten opsigte van die risikobestuurstelsel van die WKPP uit te voer. Die Ouditkomitee evalueer die risikobestuursproses ten opsigte van kwartaallikse vordering teenoor die jaarlikse ORB-strategie en die strategiese, operasionele en projek-risiko's waarvoor die instelling te staan kom. Die Ouditkomitee se toesig is op dié risiko's toegespits (strategiese, operasionele of projek-risiko's) wat die goedgekeurde toleransievlakke oorskry, en die bestuursoptrede of response wat die risiko's versag sodat dit binne daardie risiko-toleransievlakke gebring word.

### ***Impak op institusionele prestasie***

Vanweë 'n toename in bewustheid van die konsep van risiko en onsekerheid is risikobestuur in alle beplanning en strategiese aktiwiteite van die WKPP opgeneem. Met die toepassing van die ORB-strategie en -plan oor die afgelope boekjaar as basis is die instelling se beheer- en prestasieomgewing ontwikkel en verbeter. Die WKPP besef dat die optimalisering van risikobestuur in ons omgewing deurslaggewend is in die versterking van institusionele verbetering en volgehoue behaling van die institusionele doelwitte binne 'n beperkte finansiële omgewing.

## 3. Bedrog en korrupsie

Die WKPP-bedrogvoorkomingsbeleid is hersien en aan personeel uitgedeel, en op die dokument-bestuurstelsel beskikbaar gestel. Die WKPP handhaaf 'n standpunt van geen verdraagsaamheid van korrupte of bedrieglike aktiwiteite nie, of dit nou intern of ekstern is, en is verbind tot die ywerige agternasit en vervolging van alle partye, met alle regsmiddels beskikbaar, wat by sulke praktyke betrokke raak of probeer betrokke raak.

Assesserings van bedrogrisiko's is gedoen om risiko's vir bedrog te identifiseer, wat kwartaalliks deur die ORBKO hersien is. Bedrogbewusmakingsessies is met personeel gehou om die begrippe etiese bestuur, bedrog, korrupsie en die interne en eksterne verslagdoening van die WKPP uiteen te sit. Die Kantoor van die Openbare Beskermer het twee inligtingsessies aangebied, en die interne nuusbrief is gebruik om personeel in te lig en voor te lig wat bedrogvoorkoming betref. Personeellede het hul verbintenis tot die Gedragskode bevestig deur 'n register van verbintenis tot die Gedragskode te teken.

'n Bedrogwelstandtoets is in die derde kwartaal van die 2016/17-boekjaar met 'n meningspeiling onder personeellede gedoen. Dit het gehelp om 'n gevorderde begrip van die omvang van werknemers se bewustheid van bedrogbeheer te verkry. Voorts is dit gebruik om die beleid, strategie en die implementeringsplan vir 2017/18 van inligting te voorsien, wat op 27 Maart 2017 deur die Sekretaris goedgekeur is.

#### **4. Minimalisering van belangebotsing**

Die gedragskode vir amptenare van die voorsieningskanaal skryf aan hulle voor om jaarlikse verklarings van belange af te lê. Alle werknemers wat lede van die bodoms krywing-, evaluering- en toewysingskomitees is, moet ook hul belange verklaar. Geen belangebotsing is in die oorsigtydperk opgespoor of aangemeld nie.

#### **5. Gedragskode**

##### **5.1 Lede Vergaderings**

In die oorsigtydperk het die Gedragskomitee elf keer vergader.

##### **Verklaring van Ledebelange**

Die sperdatum vir die indiening van openbaarmakingsvorme vir die 2017/18-tydperk was 28 April 2017. Ten tyde van die skryf van hierdie verslag was al 42 Lede se openbaarmakingsvorme teen die sperdatum ingedien.

##### **Openbaarmaking deur nuwe Lede**

Die openbaarmakingsvorm van een lid is nie binne die voorgeskrewe tydperk van 60 dae ingedien nie. Die saak dien voor die komitee.

##### **Advies aan Lede oor die Gedragskode**

Die Registrateur het advies en bystand aan vier Lede gegee oor die behoorlike voltooiing van hul openbaarmakingsvorme.

##### **Insaë in openbare deel van die openbaarmakingsvorme**

Drie versoëke om insaë in die openbare deel van die openbaarmakingsvorme is ontvang.

##### **Klagtes**

Die komitee het twee klagtes van beweerde oortredings van die kode in die 2016/17-boekjaar ontvang. Wat die een klag betref, is daar ná 'n ondersoek deur die Registrateur bevind dat die kode geensins oortree is nie, en die komitee het nie nodig gehad om verdere stappe te doen nie. Die ander klag, wat in Februarie aanhangig gemaak is, is steeds hangende voor die komitee.

'n Klag wat in die vorige boekjaar aanhangig gemaak is, is afgehandel nadat die komitee 'n verhoor gehou het. Die betrokke Lid is skuldig bevind, waarna die komitee 'n strafmaatreeël ingevolge die kode aanbeveel het. Die Huis moet nog die aanbeveling soos vervat in die komitee se verslag afhandel.

## 5.2 Personeel

Die WKPP se personeel is in die boekjaar onder oorsig met vyf verminder. Twee personeellede het in die jaar afgetree, wat dit laat lyk het asof die personeelomset groter was as wat dit in vorige jare ervaar is.

Alle werknemers het Projek Groei-opleidingsessies deur die jaar bygewoon. Die vernaamste onderwerpe vanjaar was leierskap, nadenke en die baasraak van vaardighede. In terugvoeringgroepe het dit duidelik geblyk werknemers het die opleiding baie gewaardeer, en die positiewe uitwerking by die werk en ook in hul persoonlike lewe ingesien.

Die WKPP het met 'n funksionele verbetering begin, waarmee die WPKK probeer verseker dat hulpbronne ten beste gebruik word. Assesserings sal gedoen word van die struktuur en die manier waarop ampte saamgegroepeer word. Voorts sal bedryfprosesse ontleed en herontwerp word indien nodig en hulpbronne sal opnuut toegewys word.

## 5.3 Voorsieningskettingbestuur

Almal wat voorsieningskettingbestuur doen, lê jaarliks 'n verklaring van belange af nieteenstaande die gedragskode wat amptenare van voorsieningskettingbestuur beheer. Alle werknemers wat by bodkomitees betrokke is, dit wil sê die bodoms krywing-, evaluering- en toewysingskomitees, moet ook hul belange verklaar.

## 6. Gesondheid, veiligheid en omgewingskwessies

### Opsporing van blouasbes op die parlementsterrein

In die jaar onder oorsig is blouasbes op die parlementsterrein gevind, wat daartoe gelei het dat die Raadsaal, die Ledesitkamer en ander geriewe op die sesde verdieping gesluit is. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het 'n goedgekeurde inspeksieowerheid aangestel om verdere toetse en ontleding van monsters te doen.

Die projek het in die tweede kwartaal van 2016/17 begin en in Februarie 2017 is blouasbes veilig verwyder. In dié tydperk het die WKPP geriewe gebruik wat die Stad Kaapstad by die Raadskamers van Waalstraat 27 voorsien het om Parlementsvergaderings te hou.

### Brandopgaweprojek

Die brandopgaweprojek is uitgevoer om te verseker dat die geboue by Waalstraat 7 en 15 voldoen aan alle beroepsgeondheid- en veiligheidsvoorskrifte ten opsigte van veilige ontruimingsprosedures in 'n noodgeval. Die projek (aanbring van nuwe brandveiligheidsdeure, kennisgewings en ontsnaproetes) is in Maart 2017 afgehandel en afgeteken.

## 7. Reëlskomitee

Vergaderingsdatums	Komiteebesluit	Vordering met aanspreking of oplossing van die kwessie
28 Augustus 2015	Die parlamentsadministrasie is versoek om in samewerking met die Departement van Vervoer en Openbare Werke 'n omvattende assesserings te doen van die onmiddellike en toekomstige	'n Taakspan is aangestel en die WKPP en amptenare van die Departement van Vervoer en Openbare Werke ondersoek steeds maniere om die uitdagings met akkommodasie in die WKPP op te los. Hulle sal mettertyd 'n voorstel vir



	akkommodasiebehoefte, wat die sekerheidsvereistes van die Parlement insluit.	oorweging en 'n besluit by die Reëlskomitee indien.
--	--	---

### 8. Parlementêre Toesigkomitee

Die volgende Skoor-besluit is in die 2015/16-boekjaar aan die parlementêre toesigkomitee vir opvolging oorgedra:

Boekjaar	Agtergrond / Bekommernisse	Aanbevelings	Datum van optrede	Antwoord van die WKPP	Opgelos Ja/Nee
2011/12	<p><b>Bladsy:</b> 85 van die Jaarverslag</p> <p><b>Opskrif:</b> "Roerende bates"</p> <p><b>Beskrywing:</b>                      Die komitee is besorg dat geen beleid of register in die WKPP en die Kantoor van die Speaker bestaan wat erfenisgoedere bestuur ten opsigte van die identifikasie, bevordering, bewaring en waarde daarvan nie.</p>	<p><b>2.1.19:</b>                      Die Provinsiale Parlement moet dringend 'n beleid hieroor opstel en aan die komitee voorlê, en die Reëlskomitee daarvan verwittig.</p>	15 April 2013	Erfenis word gedek deur die omvattende beleid van die batebestuurskomitee wat op 1 Januarie 2017 in werking getree het.	Ja

## **2015/16**

### **Die Parlementêre Toesigkomitee rapporteer soos volg nadat hulle die Jaarverslag van die WKPP vir die 2014/15-boekjaar oorweeg het:**

#### **1. Inleiding**

Die Jaarverslag van die WKPP is op Vrydag 28 Augustus 2015 na die Parlementêre Toesigkomitee (hierna “die komitee”) verwys. Hoewel die WFBPPW, Wet 10 van 2009, soos gewysig, hierna “die Wet” of “WFBPPW”, eers op 1 April 2015 in werking getree het, en die finansiële bestuur van die WKPP se betrokke Jaarverslag vir die boekjaar was wat op Maart 2015 geëindig het, is die Jaarverslag vir oorweging na die komitee verwys as die instansie wat opdrag gekry het om WKPP-jaarverslae kragtens artikel 60 van die wet te oorweeg.

Die doel van die wet is om die finansiële bestuur van die Parlement en provinsiale wetgewers te reguleer op ’n manier wat ingevolge die Grondwet met die status daarvan strook, om te verseker dat alle inkomste, besteding, bates en laste van die Parlement en provinsiale wetgewers doeltreffend, bekwaam en deursigtig bestuur word, om die verantwoordelikhede te bepaal van mense aan wie finansiële bestuur toevertrou word, en om voorsorg te tref vir sake wat daarmee verband hou. Ter nakoming van die gees van artikel 4 van die wet het die komitee die jaarverslag van die WKPP oorweeg om toesig oor die finansiële bestuur van die WKPP vir die betrokke boekjaar vol te hou.

Aangesien die betrokke jaarverslag die inwerkingstellingsdatum van die wet voorafgaan, het die komitee kennis geneem dat die resultate van die Ouditeur-generaal se oudit op die toepaslike voorskrifte van die WFBPPW, Wet 1 van 1999, gegrond was. Die komitee het dit deurgaans in gedagte gehou in hul wisselwerking met die Ouditeur-generaal, die Ouditkomitee en die WKPP.

#### **2. Oorsig**

Die komitee het op 14 Oktober 2015 om 08:00 vergader, waar dit ingelig is deur Ouditeur-generaal (hierna “die OG”) oor die resultate van die WFBPPW-oudit vir die 2014/15-boekjaar van die WKPP. Ná die voorligting deur die OG is die komitee deur die Ouditkomitee (hierna “die OK”) ingelig Hul rol is om te verseker dat die WKPP volgens goeie bestuursfunksies funksioneer, aan rekeningkundige en ouditstandaarde voldoen, en om toe te sien dat toepaslike risikobeheermaatreëls getref is. Die OK monitor ook die toereikendheid en betroubaarheid van die finansiële inligting wat die WKPP voorsien het.

Die komitee se benadering was om eers met hierdie instansies te vergader om uit hul bevindings en moontlike bekommernisse voordeel te trek om die komitee te help om konstruktief by die toesig oor die WKPP betrokke te wees.

Die komitee het om 09:30 met die WKPP vergader, waar die Speaker en Sekretaris van die Parlement inleidende kommentaar gelewer het. ’n Bespreking van bladsy tot bladsy oor die toesig het met die bestuur van die WKPP gevolg.

#### **3. Bevindings**

3.1 Die komitee het kennis geneem van die volgende:

3.1.1 Die OG het ’n mening uitgespreek dat die finansiële state in alle wesenlike opsigte die finansiële posisie van die instelling soos op 31 Maart 2015 weergegee het, en ook die finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat toe afgesluit is, ooreenkomstig die gewysigde kontantstandaard en voorskrifte van die Tesourie aan die Provinsiale Parlement.

3.1.2 Die OG het gerapporteer dat die WKPP ’n ongekwalifiseerde oudit volgehou het sonder enige bevindings oor voorafbepaalde doelwitte of nakoming van wetgewing en regulasies.

- 3.1.3 Die OG het geen wesentliche bevindings gemaak in verband met voorafbepaalde doelwitte, aankope, kontrakbestuur en menslike hulpbronne en vergoeding nie.
- 3.1.4 Die OG het geen beduidende tekortkomings in interne beheer uitgewys wat met die audit van die finansiële state verband hou nie.
- 3.1.5 Die OG het gerapporteer dat die WKPP se huidige finansiële stelsel nie die opstelling van finansiële state wat aan die Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) voldoen, van die nodige kan voorsien sonder aansienlike inspanning en jaareinde-pro-forma-joernale nie.
- 3.1.6 Die OG het gerapporteer dat slegs R67 000 (3,1%) van die onderbesteding verband gehou het met onderbesteding aan die kapitaalbegroting, en dat die onderbesteding geen uitwerking op dienslewering van die instelling se voorafbepaalde doelwitte gehad het nie.
- 3.2 Die komitee het ook van die volgende kennis geneem:
- 3.2.1 Die OK het 'n onafhanklike oorsig van die Provinsiale Parlement se stelsel van risikobestuur gelewer. Die OK het gerapporteer dat die WKPP beslis meer van risiko's bewus is nadat 'n Ondernemingsrisikobestuurskomitee tot stand gebring is om die Rekenpligtige Beampte by te staan in die uitvoering van haar verantwoordelikhede wat risikobestuur betref. Inisiatiewe en projekte is wel uitgewys wat aan risiko's aandag gee, wat weens begrotingstekorte nie geïmplementeer is nie. Die OK het desondanks gerapporteer dat die risikobestuurstelsel en prosesse wat tot stand gebring is, 'n duidelike verbetering van die aanspreking en minimalisering van risiko's verseker het wat 'n negatiewe uitwerking op die resultate van die WKPP kon gehad het.
- 3.2.2 Nadat die OK die jaarlikse finansiële state geëvalueer het, het hulle saamgestem met en die OG se mening aanvaar aangaande die jaarlikse finansiële state, en voorgestel dat die geouditeerde jaarlikse finansiële state aanvaar en met die OG se verslag saamgelees word.
- 3.2.3 Die OK het gerapporteer dat alle veranderings aan die rekeningkundige beleide, buiten dié wat die OK gerapporteer het, voldoende in die jaarlikse finansiële state aangebied is.
- 3.2.4 Die OK het die vordering erken wat die WKPP in die jaar gemaak het met die opvolging van voorheen vermelde sake wat met die bestuursverslag verband gehou het.
- 3.2.5 Die OK het in verband met interne beheer en tekortkomings in beheer gerapporteer dat die interne audit daarop gelet het dat werknemerwelstand en bestuur van dokumente grootliks verbeter kan word.

Werknemerwelstand is 'n risiko omdat afwesigheid van werknemers opmerklik vermeerder het weens stres en omdat die personeel ontevrede is vergeleke met vorige boekjare. Sentrale beheermaatreëls wat risiko ten opsigte van die bestuur van dokumente kan verminder, het ontbreek of was onvoldoende. Geen dokumentbestuurder was in plek nie. Gevalle van die nienakoming van die lêerplan het voorgekom, en die prosesse wat reeds ingestel is, is nie konsekwent toegepas nie. Die beleide en prosedures wat wel ingestel is, moet versterk word. Geen beleide is ingestel om nakoming te verseker van die metodes om met dokumente weg te doen nie.

Die implementeringstatus van regstellende optrede is 'n staande item op die Ouditkomitee se kwartaallike agenda, en die komitee hersien soos sake staan die vordering kwartaalliks.

- 3.2.6 Die OK het beklemtoon dat die Interne Beheereenheid in die jaar onder oorsig inspeksies afgehandel het wat gapings in beheer uitwys, en ook terreine waar die bestuur risiko's kan minimaliseer wat hoofsaaklik met batebestuur, beëindiging van personeel se diens en die tenderproses verband hou.
- 3.2.7 Die OK was wat risikobestuur betref tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallike finansiële en prestasieverslae wat die Rekenpligtige Beampte van die WKPP in die jaar onder oorsig opgestel en uitgereik het.
- 3.3 Beperkte hulpbronne (finansiële en menslike hulpbronne) het daartoe gelei dat sommige voorafbepaalde doelwitte nie behaal is nie. Voorbeelde is dat die vaardigheidsontwikkelingsplan en die praktiese oorskakeling na AARP nie vroeër uitgevoer kon word nie. Die finansiële beperkings het ook veroorsaak dat die kontrakte van kontrakwerkers nie hernu kon word nie.
- 3.4 Die WFBPPW is in September 2014 goedgekeur, en die vernaamste finansiële uitwerking op die instelling was die voorskrif om oor te skakel na 'n Ondernemingshulpbronbeplanningstelsel wat aan AARP voldoen. Die beplanning van die oorskakeling na hierdie stelsel duur voort, met 'n implementeringsdatum van 1 April 2017. Die WKPP het R2 miljoen van die 2014/15-begroting opsy gesit om tot 'n OHB-stelsel by te dra, wat na raming R6 miljoen tot R8 miljoen gaan kos. Gesprekke word deurlopend met die Provinsiale Tesourie gevoer oor die finansiering wat nodig is om die stelsel te implementeer.
- Intussen moet die instelling omskakelings met die hand doen om aan voorskrifte van die Tesourie te voldoen wat aanwasrekeningkunde betref. Tenders is aangevra om die instelling intussen hiermee by te staan. Die modernisering van nie net die finansiële bestuurstelsels nie, maar ook die menslikehulpbronstelsels is nodig omdat die huidige stelsels nie geïntegreer is nie. Die administratiewe las is op die oomblik swaar aangesien die stelsels onversoenbaar is.
- 3.5 Die riglyne oor menslike hulpbronne se afvaardigings en die ontwerp van die organisasie is opgestel, maar wag nog op goedkeuring. Die implementering van teikens is nie behaal nie, aangesien die assesserings van personeelvaardighede weens die koste betrokke en uitdagings met verkryging oor meer as een boekjaar gedoen moes word.
- 3.6 Die hersiening van die akkommodasieplan is nie behaal soos wat beplan is nie, aangesien die organisasie steeds besig is met 'n beplande organisatoriese herontwikkeling, wat die akkommodasiebehoefte beïnvloed. Sodra die proses afgehandel is, sal die WKPP met die Tesourie skakel oor die finansiering wat nodig is om die voorskrifte oor organisatoriese ontwerp te ondersteun. Die tempo van die afhandeling van die akkommodasieplan verloop stadig omdat verskeie faktore in ag geneem moet word, waaronder die uitslag van die werkstudie, wat die behoeftes van personeelakkommodasie kan raak. Die ingeslote ruimte is nie gestremdevriendelik nie, wat sodoende verder bydra tot die nodigheid van geskikte akkommodasie wat aan al die behoeftes van die instansie voldoen.
- 3.7 Die standaard-bedryfsprosedure vir sekerheid kon nie afgehandel word nie omdat die sekerheidsplan nie goedgekeur is nie.
- 3.8 Die Inligtingstegnologie-volwaardigheidsvlak is verbeter met die goedgekeurde raamwerk vir die IKT-bestuursbeleid en verwante beleide, prosesse en die implementering daarvan. 'n

Webtuiste vir die herwinning van inligting ingeval van 'n ramp is 'n behoefte waarvoor begroot en beplan moet word.

- 3.9 'n Ontwerpstrategie vir monitering en evaluering is saamgestel, maar nie goedgekeur nie omdat die funksionaliteit van die monitering en evaluering (gesentraliseer of gedentraliseer) steeds onseker was. In die afwesigheid van voldoende kapasiteit is die hoofamptenaar van die Tesourie gebruik om die monitering en evaluering te doen, en die instelling het hom tot 'n veel sterker fokus op monitering en evaluering in die toekoms verbind.
- 3.10 Fature wat nie binne 30 dae betaal is nie, het meestal verband gehou met tegniese kwessies en dispute wat met die fature verband hou. Een faktuur kon nie betaal word nie omdat die diensvlakoorreenskoms nog nie in plek was teen die tyd dat die faktuur ontvang is nie.
- 3.11 Die bateregister het nie 100% met werklike bates ooreengestem nie omdat sommige bates verkeerdelik as verbruiksgoedere ingedeel was. Daar was ook virtuele plasings wat nie in die bateregister moes gewees het nie.
- 3.12 Die WKPP was een van die respondente saam met die nasionale Parlement en die ander provinsiale Wetgewers in die saak in die Konstitusionele Hof oor die Wet op die Herstel van Grondregte, Wet 15 van 2014. Die instellings word uitgedaag oor die grondwetlikheid van die openbare deelnemingsproses wat gevolg is terwyl die wet 'n Artikel 76-wetsontwerp was. Tot op hede het die instelling R327 000 aan die saak bestee. R164 000 is in die jaar onder oorsig bestee.
- 3.13 Die prosedure waarvolgens enige politieke party private sekerheid op die terrein van die WKPP gebruik, moet duidelik gemaak word.

#### 4. Inligting aangevra

4.1 Die komitee het die WKPP versoek om:

Lys van inligting aangevra		WKPP-antwoord	Opgelos? Ja/Nee
4.1.1	Voorsien dit van 'n verslag oor die formulering van beleid oor die gebruik van private sekerheid op die Parlementêre terrein.	Sekerheid by die WKPP word gereguleer deur die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immunitete van die Parlement en Provinsiale Wetgewers en die Wet op Nasionale Sleutelpunte van 1980. Geeneen van hierdie twee wette verbied die gebruik van private sekerheid op die parlementêre terreine met die verloop en onder gesag van die Speaker nie.	Ja
4.1.2	Voorsien dit van 'n lys van die risiko's wat die interne oudit uitgewys het en hoe die risiko's versag is.	Inligting op 16 November 2015 aan die komitee voorsien.	Ja
4.1.3	Voorsien dit van die lys begunstigdes ten opsigte van gelde wat betaal is wat verband hou met:	Inligting op 16 November 2015 aan die komitee voorsien.	Ja
4.1.3.1	konsultante: sake- en adviesdienste;		
4.1.3.2	ondernemers;		
4.1.3.3	Agentskap- en ondersteunings- of uitkontrakteerde dienste;		
4.3.3.4	Prestasietoekennings wat toegeken is;		

Lys van inligting aangevra		WKPP-antwoord	Opgelos? Ja/Nee
4.1.3.5	reise;		
4.1.3.6	opleiding; en		
4.1.3.7	Regsdiens.		
4.1.4	Handel uitstaande kwessies af wat verband hou met die vorige jaar se aanbevelings oor openbare rekeninge soos vervat op bladsye 71 en 72 van die jaarverslag (nadat kennis geneem is dat vordering behaal is met die afhandeling van die meeste of al hierdie kwessies), soos volg:		
4.1.4.1	Die Speaker moet riglyne aan alle komitees gee oor die behandeling van geklassifiseerde dokumente wat by komitees ingedien word.	Die riglyne vir die behandeling van geklassifiseerde dokumente is ingesluit in die hersiening van die reëls en in Maart 2016 aan Lede uitgedeel.	Ja
4.1.4.2	Die Speaker moet riglyne aan alle komitees gee aangaande prosesse in komitees ten opsigte van klousule 28 (1) tot (3) van die Wes-Kaapse Grondwet.	Die riglyne aan alle komitees oor prosesse in komitees in verband met klousule 28 (1) tot (3) van die Wes-Kaapse Grondwet is ingesluit in die hersiene reëls wat in Maart 2016 aan Lede uitgedeel is.	Ja
4.1.4.3	Die Provinsiale Parlement moet die aanpassing en implementering van die model vir sektorale toesig prioritiseer.	Die beleid oor toesig en verantwoordelikheid is deur die Uitvoerende Owerheid goedgekeur en in Maart 2017 aan die komitee gestuur.	Ja
4.1.4.4	Die Provinsiale Parlement moet verseker dat erfenisbates opgespoor, gewaardeer en behoorlik bewaar word. Hulle moet ook 'n erfenisgoedereregister publiseer en 'n beleid hieroor finaliseer; en	Erfenisbates word gedek deur die omvattende batebestuursbeleid wat op 1 Januarie 2017 van krag geword het.	Ja
4.1.4.5	Die komitee moet van 'n verslag voorsien word wat die 16 gevalle met die opgeloopte waarde van R228 717,75 verduidelik waarin betalings ná meer as 30 dae gedoen is.	Inligting op 16 November 2015 aan die komitee voorsien.	Ja
4.2	Die komitee het die Ouditkomitee versoek om 'n lys van risiko's wat in verband met werknemerwelstand en dokumentebestuur geïdentifiseer is, aan hulle te voorsien.	Inligting op 16 November 2015 aan die komitee voorsien.	Ja

## 5. Gevolgtrekking

Die komitee prys die instelling omdat 'n ongekwalifiseerde oudit sonder bevindings oor voorafbepaalde doelwitte of nakoming van wetgewing en regulasies volgehou is.

Die komitee besef ook dat die voorskrifte van die WFBPPW, dat die WKPP na 'n geïntegreerde stelsel moet oorskakel wat jaarlikse finansiële state in die hand sal werk wat aan die AARP voldoen en die vloeï van inligting tussen alle sakefunksies fasiliteer, die organisasie onder druk plaas. Sommige van die implikasies van die WFBPPW is soos volg:

- Veranderinge aan bestaande prosesse is nodig. Voor die implementering van die OHB-stelsel wat aan AARP voldoen, moet die instelling intussen omskakelings met die hand doen om regulasies van die Tesourie na te kom in verband met aanwasrekeningkunde.

- Modernisering van nie net die finansiële bestuurstelsels nie, maar ook die menslikehulpbronsels is nodig omdat die huidige stelsels nie geïntegreer is nie. Op die oomblik is die administratiewe las te swaar omdat die stelsels onversoenbaar is.
- Standaard-bedryfsmetodes moet opgestel word wat die vereistes van 'n geïntegreerde finansiële bestuurstelsel sal laat ooreenstem en sal ondersteun.
- Operasionele gereedheid moet verseker word, wat die voldoende oorskakeling van 'n gewysigdekontantgrondslag van rekeningkunde na AARP sal waarborg.
- Geldtekorte wat die volledige uitoefening van die operasionele vereistes van die OHB-stelsel aan bande lê, moet voorkom word.

Die komitee sal steeds met die instelling skakel oor die begroting daarvan, die implementeringsplan van die WFBPPW en uitstaande sake wat in afdeling vier hier bo uitgewys is.

## **6. Bedankings**

Die voorsitter het die komitee se waardering uitgespreek vir die verskillende rolspelers se bydraes tot die komitee se toesighouding oor die WKPP se jaarverslag vir die jaar wat in Maart 2015 afgesluit is. Die voorsitter het die OG, die Ouditkomitee, Interne Oudit, die voorsittende beamptes en die administrasie van die WKPP bedank vir hul werk en bydraes in hierdie verband.

## **2015/16**

### **Verslag van die Parlementêre Toesigkomitee oor die 2015/2016-Jaarverslag van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, gedateer 16 November 2016**

#### **1. Inleiding**

Die Jaarverslag van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement (hierna "WKPP") is ter tafel gelê vir die 2015/16-boekjaar kragtens artikel 60(1) van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, Wet 10 van 2009, hierna "die Wet" of "WFBPPW", en op Woensdag 31 Augustus 2016 na die Parlementêre Toesigkomitee (hierna "die komitee") verwys. Die Jaarverslag van die WKPP dien om 'n rekord van die bedrywighede en prestasie van die Parlement se administrasie te verstrek, en om verantwoordelikheid te bevorder vir besluite wat in die jaar deur die Parlement se administrasie geneem is. Die prestasie van WKPP word bepaal ten opsigte van die prestasieteikens en begroting wat in breë trekke in die Strategiese Plan en Jaarlikse Prestasieplan van die WKPP vermeld word.

Die doel van die WFBPPW is om die finansiële bestuur van die Parlement en provinsiale wetgewers te reguleer op 'n manier wat strook met die status daarvan ingevolge die Grondwet; om te verseker dat alle inkomste, besteding, bates en laste van die Parlement en provinsiale wetgewers bekwaam, doeltreffend en deursigtig bestuur word; om die verantwoordelikhede van mense voor te skryf aan wie finansiële bestuur toevertrou word; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou. Ter nakoming van die gees van artikel 4 van die Wet het die komitee die Jaarverslag van die WKPP oorweeg om toesig te hou oor die finansiële bestuur van die WKPP se bestuur vir die betrokke boekjaar.

#### **2. Oorsig**

Die komitee het op 1 November 2016 om 08:00 vergader, waar hulle deur die Ouditeur-generaal (hierna "die OG") oor die uitslae van die WFBPPW-oudit ingelig is volgens 'n beknopte oorsig deur die Ouditkomitee (hierna "die OK"), wie se rol dit is om te verseker dat die WKPP volgens goeie bestuursbeginsels funksioneer, aan rekeningkundige en ouditstandaarde voldoen, en om te kontroleer dat toepaslike risikobestuursreëlings in plek is. Die OK monitor ook die toereikendheid en betroubaarheid van die finansiële inligting wat die WKPP verstrek het.

Die komitee het te werk gegaan deur eers met hierdie instansies te vergader om uit hul bevindings en moontlike bekommernisse voordeel te trek om die komitee te help om konstruktief by die toesig oor die WKPP betrokke te raak.

Die komitee het daarna met die WKPP vergader, waar inleidende kommentaar deur die Speaker en die Sekretaris van die Parlement gelewer is. Die jaarverslag van die WKPP vir 2015/16 is die eerste verslag oor die Strategiese Vyfjaarplan vir 2015/16 tot 2019/2020. Hierna is die toesig bladsy vir bladsy met die bestuur van die WKPP bespreek.

### **3. Bevindings**

3.1 Die komitee het van die volgende kennis geneem:

3.1.1 Die Ouditeur-generaal het bekend gemaak dat 'n rekeningkundige verandering van die gewysigdekontantstandaard na die standaarde van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (hierna "AARP") volgens aantekening 2.1 en 41 van die finansiële state in die 2015/16-boekjaar voorgekom het.

3.1.2 Die Ouditeur-generaal het die mening uitgespreek dat die finansiële state in alle wesenlike aspekte die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement soos op 31 Maart 2016 billik weergee, asook die finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat toe afgesluit is ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse standaarde van AARP en die voorskrifte van die WFBPPW.

3.1.3 Die Ouditeur-generaal het gerapporteer dat die WKPP 'n ongekwalifiseerde oudit volgehou het met geen bevindings oor voorafbepaalde doelwitte of nakoming van wetgewing en regulasies nie.

3.1.4 Die Ouditeur-generaal het geen beduidende bevindings aangaande voorafbepaalde doelwitte, verkryging, kontrakbestuur en menslike hulpbronne en vergoeding gemaak nie.

3.1.5 Die Ouditeur-generaal het gerapporteer dat die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2015 herformuleer is aangesien foute in die 2015/16-boekjaar in die finansiële state van die WKPP gevind is.

3.1.6 Die Ouditeur-generaal het geen beduidende tekortkomings in die interne beheerstelsels van die WKPP opgespoor nie.

3.1.7 Die Ouditeur-generaal het beklemtoon dat die WKPP met ingang van 31 Maart 2016 besig was om ondersoek te doen na 'n beweerde wedderregtelike toe-eiening van geld deur middel van bedrieglike eise.

3.2 Die komitee het ook kennis geneem van die volgende:

3.2.1 Die Interne Oudit het aangedui dat daar geen onopgeloste kwessies was aangaande operasionele en nakomingsbeheermaatreëls wat geïmplementeer is of tans nog deur die WKPP geïmplementeer word nie.

3.2.2 Die Interne Oudit het beklemtoon dat die WKPP se Interne Beheereenheid uit net een werknemer bestaan het wat aan die Hoof- Finansiële Beampte verslag doen. Hierdie werklikheid het die eenheid se vermoë beperk om die getal inspeksies vir die boekjaar onder oorsig uit te brei.



- 3.2.3 Die Interne Oudit het kennis geneem dat sekere aspekte van die interne beheerstelsel wat die WKPP toepas verbeter moet word, soos byvoorbeeld:
- 3.2.3.1 Toesigbesoeke: Moontlike risiko van verliese of besering van lede van die WKPP omdat onvoldoende sekerheidsdienste vir eksterne openbare verhore of besoeke deur die staande komitees gelewer is.
- 3.2.4 Enige veranderings van die rekeningkundige beleide, buiten dié wat die OG gerapporteer het, is voldoende in die jaarlikse finansiële state weerspieël.
- 3.2.5 Die vordering met die uitrol van die omvattende ondernemingsrisikobestuur en die opstelling van die kernrisiko's van die Wetgewer wat daarin vervat word, word bevestig.
- 3.2.6 Die Interne Oudit het beklemtoon dat hulle die volgende risiko's sal moniteer wat 'n nadelige uitwerking op die WKPP kan hê, soos byvoorbeeld:
- 3.2.6.1 Tesourie-regulasies;
- 3.2.6.2 WFBPPW: die inwerkingstelling van AARP in die WKPP;
- 3.2.6.3 WFBPPW: Regulasies van Voorsieningskanaalbestuur en die nakoming van reëls van die nasionale Tesourie verander voortdurend;
- 3.2.6.4 Kontantvloeibestuur gaan gebuk onder 'n beperkte begroting;
- 3.2.6.5 'n Beperkte begroting bring risiko's met reputasie en dienslewering mee;
- 3.3.6.6 Alle stelsels wat AARP ondersteun; en
- 3.3.6.7 Die geslaagde implementering van 'n ondernemingshulpbronpakket wat die werksaamhede en doeltreffende rekeningkundige bekendmaking van AARP sal ondersteun
- 3.2.7 Die Interne Oudit het kennis geneem van die Sekretaris en sy span se verbintenis om aandag te gee aan die gebreke in beheer wat gerapporteer is, en om weer eens 'n skoon oudit sonder bevindings te behaal. Dit is onder die omstandighede 'n prestasie aangesien die Sekretaris vervang is en die veeleisende WFBPPW en AARP-standaarde terselfdertyd in die boekjaar onder oorsig geïmplementeer is.
- 3.2.8 Die Interne Oudit het vier opdragte vir interne ouditversekering uitgevoer, naamlik:
- 3.2.8.1 toesigbesoeke;
- 3.2.8.2 prestasiebestuur;
- 3.2.8.3 oorbetalings; en
- 3.2.8.4 ondersteuning van voltallige vergaderings soos wat op bladsy 66 van die Jaarverslag van 2015/16 aangedui word.
- 3.2.9 Die Interne Oudit het bevestig dat die WKPP 'n Ondernemingsrisikobestuurskomitee tot stand gebring het om die Rekenpligtige Beampte by te staan in die uitvoering van sy pligte aangaande risikobestuur.

#### 4. Besluite

##### 4.1 Die komitee het aanbeveel dat die WKPP:

Aanbevelings		Antwoord van die WKPP	Opgelos Ja / No
4.1.1	Die komitee inlig oor sy organisasiestruktuur;	Hierdie saak is as 'n item vir bespreking op die agenda bestem vir die vergadering wat vir 26 Mei 2017 beplan is.	Ja
4.1.2	Die komitee inlig oor die uitdagings wat ondervind is met die aanvanklike implementering van die	Die komitee is in die derde kwartaal van die 2016/17-boekjaar ingelig.	Ja

Aanbevelings		Antwoord van die WKPP	Opgelos Ja / No
	Ondernemingshulpbronbeplanningstelsel wat in die 2015/16-boekjaar plaasgevind het;		
4.1.3	Die komitee inlig oor die groep werknemers wat prestasietoekennings vir die 2015/16-boekjaar ontvang het, wat 'n verduideliking behels van waarom die res van die instelling se personeel nie so 'n toekenning ontvang het nie;	Hierdie saak is as 'n item vir bespreking op die agenda bestem vir die vergadering wat vir 25 Augustus 2017 beplan is.	Ja
4.1.4	Die komitee inlig oor die swakhede van interne bestuur ten opsigte van toesigbesoeke, risiko vir verliese, voorsieningskanaalbestuur- en tesourieregulasies, asook die uitdagings met kontantvloeï wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in die 2015/16-boekjaar ondervind het; en	Hierdie saak is as 'n item vir bespreking op die agenda bestem vir die vergadering wat vir 25 Augustus 2017 beplan is.	Ja
4.1.5	'n Meganisme ontwikkel en implementeer wat moontlik die kostes van spyseniering vir die instelling sal verminder.	Hierdie saak is as 'n item vir bespreking op die agenda bestem vir die vergadering wat vir 26 Mei 2017 beplan is.	Ja

## 5. Inligting aangevra

5.1 Die komitee het aanbeveel dat die WKPP die volgende aan hulle voorsien:

Lys inligting aangevra		WKPP-antwoord	Opgelos? Ja/Nee
5.1.1	'n Verslag wat aandui of die WKPP in die 2015/16-boekjaar op toegevoegde-waarde-ouditering gefokus het, soos wat op bladsy vier van die Ouditkomitee se inligtingstuk aan die komitee te kenne gegee word;	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.2	'n Gedetailleerde verslag wat die totale getal subprosesse uitlig wat deur die interne oudit van die 2015/16-boekjaar gedek moes word, soos wat op bladsy sewe van die Ouditkomitee se inligtingstuk aan die komitee te kenne gegee word;	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.3	'n Verslag oor die voordele wat verkry is uit die bekendstelling van Projek Groei deur die WKPP vir die 2015/16-boekjaar, soos wat op bladsy 20 van die Jaarverslag te kenne gegee word;	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.4	'n Eksemplaar van die dokument oor toesig en rekeningkundige beleid wat by die Uitvoerende Owerheid vir goedkeuring ingedien is, soos wat op bladsy 21 van die jaarverslag te kenne gegee word;	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.5	'n Gedetailleerde verslag oor die meganisme wat gebruik is om die resultate van die uitreikingsprogramme van die WKPP se eenheid vir openbare	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja

Lys inligting aangevra		WKPP-antwoord	Opgelos? Ja/Nee
	opvoeding en uitreiking te bepaal, soos wat op bladsy 22 van die jaarverslag te kenne gegee word;		
5.1.6	'n Lys van die erfenisgoedere in die WKPP, ooreenkomstig die batebestuursplan, wat die markwaarde van hierdie erfenisgoedere insluit, soos wat op bladsye 53 en 155 (Nota 12) van die jaarverslag te kenne gegee word;	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.7	'n Eksemplaar van die ontwerp-ouderdomsprofiel van die WKPP-werknemers, soos wat op bladsy 84 (Tabel 9.9) van die jaarverslag te kenne gegee word;	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.8	'n Verslag oor die wangedrag- en tugverhore wat die WKPP in die boekjaar onder oorsig afgehandel het, soos wat op bladsye 90 en 91 van die jaarverslag te kenne gegee word;	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.9	'n Gedetailleerde verslag oor die ondersoek van die WKPP oor 'n bewering van moontlike onregmatige toe-eiening van geld met behulp van bedrieglike eise, soos wat op bladsy 97 (Nota 20) van die jaarverslag te kenne gegee word;	Die komitee is ingelig dat hierdie verslag net van die Gedragskomitee verkry kan word.	Ja
5.1.10	'n Eksemplaar van Opdrag 8: Oorgangsdekking van die Parlement vir die provinsiale wetgewers van AARP soos deur die Raad vir Rekeningkundige Standaarde voorgeskryf en waaraan die WKPP voldoen het, soos wat op bladsy 138 van die Jaarverslag te kenne gegee word; en	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja
5.1.11	'n Uiteensetting van alle oorsese reise in die 2015/16-boekjaar, soos wat op bladsy 167 (Nota 28) van die jaarverslag te kenne gegee word.	Inligting op 31 Januarie 2017 aan die komitee voorsien.	Ja

## 6. Slotsom

Die komitee prys die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement omdat hulle 'n ongekwalifiseerde audit sonder bevindings oor voorafbepaalde doelwitte of nakoming van wetgewing en regulasies ontvang het.

Die komitee sal steeds met die instelling skakel oor die begroting, WFBPPW-implementering en onafgehandelde sake in die voorgenoemde afdelings, wat die komitee se besluite en versoeke om inligting bevat.

## 7. Bedankings

Die voorsitter het die komitee se waardering uitgespreek vir die antwoorde van die verskillende rolspelers op die toesighouding van die komitee aangaande die WKPP se jaarverslag wat op Maart 2016 afgesluit is. Die voorsitter het die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, die

Ouditkomitee, Interne Oudit, die voorsittende beamptes en die WKPP-administrasie bedank vir hul moeite en bydraes in hierdie verband.

**8. Openbare deelname**

Die WKPP se jaarverslagprogram vir die 2015/2016-boekjaar is in koerante geadverteer om belanghebbendes en lede van die publiek te nooi om dit by te woon en aan die besprekings deel te neem.

Lede van die publiek het ook 'n geleentheid gekry om vrae te stel en bydraes tydens die besprekings te lewer. Geen bydraes is ontvang nie.

**9. Voorafgaande wysigings aan ouditverslae**

Daar was geen voorafgaande wysigings aan die ouditverslag in die 2016/17-boekjaar nie.

**10. Interne Beheereenheid**

Die Interne Beheereenheid het steeds vir die grootste deel van die boekjaar met een werknemer gefunksioneer, met 'n bykomende aanstelling aan die einde van die boekjaar.

Die eenheid het hul werk voortgesit om swakhede in beheer met behulp van inspeksies op te spoor, en gehelp met die voorbereiding vir die oudit deur middel van agterna-ouditering van alle transaksiedokumente.

Drie terreine is beplan en afgehandel deur die jaar:

- Kredietkaartgebruik;
- Parlementêre boetiek;
- Skryfbehoeftes; en
- Voorafbepaalde doelwitte.

Opvolginspeksies is gedoen oor inspeksies wat in die vorige jaar afgesluit is. Die eenheid het ook gereeld enige bevindings van die Interne Oudit en Ouditeur-generaal opgevolg om afhandeling binne die voorgeskrewe tydraamwerk moontlik te maak.

Ondersoeke na verliesbeheer word ook gedoen, met verliese wat indien nodig óf afgeskryf óf indien moontlik herwin word.

Die eenheid dien steeds as 'n skakel tussen die WKPP en die Departement van die Premier wat die Interne Ouditfunksie as 'n hulpdiens verrig, wat die Ouditkomitee insluit.

**11. Interne Oudit en Ouditkomitees**

Interne Oudit lewer bestuur met onafhanklike, onpartydige versekering en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en voortdurend die werksaamhede van die instelling te verbeter. Dit help die instelling om hul doelwitte te behaal deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering teweeg te bring om die doeltreffendheid van bestuur-, risikobestuur- en beheerprosesse te beoordeel en te verbeter.

Die volgende kernbedrywighede word in hierdie opsig verrig:

- Assesseer en doen toepaslike aanbevelings om die beheerprosesse te verbeter sodat instelling se doelwitte behaal word;
- Evalueer die toereikendheid en doeltreffendheid en dra by tot die verbetering van die risikobestuurprosesse; en

- Staen die Rekenpligtige Beampte by met die instandhouding van doeltreffende en bekwame beheermiddels deur aanbevelings vir verbetering of versterking te doen.

**Die volgende versekeringsopdragte is goedgekeur en met die Interne Ouditplan van 2016/17 afgehandel:**

- Fisiese sekerheid;
- Taaldienste – vertalings;
- Oorbetalings;
- Regsdienste;
- Rampherstellingsplan; en
- IKT-bestuur.

Die Ouditkomitee is as instansie van toesig aangestel, wat onafhanklike toesig oor bestuur, risikobestuur en beheerprosesse in die instelling lewer. Dit behels toesig en verantwoordelikhede ten opsigte van:

- Eksterne ouditfunksie (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika – OGSA);
- Rekeningkunde en verslagdoening;
- Rekeningkundige beleide;
- Hersiening van OGSA-verslag oor bestuur en audit;
- Hersiening van injaarmonitering;
- Risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte; en
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Die tabel hier onder maak relevante inligting oor die Ouditkomiteelede bekend:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr Mervyn Burton	CA (SA); CFP; BCompt; BCompt (hons)	Ekstern	1 Januarie 2012	NVT	8
Mnr. Louw van der Merwe	CA (SA); ACMA; CIA; CISA; CRMA	Ekstern		Kontrak in November 2016 afgesluit	8
Mnr Zaid Manjra	Magister in Sakeleierskap (MBL); CA (SA) Koste-en-bestuursrekeningkundige – CIMA (slaag eindeksamen)	Ekstern		Bedank in April 2016	2
Me Merle Kinnes	BA; LLB; Sertifikaat in Forensiese Onderzoek; prokureur van die Hooggeregshof van SA	Ekstern	1 Januarie 2016	NVT	9
Mnr Yaseen Ismail	CA (SA), RA, Belasting (hons), GBO	Ekstern	1 Mei 2016	NVT	7
Mnr Jeremy James Fairbairn	Sertifikaat in Algemene Bestuur en Konsultasiedienste; BCom (hons) (Sakebestuur), BCom (hons), BCom (Regte), Hoëronderwysdiploma	Ekstern	1 Januarie 2017 (eerste termyn)	NVT	1

## **12. Ouditkomitee se verslag**

Ons lê graag ons verslag voor vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2017.

### **Verantwoordelikheid van Ouditkomitee**

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit voldoen het aan sy verantwoordelikhede wat spruit uit artikel 47 van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (WFBPPW) en Tesourie-regulasies 3.1. Die Ouditkomitee rapporteer ook dat dit 'n toepaslike formele opdrag aanvaar het, sy sake in die nakoming van hierdie opdrag gereguleer het, en al sy verantwoordelikhede nagekom het soos wat dit daarin vervat is.

### **Die doeltreffendheid van Interne Beheer**

In ooreenstemming met die WFBPPW en Tesourie-regulasies voorsien die Interne Oudit die Ouditkomitee en bestuur van redelike versekering dat die interne beheermiddels voldoende en doeltreffend is. Dit is deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne-uditplan behaal, waarvolgens die Interne Oudit die toereikendheid van beheermiddels assesseer wat die risiko's versag, en die Ouditkomitee die implementering van korrektiewe aksies monitor.

Die volgende opdragte aan die Interne Oudit is deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur die Interne Oudit in die jaar onder oorsig afgehandel:

- Fisiese sekerheid;
- Taaldienste – vertalings;
- Oorbetalings;
- Regsdienste;
- Rampherstellingsplan; en
- IKT-bestuur.

Die bestuur het met die terreine vir verbetering saamgestem, waarop die Interne Oudit in die verrigting van hul werk gelet het. Die Ouditkomitee monitor die implementering van die ooreengekome optredes op 'n kwartaalike grondslag.

### **Injaarbesteding en maandelikse/kwartaalike verslag**

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaalike injaarbesteding- en prestasieverlae wat in die jaar onder oorsig deur die Rekenpligtige Beampte van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement uitgereik is ooreenkomstig die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (WFBPPW).

### **Evaluering van finansiële state**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde jaarlikse finansiële state, wat in die jaarverslag ingesluit gaan word, hersien en bespreek met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) en die Rekenpligtige Beampte;
- veranderings aan rekeningkundige beleide en praktyke hersien soos wat dit in die jaarlikse finansiële state gerapporteer word; en
- wesenlike aanpassings as gevolg van die oudit van die WKPP hersien.

### **Nakoming**

Die Ouditkomitee het die WKPP se prosesse vir nakoming van regs- en regulatoriese voorskrifte hersien.

**Prestasie-inligting**

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte hersien soos wat dit in die jaarverslag gerapporteer word.

**Verslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het:

- die OGSA se bestuursverslag en die bestuur se antwoorde daarop hersien;
- die instelling se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die voorafgaande jaar geopper is, kwartaalliks hersien;
- met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese oudit gespruit het nie.

Korrektiewe optrede oor die gedetailleerde bevindings wat die OGSA geopper het, word op 'n kwartaallikse grondslag deur die Ouditkomitee gemonitor. Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening aangaande die jaarlikse finansiële state, en stel voor dat hierdie geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en met die OGSA se verslag saamgelees word.

Die Ouditkomitee prys die instelling omdat hulle steeds 'n ongekwalifiseerde ouditmening sonder enige bevindings ontvang het.



---

**Mervyn Burton**  
**Voorsitter van die Ouditkomitee**  
**Wes-Kaapse Provinsiale Parlement**  
**10 Augustus 2017**

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



## DEEL D MENSLIKEHULPBRONNE-BESTUUR

Posbus 648, Kaapstad  
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town  
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa  
8000, Mzantsi Afrika

[www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)  
+27 21 487 1600



## 1. Inleiding

Die Menslikehulpbronne-afdeling van die jaarverslag verstrek omvattende inligting oor die menslikehulpbronne-verwante aktiwiteite van die WKPP vir die jaar onder oorsig. Die meeste van die inligting neig om statisties te wees; dus word grafieke en ontledings ingesluit om lesers 'n beter begrip te gee van die impak of belang van die statistiek wat weergegee word.

Menslikehulpbronnebestuur het toenemend verander in 'n strategiese diens wat waarde toevoeg en dit sal in hierdie jaarverslag weergegee word.

**Nota:** Let asseblief daarop dat in alle statistiese inligting wat voorsien word, die syfers verband sal hou met alle werknemers wat vir die hele boekjaar in diens geneem is. Net waar dit uitdruklik gestel word "soos op 31 Maart 2016 of 1 April 2017" sal die syfers die posisie op daardie spesifieke dag weergee.

## 2. Menslikehulpbronnestrategie

Terwyl behoud die fokus van die voorafgaande vyfjaar-MH-strategie was, is modernisering die fokus van die huidige MH-strategie.

Die vernaamste fokusterrein was die verkryging van 'n geïntegreerde menslikehulpbronne-, finansiëlebestuur- en verkrygingstelsel. Dit is in die vooruitsig gestel dat die uitgebreide integrasie en outomatisasie nie net grootliks sou bydra tot die modernisering van die transaksionele en rapporteringprosesse nie, maar ook werknemers in staat sou stel om meer tyd te bestee aan moderne menslikehulpbronne-prosesse wat waarde toevoeg.


Die organisasiewye vaardigheidsontwikkelingsprogram genaamd Projek Groei, wat in Oktober 2015 begin het, is regdeur die 2016/17-boekjaar voortgesit. Met die opleiding word beoog om 'n stewige grondslag te bou wat deur alle werknemers gedeel word, en om die kritieke vaardighede te voorsien wat vir individuele bekwaamheid nodig is. In terugvoering van werkwinkels wat in November 2016 gehou is, het individuele voordele oorweldigend positief geblyk te wees, met 92% van werknemers wat aangedui het dat hulle die program geniet. Altesame 86% het aangedui dit bevoordeel hulle in hul werksomgewing en 84% het aangedui dit het 'n positiewe uitwerking op hulle in hul algemene lewe.

Die tabel hier onder vertoon sommige van die aanwysers van menslikehulpbronnebestuur en die organisatoriese landskap oor die afgelope vyf jaar:

	2010/2011	2011/2012	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016
<b>* Personeel-besteding</b>	R24,5 miljoen	R27 miljoen	R32 miljoen	R39 miljoen	R46 miljoen	R49 miljoen
<b>Vakaturekoers</b>	10%	17%	9,3%	6,6%	3,8%	4,8%
<b>Werknemer-sterkte</b>	78	78	88	99	101	99
<b>Aanstellings</b>	15	12	16	15	11	12
<b>Beëindigings</b>	6	9	4	3	5	5
<b>Gemiddelde siekverlof</b>	8.6	7.04	5	6	8.18	9
<b>Studiehulp</b>	23	19	12	12	12	16

\*Gewysigdekontantsyfers

3. Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2017



**Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2017**

**Kantoor van die Speaker**

Kantoorbestuurder  
Uitvoerende persoonlike assistent  
Ontvangsdame en registrasieklerk (vakant)  
Media-en-protokolbeampte  
Persoonlike assistent: Adjunkspeaker

**Parlementêre Tesourie**

Hooftesouriebeampte

**Kantoor van die Sekretaris**

Sekretaris  
Uitvoerende persoonlike assistent  
Diensbeampte (vakant)  
Korporatiewe regsadviseur (ongefinansier)  
Hoofbedryfsbeampte (vakant)

**Korporatiewe Dienste**

Adjunksekretaris  
Kantooradministrateur  
Diensbeampte  
Twee regsadviseurs

**Proseduredienste**

Adjunksekretaris (vakant)  
Kantooradministrateur  
Twee diensbeamptes

**Kantoor van die Hoof- Finansiële Beampte**

Hoof- Finansiële Beampte  
Hoofrisikobeampte  
Twee internebeheerbeamptes  
Kantooradministrateur  
Diensbeampte

**Kantoor van die Hoof- Parlementêre Beampte**

Hoof- Parlementêre Beampte

**Menslikehulpbronnebestuur**

Bestuurder  
Senior MH-beampte  
Twee MH-beamptes  
Twee Ledesakebeamptes  
MH-klerk

**Sekerheid-en-geriewebestuur**

Bestuurder  
Senior administratiewe beampte  
Twee administratiewe klerke (Vakature)

Bestuurder of administratiewe klerk

**Inligting-en-kommunikasietegnologie**

Bestuurder

Senior IKT-beampte (vakant)

IKT-beampte: infrastruktuur

IKT-beampte

Twee IKT-assistente

IKT-assistent: netwerk (vakature)

**Kommunikasie en Inligting**

Bestuurder

Nuwemediabeampte

OS-beampte

OS-assistent

Ontvangsdame

Senior bibliotekaris

Bibliotekaris

Administratiewe beampte

Registrasieklerk

Skakelbordoperateur

**Finansies**

Bestuurder

Twee senior rekenmeesters

Twee rekenmeesters

Drie rekenmeesterklerke

**Voorsieningskanaalbestuur**

Bestuurder

Twee senior VKB-beamptes

Twee VKB-beamptes

Twee VKB-klerke

Administratiewe beampte

**Openbare Opvoeding en Uitreik**

Bestuurder

Senior OOU-beampte

Twee OOU-beamptes

Twee OOU-assistente

**Taaldienste**

Redakteur (vakant)

Senior taalpraktisyn

Twee taalpraktisyns

**Komitees**

Bestuurder

Drie senior komiteekoördineerders

Nege komiteekoördineerders

NRVP-beampte

Drie komitee-assistente  
 Senior navorser  
 Drie navorsers (vakature)

#### Raadswerksaamhede

Bestuurder  
 Twee senior parlementêre beamptes  
 Parlementêre beampte (ongefinansier)  
 Dokumenteklerk

#### 4. Besteding

Die WKPP bepaal sy begroting volgens duidelik gedefinieerde programme. Die volgende tabelle som die finale geouditeerde besteding volgens program (Tabel 4.1) en volgens salarisbande (Tabel 4.2) op. In die besonder verstrek dit 'n aanduiding van die bedrag wat volgens elk van die programme of salarisbande aan personeelkoste bestee is.

Aantekeninge:

- Let asseblief daarop dat sommige werknemers op meer as een salarisband of -vlak in die boekjaar was. Hulle sal dan op meer as een vlak weergegee word, wat tot gevolg het dat werknemertotale skynbaar nie klop nie.
- Die personeelbesteding in die finansiële state verskil van die personeelbesteding in die jaarverslag. Dit is as gevolg van die oorskakeling van gewysigdekontantrekeningkunde na aanwasrekeningkunde. Die finansiële state sluit onder meer in voorsiening vir werknemervoordele wat nie werklike betalings is nie.

##### 4.1 Personeelkoste volgens program, 2016/17

Program	Personeelbesteding R'000	Totale besteding R'000	Besteding aan opleiding R'000	Personeelkoste as 'n % van totale besteding	Gemiddelde personeelkoste per werknemer R'000
Program 1 Administrasie	36 492	55 228	807	66%	521
Program 3 Parlementêre dienste	16 800	22 479	303	75%	494
<b>Totaal</b>	<b>53 292</b>	<b>77 707</b>	<b>1 110</b>	<b>69%</b>	<b>498</b>

*\*Hierdie bedrag sluit statutêre begroting vir Lede van die WKPP en Program 2: Geriewe en voordele vir Lede en politieke partye uit.*

Program 3 het histories minder werknemers as Program 1 omdat Program 1 uit meer afdelings bestaan. Dit sluit in die kantore van die Speaker en Sekretaris. Op 31 Maart 2017 was daar 63 werknemers in Program 1 en 32 in Program 3.

##### 4.2 Personeelkoste volgens salarisbande, 2016/17

Salarisbande	Getal werknemers	Personeelbesteding R'000	% van totale personeelkoste	Gemiddelde personeelkoste per werknemer R'000
Laergeskool (Band A1 – B1)	5	1 063	2%	213
Geskool (Band B2 – C3)	63	23 919	45%	380
Hoogsgeskoolde produksie (Band C4 – C5)	19	10 736	20%	565
Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	13	11 969	22%	920
Senior bestuur (Band D4 – E2)	4	5 547	10%	1 387

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel D: Menslikehulpbronnebestuur

<b>Interns</b>	<b>3</b>	<b>58</b>	<b>0.1%</b>	<b>19</b>
----------------	----------	-----------	-------------	-----------

\* Ander betalings verwys na lewensversekering vir werknemers wat maandeliks vir die ganse werknemerkomplement betaal word.

#### 4.2.1 Personeelkoste volgens bevolkingsgroep, 2016/17

Begunstigdeprofiel	Getal werknemers	Personeelkoste volgens ras R'000	% van totale personeelkoste
Swart	25	11 133	21%
Indiër	5	3 126	6%
Bruin	60	30 143	57%
Wit	14	8 832	17%
<b>Interns en ander betalings</b>	<b>3</b>	<b>58</b>	<b>0.1%</b>
<b>Totaal</b>	<b>107</b>	<b>53 292</b>	<b>100%</b>

#### 4.2.2 Personeelkoste volgens geslag, 2016/17

Begunstigdeprofiel	Getal werknemers	Personeelkoste volgens geslag R'000	% van totale personeelkoste
Mans	54	30 718	57%
Vroue	50	22 516	42%
<b>Interns en ander betalings</b>	<b>3</b>	<b>58</b>	<b>0.1%</b>
<b>Totaal</b>	<b>107</b>	<b>53 292</b>	<b>100%</b>

Die volgende tabelle verstrek 'n opsomming per program (Tabel 4.3) en salarisbande as 'n persentasie van die totale personeelkoste (Tabel 4.4), en salarisbande as 'n persentasie van die totale personeelkoste vir daardie band (Tabel 4.5) van besteding aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand. Hierdie tabelle sluit interns en ander betalings uit soos wat hier bo verduidelik is.

#### 4.3 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds per program, 2016/17

Program	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag R'000	Salarisse as 'n % van personeelkoste per program	Bedrag R'000	Oortyd as 'n % van personeelkoste	Bedrag R'000	HET as 'n % van personeelkoste	Bedrag R'000	Mediese bystand as 'n % van personeelkoste
Program 1	25 650	52%	122	0.25%	1,855	3.75%	377	0.76%
Program 3	11 547	23%	168	0.34%	1,174	2.38%	254	0.51%
<b>Totaal</b>	<b>37 197</b>	<b>75%</b>	<b>290</b>	<b>0.59%</b>	<b>3,029</b>	<b>6.13%</b>	<b>631</b>	<b>1.28%</b>

#### 4.4 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds volgens salarisbande, 2016/17 (% van die totale personeelkoste)

Salarisbande	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag R'000	Salarisse as 'n % van totale personeelkoste	Bedrag R'000	Oortyd as 'n % van totale personeelkoste	Bedrag R'000	HET as 'n % van totale personeelkoste	Bedrag R'000	Mediese bystand as 'n % van totale personeelkoste
Laergeskool (Band A1 – B1)	590	1.19%	5	0.01%	159	0.32%	-	-
Geskool (Band B2 – C3)	16 541	33.48%	146	0.3%	2 095	4.24%	417	0.84%
Hoogsgeskoelde produksie (Band C4 – C5)	7 578	15.34%	127	0.26%	774	1.57%	116	0.24%

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel D: Menslikehulpbronnebestuur


Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	8 484	17.17%	12	0.02%	-	-	61	0.12%
Senior bestuur (Band D4 – E2)	4 004	8.1%	-	-	-	-	37	0.07%
<b>Totaal</b>	<b>37 197</b>	<b>75.29%</b>	<b>290</b>	<b>0.59%</b>	<b>3 029</b>	<b>6.13%</b>	<b>631</b>	<b>1.28%</b>

**4.5 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelaes en mediese fonds volgens salarisbande, 2016/17  
 (% van die onderskeie salarisbande)**

Salarisbande	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelaes		Mediese bystand	
	Bedrag R'000	Salarisse as 'n % van personeelkoste per salarisband	Bedrag R'000	Oortyd as 'n % van personeelkoste per salarisband	Bedrag R'000	HET as 'n % van personeelkoste per salarisband	Bedrag R'000	Mediese bystand as 'n % van personeelkoste per salarisband
Laergeskool (Band A1 – B1)	590	57%	5	0.49%	159	16%	-	-
Geskool (Band B2 – C3)	16 541	75%	146	0.61%	2 095	9.46%	417	2%
Hoogsgeskoolde produksie (Band C4 – C5)	7 578	86%	127	1.18%	774	9%	116	1.33%
Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	8 484	77%	12	0.10%	-	-	61	0.55%
Senior bestuur (Band D4 – E2)	4 004	62.49%	-	-	-	-	37	0.57%
<b>Totaal</b>	<b>37 197</b>	<b>75.41%</b>	<b>290</b>	<b>0.54%</b>	<b>3 029</b>	<b>6.13%</b>	<b>631</b>	<b>1.28%</b>

**5. Indiensneming en vakatures**

Die volgende tabelle som die getal poste, gefinansier en ongefinansier, in die instelling, die getal werknemers en die vakaturekoers op. Die inligting word verstrek volgens drie kernveranderlikes, dit wil sê program (Tabel 5.1), salarisband (Tabel 5.2) en kritieke beroepe.



Daar was sedert 2007/08 'n bestendige afname in die vakaturekoers van die WKPP. Die WKPP het begin met 'n aggressiewe werwingsveldtog gekombineer met die implementering van die middelwaarde van die betrokke vergoeding in die arbeidsmark. Twee aftredes binne 'n jaar het 'n negatiewe uitwerking op die WKPP se vakaturekoers vir 2016/17 gehad.

#### 5.1 Indiensneming en vakatures volgens program, 31 Maart 2017:

Program	Getal poste	Getal gefinansierde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers	Vakaturekoers vir gefinansierde poste
Program 1	72	70	63	12.5%	10%
Program 3	36	34	32	11.00%	5.88%
<b>Totaal</b>	<b>108</b>	<b>104</b>	<b>95</b>	<b>12%</b>	<b>8.6%</b>

#### 5.2 Indiensneming en vakatures volgens salarisbande, 31 Maart 2017:

Die inligting in elke geval weerspieël die situasie soos op 31 Maart 2017. Verwys asseblief na afdeling 7 van hierdie verslag vir 'n aanduiding van die personeelveranderinge in die tydperk onder oorsig.

Salarisband	Getal poste	Getal gefinansierde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers	Vakaturekoers vir gefinansierde poste
Laergeskool (Band A1 – B1)	4	4	4	-	-
Geskool (Band B2 – C3)	64	64	56	12.5%	12.5%
Hoogsgeskoolde produksie (Band C4 – C5)	19	19	18	5.26%	5.26%
Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	16	13	13	18.75%	-
Senior bestuur (Band D4 – E2)	5	5	4	20%	20%
<b>Totaal</b>	<b>108</b>	<b>104</b>	<b>95</b>	<b>12%</b>	<b>8.65%</b>

#### 5.3 Indiensneming en vakatures volgens kritieke beroep, 31 Maart 2017:

Geen kritieke beroepe is aan die begin van die 2016/17-boekjaar geïdentifiseer nie.



## 6. Seniorbestuursdiensinligting

### 6.1 Aanstellings in seniorbestuursdiensposte:

Die tabelle in hierdie afdeling verstrek inligting oor indiensneming en vakatures soos wat dit volgens salarisvlak met lede van die seniorbestuursdiens verband hou. Dit verstrek ook inligting oor die advertering van en aanstellings in seniorbestuursdiensposte. Die bepaling van die Staatsdiensregulasies is nie van toepassing op die WKPP nie en daar word daarom nie daarvoor verslag gedoen nie.

#### Inligting oor seniorbestuursdiensposte soos op 31 Maart 2017

SBD-vlak	Totale getal gefinansierde SBD-poste	Totale getal SBD-poste gevul	% SBD-poste gevul	Totale getal SBD-poste vakant	% SBD-poste vakant
E2	1	1	100%	-	-
E1	2	1	50%	1	50%
D4	2	2	100%	-	-
<b>Totaal</b>	<b>5</b>	<b>4</b>	<b>75%</b>	<b>1</b>	<b>25%</b>

#### Advertering van en aanstellings in seniorbestuursdiensposte vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017

Geen advertensies nie.

## 7. Posevaluering

Sewe poste is in die 2016/17-boekjaar geëvalueer. Drie van hierdie poste was nuut, en het daarom nie 'n opgradering van salarisvlakke tot gevolg gehad nie. Twee is op hul bestaande vlak gegradeer.

### 7.1 Profiel van werknemers wie se posisies opgegradeer is omdat hul poste opgegradeer is:

Beroep	Getal werknemers	Oorspronklike vlak	Posevalueringvlak
-	-	-	-

Die volgende tabel som die getal gevalle op waarin vergoedingsband die graad oorskry het wat deur posevaluering bepaal is. Redes vir die afwyking word in elke geval verstrek.

### 7.2 Werknemers met salarisvlakke hoër as wat deur posevaluering volgens beroep bepaal is:

Beroep	Getal werknemers	Posevalueringvlak	Vergoedingvlak	Rede vir afwyking
Administrasieklerk	1	B3	B5	Historiese graadkruipung
<b>Persentasie van totale indiensneming</b>				<b>1%</b>

Hierdie werknemers word almal rooi omkring en spesifieke beginsels is op hul vergoeding van toepassing.

Die volgende tabel som die begunstigdes van bogenoemde op volgens ras, geslag en gestremdheid.

### 7.3 Profiel van werknemers met salarisvlakke hoër as wat deur posevaluering bepaal is:

Begunstigde	Swart	Asiër	Bruin	Wit	Totaal
Vroue	-	-	1	-	1
Mans	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	-	-	<b>1</b>	-	-
<b>Werknemers met 'n gestremdheid</b>	-	-	-	-	-

## 8. Indiensnemingverandering

<b>Totale getal werknemers wie se vergoeding die graad oorskry het wat deur posevaluering in 2016/17 bepaal is</b>	<b>1</b>
--	----------

Hierdie afdeling verstrek inligting oor veranderinge in indiensneming in die boekjaar. Omsetkoerse gee 'n aanduiding van neigings in die indiensnemingprofiel van die WKPP. Die volgende tabelle gee 'n opsomming van omsetkoerse volgens salarisband.

**8.1 Jaarlikse omsetkoerse volgens salarisband vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**


Salarisband	Getal werknemers per band soos op 1 April 2016	Aanstellings en verplasinge na die WKPP		Beëindigings en verplasinge uit die WKPP	Omsetkoerse
		Intern	Ekstern		
Laergeskool (Band A1 – B1)	5	-	-	1	20%
Geskool (Band B2 – C3)	60	-	3	7	11.66%
Hooggeskoolde produksie (Band C4 – C5)	17	-	2	1	5.88%
Hooggeskoolde toesig (Band D1 – D3)	13	-	-	-	-
Senior bestuur (Band D4 – E2)	4	-	-	-	-
<b>Totale getal werknemers</b>	<b>99</b>	<b>-</b>	<b>5</b>	<b>9</b>	<b>9%</b>
Interns	-	-	3	-	

Die WKPP kon 'n drastiese ommekeer ten opsigte van aanstellings en bedankings oor die afgelope ses jaar bewerkstellig.

	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
<b>Aanstellings</b>	12	19	15	5	11	5
<b>Bedankings</b>	9	5	3	3	5	9
<b>Verhouding</b>	4:3	3,8:1	5:1	1,7:1	2,2:1	1:1.8

Die hoogste verhouding van aanstellings tot bedankings is in 2013/14 gerapporteer, toe dit twee keer hoër was as wat dit ses jaar tevore was. Die WKPP was baie suksesvol met die groot bekommernis van die hoë vakaturekoerse.

	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
<b>Vakaturekoerse</b>	16%	8%	6.6%	3.8%	4.8%	8.65%



April, Mei, Junie, Julie, Augustus, September, Oktober, November, Desember, Januarie, Februarie, Maart

Die personeelsterkte van die WKPP het in hierdie boekjaar afgeneem. Vyf aanstellings is gedoen, terwyl nege werknemers die instelling verlaat het. Twee van die nege werknemers het afgetree, een werknemer se kontrak het verval en 'n ander werknemer is weens wangedrag afgedank.

**8.2 Jaarlikse omsetkoerse volgens kritieke beroep vir die tydperk April 2016 tot 31 Maart 2017**  
 Geen.

**8.3 Redes waarom personeel die WKPP verlaat:**

Soort beëindiging	Getal	% van totaal
Dood	-	-
Bedanking	5	55.55%
Verstryking van kontrak	1	11.11%
Afdanking – operasionele redes	-	-
Afdanking – wangedrag	1	11.11%
Ontslaan weens siekte	-	-
Aftrede	2	22.22%
Ander	-	-
Verplasing na ander staatsdiensdepartemente	-	-
<b>Totaal</b>	<b>9</b>	<b>8.65%</b>
Totale getal werknemers wat vertrek het as 'n % van die totale indiensneming		
Interns	1	

	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
<b>Vakature-koers</b>	16%	8%	6.6%	3.8%	4.8%	8.65%

**8.4 Bevorderings volgens kritieke beroep:**

Die WKPP se werwing-en-keuringbeleid het nie voorsiening gemaak vir bevordering in die boekjaar onder oorsig nie. In hierdie stadium is geen kritieke beroepe geïdentifiseer nie.

**8.5 Bevorderings volgens salarisbande:**

Die WKPP se werwing-en-keuringbeleid het nie voorsiening gemaak vir bevordering in die boekjaar onder oorsig nie.

**9. Diensbillikheid:**

Let wel: Vir die doeleindes van hierdie verslag word professionele persone beskryf as beroepe wat registrasie by 'n professionele liggaam vereis ten einde by die WKPP aangestel te word.


**9.1 Totale getal werknemers (onder wie werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsbande van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017:**

Beroepsvlakke	Mans				Vroue				Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Topbestuur (Band D4 – E2)	1	1	-	-	-	1	-	-	3
Senior bestuur (Band D1 – 3)	1	5	2	2	-	1	-	1	12

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel D: Menslikehulpbronnebestuur

Professioneel gekwalifiseer en ervare spesialiste en middelbestuur (Band C4 – 5)	2	6	-	2	2	3	-	3	18
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Band B2 – C3)	7	11	2	2	9	24	-	2	57
Halfgeskool en diskresionêre besluitneming (Band A1 – B1)	-	4	-	-	1	-	-	-	5
<b>Totaal</b>	<b>11</b>	<b>27</b>	<b>4</b>	<b>6</b>	<b>12</b>	<b>29</b>	<b>0</b>	<b>6</b>	<b>95</b>
Kontrakwerknemers (niepermanente werknemers)	2	2	1	1	1	1	-	-	9
<b>Groototaal</b>	<b>13</b>	<b>29</b>	<b>5</b>	<b>7</b>	<b>13</b>	<b>30</b>	<b>0</b>	<b>6</b>	<b>104</b>
<b>Interns</b>	-	<b>1</b>	-	-	<b>2</b>	-	-	-	-
Mense met gestremdhede ingesluit in die statistiek hier bo									
Halfgeskool en diskresionêre besluitneming (Bande A en B)	1	-	-	-	-	-	-	-	1

Die grafiek hier onder toon die getal werknemers, onder wie niepermanente werknemers, maar uitsluitende interns, volgens verskillende salarisbande by die WKPP vir die tydperk.



### Swart, Bruin, Indiër, Wit

#### 9.2 Werwing vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017

Beroepsbande	Mans				Vroue				Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Senior bestuur (Band D4 – E2)	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Hooggeskoolde toesig (Band D1 – D3)	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Hooggeskoolde produksie (Band C4 – C5)	-	1	-	-	-	-	-	1	2
Geskool (Band B2 – C3)	-	-	-	1	1	1	-	-	3
Laergeskool (Band A1 – B1)	-	-	-	-	-	-	-	-	-

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel D: Menslikehulpbronnebestuur

<b>Totaal</b>	-	<b>1</b>	-	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	-	<b>1</b>	<b>5</b>
<b>Interns</b>	-	<b>1</b>	-	-	<b>2</b>	-	-	-	<b>3</b>
Werknemers met gestremdhede	-	-	-	-	-	-	-	-	-

**9.3 Bevorderings vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Sien 8.5 hier bo.

**9.4 Beëindigings vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Beroepsbande	Mans				Vroue				Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Topbestuur	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Professioneel gekwalifiseer en ervare spesialiste en middelbestuur	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente	2	2	-	-	1	1	-	1	7
Halfgeskool en diskresionêre besluitneming	1	-	-	-	1	-	-	-	2
<b>Totaal</b>	<b>3</b>	<b>2</b>	-	-	<b>2</b>	<b>1</b>	-	<b>1</b>	<b>9</b>
Werknemers met gestremdhede	-	-	-	-	-	-	-	-	-

**9.5 Tugstappe vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Tugstappe	Mans				Vroue				Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
	3	7	-	-	2	1	-	-	13

**9.6 Vaardigheidsontwikkeling vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017:**

**9.6.1 Opleidingskursusse aangebied:**

Beroepskategorieë	Mans				Vroue				Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Wetgewers, senior amptenare en bestuurders (1)	7	26	9	7	-	9	-	6	64
Professionele persone (2)	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Tegnici en verwante professionele persone (3)	20	37	7	11	21	62	-	22	180
Klerke (4)	9	20	3	-	27	25	-	-	84
Dienswerkers (5)	-	11	-	-	-	-	-	-	11
<b>Totaal</b>	<b>36</b>	<b>94</b>	<b>19</b>	<b>18</b>	<b>48</b>	<b>96</b>	-	<b>28</b>	<b>339</b>
Interns	-	-	-	-	3	-	-	-	3
Werknemers met gestremdhede	3	-	-	-	-	-	-	-	3
	-	-	-	-	-	-	-	-	-

**Let wel:**


Let asseblief daarop dat dit gevalle van opleiding aandui en nie individue wat opleiding bygewoon het nie. Interne opleidingsprogramme is ingesluit.

**9.6.2 Studiehulp vir formele onderrig gebied:**

Beroepskategorieë	Mans				Vroue				Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Wetgewers, senior amptenare en bestuurders (1)	-	-	-	-	-	1	-	-	1
Professionele persone (2)	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Tegnici en verwante professionele persone (3)	1	3	-	-	3	3	-	-	10
Klerke (4)	-	1	-	-	2	3	-	-	6
Dienswerkers (5)	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>1</b>	<b>4</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>5</b>	<b>7</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>17</b>
Werknemers met gestremdhede	-	-	-	-	-	-	-	-	-

	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
<b>Vaardigheidsontwikkeling</b>	329	136	247	186	169	339
<b>Studiehulp</b>	19	12	12	13	12	17
<b>Internskappe</b>	5	5	1	2	1	3

**9.7 Bevolkingsgroepverspreiding soos op 31 Maart 2017**



Van die 95 werknemers van die WKPP op 31 Maart 2017 was 20 van die swart bevolkingsgroep, 57 van die bruin bevolkingsgroep, 13 van die wit bevolkingsgroep en 5 van die Indiërbevolkingsgroep.


Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Deel D: Menslikehulpbronnebestuur

	WKPP	Wes-Kaap
<b>Swart</b>	21%	32.8%
<b>Bruin</b>	60%	48.8%
<b>Wit</b>	14%	15.7%
<b>Indiër</b>	5%	1%

\*Statistieke SA 2011

	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
<b>Bruin</b>	56%	58%	55.6%	56%	58%	60%
<b>Swart</b>	31%	28.4%	26.3%	24%	24%	21%
<b>Wit</b>	12%	12.5%	13.1%	13%	12%	14%
<b>Indiër</b>	1%	1.1%	5%	7%	5%	5%

**9.8 Geslagsamestelling:**




Vroue  
 Mans

Op 31 Maart 2017 was 46 van die 95 werknemers in die diens van die WKPP vroue en 49 was mans.

	WKPP	Wes-Kaap	RSA
<b>Vroue</b>	48%	50.9%	51.5%
<b>Mans</b>	52%	49.1%	48.5%

In die boekjaar onder oorsig het die WKPP twee mans en drie vroue van buite die WKPP aangestel. Vier vroue het die diens van die WKPP verlaat, drie mans het bedank en 'n man is ontslaan uit die diens van die WKPP.

**9.9 Ouderdomsamestelling:**



Jonger as 30

Die gemiddelde ouderdom van die WKPP se werknemers was 44,3 op 31 Maart 2017.

**10. Prestasietoekennings**

Die WKPP het die volgende prestasiebelonings in die jaar onder oorsig toegeken om goeie prestasies aan te moedig. Die inligting word verstrek volgens bevolkingsgroep, geslag en gestremdheid, en salarisbande.

**10.1 Prestasieverhogings volgens bevolkingsgroep, geslag en gestremdheid van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 ten opsigte van die 2015/16-boekjaar**

Geen prestasieverhogings is ten opsigte van die 2015/16-boekjaar toegeken nie.

**10.2 Prestasiebonusse van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 ten opsigte van die 2015/16-boekjaar**

Salarisbande	Getal poste (31 Maart 2017)	Getal begunstigdes	Swart		Bruin		Wit		Indiër		Koste	
			Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Koste R'000	Gemiddelde koste per werknemer R'000
Laergeskool (Band A1 – B1)	5	2	-	1	1	-	-	-	-	-	19	10
Geskool (Band B2 – C3)	56	27	2	4	6	11	1	1	2	-	457	17
Hooggeskoolde produksie (Band C4 – C5)	18	7	1	-	1	2	1	2	-	-	186	27
Hooggeskoolde toesighouding (Band D1 – D3)	13	7	-	-	1	1	2	1	2	-	228	33
Senior bestuur (Band D4 – E2)	4	2	-	-	1	1	-	-	-	-	97	49
<b>Totaal</b>	<b>96</b>	<b>45</b>	<b>3</b>	<b>5</b>	<b>10</b>	<b>15</b>	<b>4</b>	<b>4</b>	<b>4</b>	<b>-</b>	<b>987</b>	<b>22</b>

**10.3 Prestasie volgens kritieke beroepe, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Geen kritieke beroepe geïdentifiseer vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 nie.



## 11. Buitelandse werknemers

Die inligting hier onder som die indiensneming van buitelandse werknemers in die WKPP op.

### 11.1 Buitelandse werknemers, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017, volgens salarisband

Geen buitelandse werknemers is aangestel nie.

### 11.2 Buitelandse werknemers, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017, volgens hoofberoep

Geen buitelandse werknemers is aangestel nie.

## 12. Verlofgebruik


Die volgende tabelle dui die gebruik van siekverlof aan, met 'n geskatte koste. Die gebruik van jaarlikse verlof en jaarlikse verlofuitbetalings word ook verstrek.


### 12.1 Siekverlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016

Salarisband	Totale dae	% dae met mediese sertifisering	Getal werknemers wat siekverlof gebruik	% van totale werknemers per band wat siekverlof gebruik	Gemiddelde dae per werknemer *	Geskatte koste R'000
Laergeskool (Band A1 – B1)	38	44.74%	4	80%	9.5	29
Geskool (Band B2 – C3)	448	71.65%	49	87.5%	9.1	654
Hoogsgeskoolde produksie (Band C4 – C5)	133.5	67.79%	14	77.8%	9.5	301
Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	107	90.65%	9	69.2%	11.9	364
Senior bestuur (Band D4 – E2)	8	87.5%	2	50%	4	36
<b>Totaal</b>	<b>734.5</b>	<b>72.5%</b>	<b>78</b>	<b>81.25%</b>	<b>9.4</b>	<b>1 383</b>


\*Om die gemiddelde te bereken, is net die werknemers wat siekverlof gebruik het in ag geneem.

Persentasie met mediese sertifikaat  
 Persentasie sonder mediese sertifikaat





Persentasie sonder mediese sertifikaat



Gemiddelde

#### 12.2 Ongeskiktheidsverlof (tydelik en permanent), 1 April 2016 tot 31 Maart 2017

Geen.

#### 12.3 Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016:

Salarisbande	Totale dae gevat	Gemiddelde per werknemer
Laergeskool (Band A1 – B1)	132.5	26.5
Geskool (Band B2 – C3)	1428	25.5
Hoogsgeskoolde produksie (Band C4 – C5)	391	21.72
Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	386	29.71
Senior bestuur (Band D4 – E2)	79	19.85
Intern	5	2.5
<b>Totaal</b>	<b>2421.5</b>	<b>25.22</b>

**12.4 Verlofuitbetalings vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Band	Totale getal werknemers	Totale kostes	Gemiddelde koste per werknemer
		R'000	R'000
Laergeskool (Band A1 – B1)	5	19	4
Geskool (Band B2 – C3)	56	124	2
Hoogsgeskoolde produksie (Band C4 – C5)	18	21	1
Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	13	-	-
Senior bestuur (Band D4 – E2)	4	-	-
<b>Totaal</b>	<b>96</b>	<b>164</b>	<b>2</b>
Interns	2	-	-

*\*Hierdie bedrag sluit die aftydkrediete uit wat aan werknemers met bedanking uitbetaal is.*

**12.5 Beperkte verlof, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Salarisband	Totale dae beperkte verlof geneem	Getal werknemers wat beperkte verlof gebruik	Gemiddelde getal dae gevat per werknemer	Gemiddelde beperkte verlof per werknemer soos op 31 Maart 2017
Laergeskool (Band A1 – B1)	-	-	-	-
Geskoolde vlakke (Band B2 – C3)	-	-	-	101.65
Hoogsgeskoolde produksie (Band C4 – C5)	-	-	-	22.65
Hoogsgeskoolde toesig (Band D1 – D3)	-	-	-	59.7
Senior bestuur (Band D4 – E2)	-	-	-	134.75
<b>Totaal</b>	-	-	-	<b>318.75</b>

**13. MIV en vigs en gesondheidsbevorderingprogramme**

**13.1 Stappe gedoen om die risiko van beroepsblootstelling te verminder:**

Soos verlede jaar gerapporteer, word algemene infeksiebeheermaatreëls volgehou.

**13.2 Besonderhede van gesondheidsbevordering en MIV en vigs (2016/17):**

Werknemerwelstandbedrywighede vir die 2016/17-boekjaar het hierdie hoofgebeurtenisse ingesluit:

- Voltooing van die DVO en aanstelling van 'n diensverskaffer vir 12 maande.
- Yskasmagnete en pamflette oor werknemerwelstanddienste op lessenaars uitgedeel.
- Aanbieding van 'n gesondheidsdag.
- Aanbieding van 'n slypskool oor voorbereiding en beplanning vir aftrede.
- Aanbieding van werkwinkels om bewustheid van werknemers aangaande professionele berading te verskerp.
- Aanvangsgeleentheid om die begin van sestien dae van aktivisme teen geweld op vroue en kinders aan te kondig.

**14. Arbeidsbetrekkinge**

**14.1 Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Onderwerp	Datum
2016/17 Salarisooreenkoms	6 Mei 2016

**14.2 Wangedrag- en tugverhore afgehandel, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Uitkomste van tugverhore	Getal	% van totaal
Korrektiewe berading	-	-
Mondelinge waarskuwing	7	58%
Skriftelike waarskuwing	2	16.66%
Finale skriftelike waarskuwing	3	23%
Geskors sonder betaling	-	-
Boete	-	-
Demosie	-	-
Afdanking	1	8.33%
Onskuldig	-	-
Saak teruggetrek	-	-
<b>Totaal</b>	<b>13</b>	<b>100%</b>

**14.3 Soorte wangedrag aangespreek, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Soort wangedrag	Getal	% van totaal
Pligsversuim	4	31%
Aanranding	1	8%
Onbeskofte en beskamende gedrag	2	16.67%
Swak prestasie	3	25%
Nalatige versuim om WKPP-prosedures na te kom	-	-
Wegblyery	1	8%
Tydopneming	1	8%
Onreëlmatige besteding	1	8%
Bedrieglike wysiging van amptelike dokumente	-	-
Diensweiering	-	-
Misbruik van WKPP-eiendom	-	-
<b>Totaal</b>	<b>13</b>	<b>100%</b>

**14.4 Griewe aanhangig gemaak vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Nege griewe is in die jaar onder oorsig aanhangig gemaak. Sewe daarvan het met prestasietoekennings verband gehou.

**14.5 Geskille by rade aanhangig gemaak vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017:**

Geskille	Getal	% van totaal
Getal geskille gehandhaaf	-	-
Getal geskille van die hand gewys	2	100%
<b>Totale getal geskille aanhangig gemaak</b>	<b>2</b>	<b>100%</b>

**14.6 Stakingsoptredes vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Geen stakings het in die tydperk onder oorsig voorgekom nie.

**14.7 Voorkomende skorsings vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Geen.

## 15. Vaardigheidsontwikkeling

### 15.1 Opleidingsbehoefte geïdentifiseer, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017

Beroepskategorieë	Geslag	Opleidingsbehoefte geïdentifiseer	Totale opleidingsbehoefte geïdentifiseer
Wetgewers, senior amptenare en bestuurders	Vroue	15	64
	Mans	49	
Tegnici en verwante professionele persone (3)	Vroue	105	180
	Mans	75	
Administratiewe werkers en klerke	Vroue	52	84
	Mans	32	
Dienswerkers (5)	Vroue	-	11
	Mans	11	
<b>Subtotaal</b>	<b>Vroue</b>	<b>172</b>	<b>339</b>
	<b>Mans</b>	<b>167</b>	
<b>Totaal</b>		<b>339</b>	<b>339</b>

\* Interne indiensopleiding is aan interns voorsien.

### 15.2 Opleiding voorsien 1 April 2016 tot 31 Maart 2017

Beroepskategorieë	Geslag	Getal werknemers soos op 31 Maart 2016	Vaardigheidsprogramme en ander kortkursusse	Totaal
Wetgewers, senior amptenare en bestuurders (1)	Vroue	3	15	64
	Mans	16	49	
Professionele persone (2)	Vroue	-	-	-
	Mans	-	-	
Tegnici en verwante professionele persone (3)	Vroue	28	105	180
	Mans	20	75	
Klerke (4)	Vroue	15	52	84
	Mans	9	32	
Dienswerkers (5)	Vroue	-	-	11
	Mans	4	11	
<b>Subtotaal</b>	<b>Vroue</b>	<b>46</b>	<b>175</b>	
	<b>Mans</b>	<b>49</b>	<b>167</b>	
<b>Totaal</b>		<b>95</b>	<b>339</b>	<b>339</b>
<b>Interns</b>	Vroue	2	3	3
	Mans	1	-	-

## 16. Beserings aan diens

### 16.1 Beserings aan diens, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017

Aard van besering aan diens	Getal	% van totaal
Het slegs basiese mediese aandag vereis	1	100%
Tydlike volkome ongeskiktheid	-	-
Permanente ongeskiktheid	-	-
Noodlottig	-	-
<b>Totaal</b>	<b>1</b>	<b>100%</b>

**17. Gebruik van konsultante**

**17.1 Verslag oor aanstelling van konsultante met begrote geld:**

Projektitel	Totale getal konsultante wat aan projek gewerk het	Duur: werkdae	Kontrakwaarde in rand
Wewingsassessering	Maatskappy – Assesseringsgereedskapkis	Op versoek	68 970.00
Posgradering	Maatskappy – Werkdinamika	Op versoek	2 052.00
Vertaling en transkripsie	OBG- en regsvertalings, en 16 onafhanklike vertalers	Op versoek	2 243 349.27
Regsadvies	Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling	Op versoek	234.84
Regsadvies	Webber Wentzel	Op versoek	273 289.92
Regsadvies	Anton Meyer	Op versoek	14 400.00
Regsadvies	PS van Zyl	Op versoek	79 515.00
Regsadvies	Charl Cilliers	Op versoek	1 368.00
Regsadvies	Brummer-konsultasie	Op versoek	9 975.00
<b>Totale getal projekte</b>			<b>R2 693 154.03</b>

**17.2 Ontleding van aanstelling van konsultante met begrote geld wat histories benadeelde individue (HBI's) betref:**

Geen konsultant is aangestel wat HBI's betref nie.

**17.3 Verslag oor aanstelling van konsultante met skenkersgeld:**

Geen.

**17.4 Ontleding van aanstelling van konsultante met skenkersgeld wat histories benadeelde individue (HBI's) betref:**

Geen.

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



## DEEL E FINANSIËLE INLIGTING

---

Posbus 648, Kaapstad  
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town  
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa  
8000, Mzantsi Afrika

[www.wcpp.gov.za](http://www.wcpp.gov.za)  
+27 21 487 1600

## **Verslag van die Ouditeur-generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor Begrotingspos 2: Provinsiale Parlement**

### **Verslag oor die audit van die finansiële state**

#### **Opinie**

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement geaudit, wat op bladsy 99 tot 157 uiteengesit word. Dit bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2017, die staat van finansiële prestasie, staat van veranderings in netto bates, kontantvloei staat en die staat wat die begroting vergelyk met die werklike bedrae vir die jaar wat toe afgesluit is, asook die aantekeninge by die finansiële state, wat uit 'n opsomming van belangrike rekeningkundige beleide bestaan.
2. Na my mening stel die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement soos op 31 Maart 2017 billik voor, en sy finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar wat toe afgesluit is, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standaarde van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (SA Standaarde van AARP) en die voorskrifte van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers (WFBPPW), 2009 (Wet 10 van 2009).

#### **Grondslag van mening**

3. Ek het my audit gedoen in ooreenstemming met die Internasionale Standaarde op Ouditering. My pligte ingevolge daardie standaard word verder beskryf in die afdeling van my verslag oor die Ouditeur-generaal se pligte vir die ouditering van die finansiële state.
4. Ek is onafhanklik van die Parlement ooreenkomstig die Internasionale Raad op Gedragsnorme vir Professionele Rekeningkundiges (IESBA) se *Gedragsnorme vir professionele rekeningkundiges* (GPR) en die etiese voorskrifte wat op my audit in Suid-Afrika van toepassing is. Ek het my ander etiese pligte nagekom ooreenkomstig hierdie voorskrifte en die IESBA-kode.
5. Ek glo dat die auditbewyse wat ek verkry het, voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir my auditopinie te vorm.

#### **Beklemtone van kwessie**

6. Ek vestig die aandag op die kwessie hier onder. My mening het nie verander ten opsigte van hierdie kwessie nie.

#### **Wesenlike onderbesteding van die begroting**

7. Soos geopenbaar in die staat van vergelyking van die begroting met die werklike bedrae, en in aantekening 40.7 by die finansiële state, het die Parlement die begroting wesenlik onderbestee met 'n bedrag wat gelykstaande is aan R11,4 miljoen (6,9%).

#### **Verantwoordelikhede van die Rekenpligtige Beampte vir die finansiële state**

8. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die opstelling en billike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse standaard van AARP, die voorskrifte van die WFBPPW en vir sodanige interne beheer as wat die Rekenpligtige Beampte nodig ag om die opstelling van die finansiële state moontlik te maak, wat sonder wesenlike wanvoorstelling is, of dit nou weens bedrog of foute is.
9. In die opstelling van die finansiële state is die Rekenpligtige Beampte verantwoordelik vir die assessering van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se vermoë om as 'n lopende saak



voortgesit te word; om indien toepaslik kwessies te openbaar wat met 'n lopende saak verband hou, en om die rekeningkundige grondslag van 'n lopende saak te gebruik, tensy die bedoeling is om óf die Parlement te likwadeer, óf werksaamhede te staak, of indien daar geen ander realistiese uitweg is as om dit te doen nie.

#### **Ouditeur-generaal se verantwoordelikhede vir die audit van die finansiële state**

10. My doelwitte is om redelike versekering te verkry oor of die finansiële state in die geheel sonder wesenlike wanvoorstelling is, of dit nou weens bedrog of foutering is, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat my mening insluit. Redelike versekering is 'n hoë vlak van versekering, maar waarborg nie dat 'n audit wat ooreenkomstig die GPR gedoen is, altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit teenwoordig is nie. Wanvoorstellings kan uit bedrog of foutering spruit en word as wesenlik beskou indien dit, op sy eie of oor die geheel, redelikerwys waarskynlik die ekonomiese besluite van gebruikers kan raak wat op grond van hierdie finansiële state geneem word.
11. 'n Verdere uiteensetting van my verantwoordelikhede vir die audit van die finansiële state is ingesluit in die aanhangsel van hierdie ouditeursverslag.

#### **Verslag oor die audit van die jaarlikse prestasieverslag**

##### **Inleiding en omvang**

12. Ingevolge die Wet op Openbare Oudit (WOO), Wet 25 van 2004, en die algemene kennisgewing wat in terme daarvan uitgereik is, het ek 'n verantwoordelikheid om wesenlike bevindings te rapporteer oor die gerapporteerde prestasie-inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte van gekose programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word. Ek het prosedures uitgevoer om bevindings te identifiseer, maar nie om bewyse in te samel wat versekering uitspreek nie.
13. My prosedures gee aandag aan die gerapporteerde prestasie-inligting, wat gegrond moet wees op die goedgekeurde prestasiebeplanningsdokumente van die Parlement. Ek het nie die volledigheid en toepaslikheid van die prestasie-aanwysers beoordeel wat in die beplanningsdokumente ingesluit is nie. My prosedure het ook geen openbaarmakings of verklarings behels wat met beplande prestasie-strategieë en inligting ten opsigte van toekomstige tydperke verband hou nie, wat moontlik as deel van die gerapporteerde prestasie-inligting ingesluit is. Insgelyks sluit my bevindings ook nie hierdie sake in nie.
14. Ek het die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting beoordeel ooreenkomstig die kriteria wat uit die prestasiebestuur- en verslaggewingsraamwerk voortgekom het, soos wat dit in die algemene kennisgewing omskryf word, vir die volgende uitgesoekte programme wat in die jaarlikse prestasieverslag van die Parlement aangebied word vir die jaar wat 31 Maart 2017 afgesluit is:

<b>Programme</b>	<b>Bladsye in die jaarlikse prestasieverslag</b>
Program 2: Geriewe vir Lede en politieke partye	43 – 45
Program 3: Parlementêre dienste	46 – 52

15. Ek het prosedures uitgevoer om vas te stel of die gerapporteerde prestasie-inligting behoorlik aangebied is, en of die prestasie strook met die goedgekeurde prestasiebeplanningsdokumente. Voorts het ek verdere prosedures uitgevoer om vas te stel of

die aanwysers en verwante teikens meetbaar en relevant is, en die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting geassesseer om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig was.

16. Ek het nie enige wesenlike bevindings geopper oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting vir die volgende programme nie:
- Program 2: Geriewe vir Lede en politieke partye
  - Program 3: Parlementêre dienste

#### **Bykomende kwessie**

17. Ek vestig die aandag op die saak hier onder:

#### **Behaling van beplande teikens**

18. Verwys na die jaarlikse prestasieverslag op bladsye 43 tot 52 vir inligting oor die behaling van beplande teikens vir die jaar en verduidelikings wat verstrek is vir die oortreffing van 'n beduidende getal teikens.

### **Verslag oor audit van voldoening aan wetgewing**

#### **Inleiding en omvang**

19. Ooreenkomstig die Wet op Openbare Oudit (Wet 25 van 2004), en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, het ek 'n verantwoordelikheid om wesenlike bevindings te rapporteer oor die gehoorgewing van die Parlement aan spesifieke kwessies in kernwetgewing. Ek het prosedures verrig om bevindings te identifiseer, maar nie om bewyse in te samel om versekering uit te spreek nie.
20. Ek het nie enige gevalle van wesenlike nienakoming geïdentifiseer ten opsigte van die gehoorgewingskriteria vir die toepaslike onderwerp nie.

### **Ander inligting**

21. Die WKPP se Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting wat in die jaarverslag ingesluit is. Die ander inligting sluit nie finansiële state, die ouditeur se verslag en daardie gekose programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word waarvoor spesifiek in die ouditeur se verslag gerapporteer word nie.
22. My opinie oor die finansiële state en bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting en gehoorgewing aan wetgewing dek nie die ander inligting nie en ek spreek nie 'n auditmening of enige soort gevolgtrekking uit ten opsigte van versekering daarvoor nie.
23. Wat my audit betref, is my verantwoordelikheid om die ander inligting te lees en daardeur te oorweeg of die ander inligting wesenlik strook met die finansiële state en die gekose programme wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, of my kennis wat in die audit verkry is, of wat andersins lyk asof dit 'n wesenlike wanvoorstelling is. Indien ek op grond van die werk wat ek oor die ander inligting verrig het wat voor die datum van hierdie ouditeursverslag verkry is, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word ek verplig om dit te rapporteer.

**Gebreke met interne beheer**

24. Ek het interne beheer oorweeg wat betrekking het op my audit van die finansiële state, prestasie-inligting en nakoming van toepaslike wetgewing gerapporteer, maar my doelwit was nie om enige soort versekering daarvoor uit te spreek nie. Ek het nie enige beduidende tekortkomings in interne beheer opgespoor nie.

*Auditor-general*

Kaapstad  
31 Julie 2017



AUDITOR - GENERAL  
SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

Ouditeur-generaal  
Suid-Afrika  
Ouditering wat openbare vertroue bou

### **Aanhangsel – Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die audit**

1. As deel van 'n audit ooreenkomstig die internasionale standaarde vir ouditering (ISO's) oefen ek professionele oordeel uit en hou professionele skepsis vol regdeur my audit van die finansiële state, en die prosedures wat op gerapporteerde prestasie-inligting vir gekose programme uitgevoer is en oor die finansiële state.

#### **Finansiële state**

2. Benewens my verantwoordelikheid vir die audit van die finansiële state soos wat dit in die ouditeur se verslag uiteengesit word, het ek ook:
  - die risiko's vir wesentliche wanvoorstelling van die finansiële state uitgewys en geassesseer, of dit nou weens bedrog of foutering is; auditprosedures ontwerp en uitgevoer wat op daardie risiko's reageer; en auditbewyse verkry wat voldoende en toepaslik is om my mening te grondves. Die risiko dat 'n wesentliche wanvoorstelling wat uit bedrog voortkom nie opgespoor word nie, is groter as een wat uit foutering spruit, omdat bedrog samespanning, bedrieglikheid, opsetlike weglatings, wanvoorstellings of die neutralisering van interne beheer kan behels.
  - begrip verkry van interne beheer in verband met die audit om auditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie om 'n mening uit te spreek oor die doeltreffendheid van die Parlement se interne beheer nie.
  - die toepaslikheid van rekeningkundige beleide wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige skattings en verwante openbaarmakings geëvalueer wat deur die Rekenpligtige Beampte gedoen is;
  - besluit oor die toepaslikheid van die Rekenpligtige Beampte se gebruik van die lopendesaakgrondslag van rekeningkunde wat gebruik is in die opstelling van die finansiële state. Ek besluit ook, op grond van die auditbewyse wat verkry is, of 'n wesentliche onsekerheid bestaan in verband met gebeure of toestande wat beduidende twyfel kan laat ontstaan oor die Wes-Kaapse Parlement se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. As ek besluit dat 'n wesentliche onsekerheid bestaan, word ek verplig om aandag in my ouditeursverslag te vestig op die verwante openbaarmakings in die finansiële state oor die wesenslike onsekerheid of, as sulke openbaarmakings onvoldoende is, om die mening oor die finansiële state te verander. My gevolgtrekkings berus op die inligting wat op die datum van die ouditeursverslag vir my beskikbaar was. Toekomstige gebeure of omstandighede kan egter veroorsaak dat die Parlement nie meer as 'n lopende saak bedryf kan word nie.
  - die algemene aanbieding, struktuur en inhoud van die finansiële state geëvalueer, waaronder die openbaarmakings, en of die finansiële state die onderliggende transaksies billik verteenwoordig.

#### **Skakeling met diegene belas met bestuur**

3. Ek skakel met die Rekenpligtige Beampte oor onder meer die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindings, waaronder enige wesentliche gebreke in interne beheer wat ek tydens my audit opspoor.
4. Ek bevestig ook aan die Rekenpligtige Beampte dat ek die betrokke etiese voorskrifte aangaande onafhanklikheid nagekom het, en maak alle verhoudings en ander sake bekend wat moontlik betrekking het op my onafhanklikheid, en verwante voorsorg indien dit van toepassing is.

## Algemene inligting

### Jaarlikse finansiële state vir die jaar wat op 31 Maart 2017 afgesluit is

Aard van onderneming en vernaamste bedrywighede: Die vernaamste dienste wat die Wes-Kaapse Parlement lewer, is soos volg:

- ondersteun 'n wetgewende proses wat goeie en regverdigte wetgewing oplewer;
- voorsien ondersteuning vir lewendige toesig oor die Uitvoerende Owerheid;
- voorsien 'n bemagtigende omgewing waarin Lede doeltreffend kan wees;
- doeltreffende, bekwame en ekonomiese bestuur van hulpbronne;
- verseker goeie bestuur; en
- doeltreffende en betekenisvolle openbare deelname, voorligting en bewustheid.

Die administrasie van die Provinsiale Parlement voorsien ter ondersteuning hiervan 'n bemagtigende omgewing waarin Lede hul grondwetlike doelwitte kan behaal.

Speaker	Fernandez, SG
Adjunkspeaker	Pretorius, PJC
Sekretaris	Lawrence, GA
Adjunksekretaris: Korporatiewe Dienste	Hindley, RG
Adjunksekretaris: Prosedurele Dienste	Vakant (Nage, TA – waarnemend)
Hoof- Finansiële Beampte	Petersen, NL
Hoof- Parlementêre Beampte	Nage, TA
Sakeadres	Provinsiale Wetgewer-gebou Waalstraat 7 Kaapstad 8001
Posadres	Posbus 648 Kaapstad 8000
Bankiers	Nedbank
Ouditeurs	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

## **Inhoudsopgawe**

Die verslae en state wat hier onder uiteengesit word, vorm die jaarlikse finansiële state wat aan die Parlementêre Toesigkomitee voorgelê is:

<b>Inhoudsopgawe</b>	<b>Bladsy</b>
Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede en goedkeuring	105
Staat van finansiële posisie	107
Staat van finansiële prestasie	108
Staat van veranderings in netto bates	109
Kontantvloeistaat	110
Staat van vergelyking van begroting met werklike bedrae	111
Rekeningkundige beleide	113
Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state	140

## **Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede en goedkeuring**

Die Rekenpligtige Beampte word deur die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2009 (Wet 10 van 2009), voorgeskryf om voldoende rekeningkundige rekords in stand te hou en is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die jaarlikse finansiële state en verwante finansiële inligting vervat in hierdie verslag. Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Beampte om te verseker dat die jaarlikse finansiële state die stand van sake van die Parlement billik voorstel soos aan die einde van die boekjaar, en die resultate van sy werksaamhede en kontantvloei vir die tydperk wat toe afgesluit is. Die eksterne ouditeurs word aangestel om 'n onafhanklike mening oor die jaarlikse finansiële state uit te spreek en het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante inligting gekry.

Die jaarlikse finansiële state is opgestel ooreenkomstig die Standaard van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), waaronder alle interpretasies, riglyne en opdragte uitgereik deur die Raad vir Rekeningkundige Standaarde.

Die jaarlikse finansiële state is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleide wat konsekwent toegepas en ondersteun is deur redelike en weloorwoë oordele en ramings.

Die Rekenpligtige Beampte erken dat hy finaal verantwoordelik is vir die stelsel van interne finansiële beheer wat deur die Parlement ingestel is en heg aansienlike belang aan die handhawing van 'n sterk beheeromgewing. Om die Rekenpligtige Beampte in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom, stel die rekeningkundige owerheid standarde vir interne beheer wat op die vermindering van die risiko vir foute of tekorte op 'n kostedoeltreffende manier gemik is. Die standarde behels die behoorlike afwenteling van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, doeltreffende rekeningkundige prosedures en voldoende verdeling van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die Parlement gemonitor en alle werknemers word voorgeskryf om die hoogste etiese standarde vol te hou om te verseker dat die Parlement se werksaamhede op 'n manier verrig word wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die fokus van risikobestuur in die Parlement is op die identifisering, assessering, bestuur en monitering van alle bekende vorms van risiko regdeur die Parlement. Hoewel bedryfstelselrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, streef die Parlement daarna om dit te minimaliseer deur te verseker dat toepaslike infrastruktuur, beheermaatreëls, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.

Die Rekenpligtige Beampte meen, op grond van die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die stelsel van interne beheer redelike versekering lewer dat die finansiële rekords betroubaar is vir die opstelling van die jaarlikse finansiële state. Tog kan enige stelsel van interne finansiële beheer net redelike, en nie absolute versekering nie, teen wesenlike wanvoorstellings of tekorte lewer.

Die Rekenpligtige Beampte het die Parlement se kontantvloei-voorspelling vir die jaar tot 31 Maart 2017 hersien en, in die lig van hierdie hersiening en die huidige finansiële posisie, is hy tevrede dat die Parlement voldoende bronne of toegang daartoe het om operasionele bestaan vir die voorsienbare toekoms voort te sit.

Die Parlement is volkome afhanklik van die Nasionale Tesourie vir voortgesette finansiering van werksaamhede. Die jaarlikse finansiële state word opgestel op grond daarvan dat die Parlement 'n lopende saak is, en dat die Nasionale Tesourie nóg die voorneme, nóg die behoefte het om die omvang van die Parlement te likwiedeer of wesenlik te beperk.

Die jaarlikse finansiële state wat op bladsy 99 tot 157, uiteengesit word, en wat op die grondslag van 'n lopende saak opgestel is, is op 31 Mei 2017 deur die rekeningkundige owerheid goedgekeur en is

**Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede en goedkeuring**

namens hom onderteken deur:

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'GL', with a long horizontal stroke extending to the right.

**Gilbert Lawrence**  
**Rekenpligtige Beampte**



## Staat van finansiële posisie

Syfers in rand	Nota(s)	2017	2016 Herhaal*
<b>Bates</b>			
<b>Huidige bates</b>			
Kontant en kontantekwivalente	3	13 606 209	6 910 037
Inventarisse	4	916 644	916 124
Ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies	5	66 349	267 481
Ontvangbare rekenings van ruiltransaksies	6	327 368	622 387
Vooruitbetalings	7	652 466	725 716
		<b>15 569 036</b>	<b>9 441 745</b>
<b>Niebedryfsbates</b>			
Langtermyn- ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies	8	17 741	20 141
Langtermyn- ontvangbare rekenings van ruiltransaksies	9	-	420
Eiendom, aanleg en toerusting	10	21 977 577	18 574 300
Ontasbare bates	11	2 542 874	570 590
Erfgoed	12	248 193	248 193
		<b>24 786 385</b>	<b>19 413 644</b>
<b>Totale bates</b>		<b>40 355 421</b>	<b>28 855 389</b>
<b>Verpligtinge</b>			
<b>Bedryfslaste</b>			
Verpligtinge van ruiltransaksies	13	1 626 250	2 040 781
Bewilligde geld wat teruggestort moet word	14	2 491 870	1 545 754
Departementele inkomste wat teruggestort moet word	15	-	-
Bruikhuurverpligtinge	16	179 995	156 073
Werknemervoordeelverpligting	17	9 608 272	8 843 698
		<b>13 906 387</b>	<b>12 586 306</b>
<b>Niebedryfslaste</b>			
Bruikhuurverpligtinge	16	1 980 348	892 063
Werknemervoordeelverpligting	17	35 271 000	32 100 000
		<b>37 251 348</b>	<b>32 992 063</b>
<b>Totale laste</b>		<b>51 157 735</b>	<b>45 578 369</b>
<b>Netto (laste)</b>		<b>(10 802 314)</b>	<b>(16 722 980)</b>
Opgehoopte tekort		(10 802 314)	(16 722 980)

\* Sien Nota 39.

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2017

Staat van finansiële prestasie

Syfers in rand	Nota(s)	2017	2016 Herhaal*
<b>Inkomste</b>			
<b>Inkomste uit ruiltransaksies</b>			
Verhalings	18	25 512	28 948
Rente ontvang	19	268 179	256 139
Ander inkomste	20	49 065	63 921
<b>Totale inkomste uit ruiltransaksies</b>		<b>342 756</b>	<b>349 008</b>
<b>Inkomste uit nieruiltransaksies</b>			
<b>Oordrag-inkomste</b>			
Aanwinste uit boetes, strawwe en verbeurings oorbetal		-	687 951
		47 927	-
Jaarlikse bewilliging	21	124 762 876	120 408 000
Statutêre bewilliging	21	39 155 000	37 185 000
<b>Totale inkomste uit ruiltransaksies</b>		<b>163 965 803</b>	<b>158 280 951</b>
<b>Totale inkomste</b>		<b>164 308 559</b>	<b>158 629 959</b>
<b>Besteding</b>			
Werknemerverwante koste	22	(54 082 802)	(50 663 761)
Ledevergoeding	23	(43 365 330)	(41 787 242)
Finansieringskoste	24	(465 522)	(242 060)
Huurgelde op bedryfshuur	25	(389 944)	(574 317)
Oordragbetalings	26	(37 004 563)	(34 853 706)
Algemene uitgawes	27	(22 239 085)	(27 791 179)
<b>Totale besteding</b>		<b>(157 547 246)</b>	<b>(155 912 265)</b>
<b>Bedryfskote</b>		<b>6 761 313</b>	<b>2 717 694</b>
Verlies op die verkoop van bates		(819 777)	(1 842 475)
Aktuariële winste	17	2 471 000	8 026 000
		<b>1 651 223</b>	<b>6 183 525</b>
<b>Oorskot voor geld afgestaan</b>		<b>8 412 536</b>	<b>8 901 219</b>
Oordrag van bewilligde geld wat teruggestort moet word	14	2 491 870	1 545 754
Oordrag van departementele inkomste wat teruggestort moet word	15	-	-
<b>Oorskot vir die jaar</b>		<b>5 920 666</b>	<b>7 355 465</b>

\* Sien Nota 39.

**Staat van veranderinge in netto bates**

Syfers in rand	Nota(s)	Opgehoopte tekort	Totale netto bates
Beginsaldo soos voorheen gerapporteer		(24 576 007)	(24 576 007)
Regstelling van foute (sien Nota 39)		497 562	497 562
<b>Saldo op 1 April 2015 soos herhaal*</b>		<b>(24 078 445)</b>	<b>(24 078 445)</b>
Oorskot vir die jaar		7 355 465	7 355 465
Totale veranderinge		7 355 465	7 355 465
<b>Saldo op 1 April 2016 soos herhaal*</b>		<b>(16 722 980)</b>	<b>(16 722 980)</b>
Nadelige saldo vir die jaar		5 920 666	5 920 666
Totale veranderinge		5 920 666	5 920 666
<b>Saldo op 31 Maart 2017</b>		<b>(10 802 314)</b>	<b>(10 802 314)</b>

\* Sien Nota 39.

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2017

Kontantvloeistaat

Syfers in rand	Nota(s)	2017	2016 Herhaal*
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>			
<b>Ontvangste</b>			
Kontantontvangste uit dienste		686 785	633 534
Kontantontvangste uit bewilliging		163 917 876	157 593 000
Rente-inkomste		268 179	256 139
		<u>164 872 840</u>	<u>157 215 605</u>
<b>Betalings</b>			
Kontant betaal aan werknemers en Lede		(91 041 558)	(86 070 575)
Kontant betaal aan verskaffers		(59 857 417)	(64 039 739)
Geld afgestaan		(1 545 754)	(6 411 320)
Finansieringskoste		(465 522)	(242 060)
		<u>(152 910 251)</u>	<u>(156 763 694)</u>
<b>Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>	<b>28</b>	<b><u>11 962 589</u></b>	<b><u>451 911</u></b>
<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>			
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	10	(2 810 635)	(939 335)
Opbrengste uit verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	10	14 176	27 343
Aankoop van ander ontasbare bates	11	(2 293 528)	(379 520)
Langtermyn- ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies		2 400	2 400
Langtermyn- ontvangbare rekenings van ruiltransaksies		1 320	7 332
<b>Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>		<b><u>(5 086 267)</u></b>	<b><u>(1 281 780)</u></b>
<b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>			
Bruikhuurverpligtinge		(180 150)	(299 414)
<b>Netto toename (of afname) in kontant en kontantekwivalente</b>		<b>6 696 172</b>	<b>(1 129 283)</b>
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		6 910 037	8 039 320
<b>Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar</b>	<b>3</b>	<b><u>13 606 209</u></b>	<b><u>6 910 037</u></b>

\* Sien Nota 39.

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2017

**Staat van vergelyking van begroting met werklike bedrae**

<b>Begroting op kontantbasis</b>						
<b>Goedgekeurde begroting</b>	<b>Goedgekeurde begroting</b>	<b>Aansuiweringe</b>	<b>Finale begroting</b>	<b>Werklike bedrae op 'n vergelykende basis</b>	<b>Verskil tussen finale en werklike begroting</b>	<b>Verwysing na nota 40</b>
<b>Staat van finansiële prestasie</b>						
<b>Inkomste</b>						
<b>Inkomste uit ruiltransaksies</b>						
Verhalings	-	-	-	28 128	<b>28 128</b>	40.1
Ander inkomste	5 000	-	<b>5 000</b>	48 165	<b>43 165</b>	40.2
Rente ontvang	52 000	-	<b>52 000</b>	188 999	<b>136 999</b>	40.3
<b>Totale inkomste uit ruiltransaksies</b>	<b>57 000</b>	-	<b>57 000</b>	<b>265 292</b>	<b>208 292</b>	
<b>Inkomste uit nieruiltransaksies</b>						
<b>Oordrag-inkomste</b>						
Boetes, strawwe en verbeurings	-	-	-	47 927	<b>47 927</b>	
Jaarlikse bewilliging	130 764 000	(1 500 000)	<b>129 264 000</b>	129 321 000	<b>57 000</b>	
Statutêre bewilliging	39 155 000	-	<b>39 155 000</b>	39 155 000	-	
<b>Totale inkomste uit nieruiltransaksies</b>	<b>169 919 000</b>	<b>(1 500 000)</b>	<b>168 419 000</b>	<b>168 523 927</b>	<b>104 927</b>	
<b>Totale inkomste</b>	<b>169 976 000</b>	<b>(1 500 000)</b>	<b>168 476 000</b>	<b>168 789 219</b>	<b>313 219</b>	
<b>Besteding</b>						
Werknemerverwante koste	(57 380 000)	3 675 913	<b>(53 704 087)</b>	(53 326 031)	<b>378 056</b>	40.4
Ledeversoeding	(40 544 000)	249 015	<b>(40 294 985)</b>	(37 803 115)	<b>2 491 870</b>	40.5
Finansieringskoste	(944 000)	(33 763)	<b>(977 763)</b>	(917 054)	<b>60 709</b>	40.6
Huurgeld van bruikhuur	(200 000)	81 293	<b>(118 707)</b>	(118 707)	-	
Oorbetalings – ander	(36 942 000)	(63 000)	<b>(37 005 000)</b>	(37 004 563)	<b>437</b>	
Algemene uitgawes	(33 966 000)	(2 409 458)	<b>(36 375 458)</b>	(28 239 076)	<b>8 136 382</b>	40.7
<b>Totale besteding</b>	<b>(169 976 000)</b>	<b>1 500 000</b>	<b>(168 476 000)</b>	<b>(157 408 546)</b>	<b>11 067 454</b>	
<b>Bedryfsoorskot</b>	-	-	-	<b>11 380 673</b>	<b>11 380 673</b>	
Wins op verkoop van bates en laste	-	-	-	13 351	<b>13 351</b>	
<b>Oorskot vir die jaar</b>	-	-	-	<b>11 394 024</b>	<b>11 394 024</b>	
<b>Werklike bedrag op 'n vergelykbare basis soos voorgelê in die begroting en aanpassing van werklike vergelykende staat</b>	-	-	-	<b>11 394 024</b>	<b>11 394 024</b>	
<b>Basisverskil</b>						
Oorskotverskil tussen gemodifiseerde kontant en AARP				(9 483 742)		
<b>Formaat- en klassifikasieverskil</b>						
Kapitaalbesteding				4 010 384		

**Staat van vergelyking van begroting met werklike bedrae**

Werklike bedrag in die  
staat van finansiële  
prestasie

---

5 920 666

---

## **Rekeningkundige beleide**

### **1. Aanbieding van jaarlikse finansiële state**

Die jaarlikse finansiële state is opgestel ooreenkomstig die Standaard van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), wat uitgereik is deur die Raad vir Rekeningkundige Standaard ingevolge artikel 56 van die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2009 (Wet nommer 10 van 2009).

Hierdie jaarlikse finansiële state is opgestel op 'n aanwasgrondslag van rekeningkunde en is in ooreenstemming met die historiesekostekonvensie as die grondslag van meting, tensy anders vermeld. Dit word in Suid-Afrikaanse rand aangebied. Alle syfers is tot die naaste rand afgerond.

'n Opsomming van die belangrike rekeningkundige beleide word hier onder openbaar gemaak.

Hierdie rekeningkundige beleide is in ooreenstemming met die vorige tydperk s'n.

#### **1.1 Lopendesaakaanname**

Hierdie jaarlikse finansiële state is opgestel op grond van die verwagting dat die Parlement vir minstens die volgende 12 maande sal voortgaan om as 'n lopende saak te funksioneer.

#### **1.2 Belangrike oordele**

In die opstelling van die jaarlikse finansiële state word daar van die bestuur verwag om ramings en aannames te maak wat die bedrae affekteer wat in die jaarlikse finansiële state en verwante openbaarmakings verteenwoordig word. Die gebruik van beskikbare inligting en die toepassing van oordeel is inherent in die vorming van ramings. Werklike resultate in die toekoms kan van hierdie ramings verskil wat wesenlik tot die jaarlikse finansiële state kan wees. Belangrike oordele sluit in:

#### **Ontvangbare rekenings**

Die Parlement assesser sy ontvangbare rekenings vir waardevermindering aan die einde van elke verslagtydperk. In die vasstelling of 'n waardeverminderingsverlies as oorskot of tekort aangeteken moet word, maak die Parlement oordele oor of daar waarneembare inligting is wat 'n meetbare vermindering in die geskatte toekomstige kontantvloeï uit 'n finansiële bate aandui.

Die waardevermindering vir ontvangbare rekenings word op 'n portefeuljebasis bereken, gegrond op historiese verliesverhoudings, aangepas vir nasionale en bedryfspesifieke ekonomiese toestande en ander aanwysers teenwoordig op die verslagdatum wat met verstekwaardes op die portefeulje korreleer. Hierdie jaarlikse verliesverhoudings word op leningsaldo's in die portefeulje toegepas en tot die geraamde verliesverskyningstydperk geskaal.

#### **Waardedalingtoetsing**

Die verhaalbare bedrae van kontantgenererende eenhede en individuele bates is vasgestel gegrond op die hoogste van berekenings van gebruikswaarde en billike waarde minus koste om te verkoop. Hierdie berekenings vereis die gebruik van ramings en aannames.

#### **Gebruikswaarde van kontantgenererende bates:**

Die Parlement hersien en toets die drawaarde van bates wanneer gebeurtenisse of veranderings in omstandighede daarop dui dat die drawaarde moontlik nie verhaalbaar is nie. Bates word op die laagste vlak gegroepeer waarvoor identifiseerbare kontantvloeï grootliks onafhanklik is van kontantvloeï van ander bates en laste. As daar aanduidings is dat waardevermindering moontlik plaasgevind het, word ramings van verwagte toekomstige kontantvloeï vir elke groep bates opgestel. Verwagte toekomstige kontantvloeï wat gebruik word om die gebruikswaarde van klandisie en tasbare bates te bepaal, is inherent onseker en kan mettertyd aansienlik verander. Dit word aansienlik geraak deur 'n aantal faktore, waaronder ekonomiese faktore soos inflasie en rente.

### **Gebruikswaarde van niekontantgenererende bates:**

Die Parlement hersien en toets die drawaarde van bates wanneer gebeurtenisse of veranderings in omstandighede daarop dui dat die drawaarde moontlik nie verhaalbaar sal wees nie. As daar aanduidings is dat waardevermindering moontlik plaasgevind het, word die oorblywende dienspotensiaal van die bate bereken. Die mees toepaslike benadering wat gekies word om die oorblywende dienspotensiaal te bereken, hang af van die beskikbaarheid van inligting en die aard van die waardevermindering.

### **Nuttige lewensduur van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates**

Die Parlement se bestuur bepaal die waardevermindering vir eiendom, aanleg en toerusting en ander bates. Die bestuur sal die waardevermindering vermeerder wanneer nuttige lewensduur minder is as voorheen geraamde lewensduur.

### **Effektiewe rentekoers**

Die Parlement gebruik die staatseffekkoers om toekomstige kontantvloei te verdiskonteer.

### **Voorsiening vir waardevermindering**

Op ontvangbare rekenings word 'n waardeverminderingsverlies in oorskot en tekort erken as daar objektiewe bewyse is dat die waarde verminder het. Die waardevermindering word bereken as die verskil tussen die drawaarde van die ontvangbare rekenings en die teenswoordige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei teen die effektiewe rentekoers verdiskonteer, bereken by die aanvanklike erkenning.

### **1.3 Eiendom, aanleg en toerusting**

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare niebedryfsbates wat gehou word vir gebruik in die produksie of voorsiening van goedere of dienste, verhuring aan andere, of vir administratiewe doeleindes, en sal na verwagting in meer as een verslagtydperk gebruik word.

Die koste van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word as 'n bate erken indien:

- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die item vereenselwig word, die Parlement sal toekom; en
- die koste of billike waarde van die item betroubaar bereken kan word.

### **Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys bereken**

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys bereken. Die kosprys van 'n item eiendom, aanleg en toerusting is die koopprys en ander toeskryfbare kostes om die bate na die plek te bring en toestand wat nodig is sodat dit op die manier kan werk wat die bestuur bedoel. Handelskortings en rabatte word afgetrek om by die koste uit te kom. Wanneer 'n bate teen geen koste bekom word nie, of teen 'n nominale koste, is die kosprys daarvan die billike waarde soos op die datum van verkryging.

Indien 'n item eiendom, aanleg en toerusting bekom word in ruil vir 'n niemonetêre bate of monetêre bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates, word die bate wat bekom is aanvanklik bereken teen billike waarde (die kosprys), tensy die billike waarde van nóg die bate ontvang, nóg die bate prysgegee betroubaar bereken kan word. As die item wat verkry is nie teen billike waarde bereken word nie, word die kosprys bereken teen die drawaarde van die bate wat prysgegee is.

Indien beduidende komponente van 'n item eiendom, aanleg en toerusting verskillende nuttige lewensdure het, word verantwoording daarvoor gedoen as afsonderlike items (belangrike komponente) eiendom, aanleg en toerusting.

Koste behels koste aanvanklik aangegaan om 'n item eiendom, aanleg en toerusting te bou of te verkry, en koste sedertdien aangegaan om by te voeg by, 'n gedeelte te vervang, of dit te versien. As 'n vervangingskoste erken word in die drawaarde van 'n item eiendom, aanleg en toerusting, word die



drawaarde van die vervangde gedeelte onderken.

Erkenning van die koste in die drawaarde van 'n item eiendom, aanleg en toerusting eindig indien dit in die plek en toestand is wat nodig is sodat dit kan werk op die manier wat die bestuur bedoel het.

Belangrike onderdele en gereedheidstoerusting wat verwag word om vir meer as een tydperk gebruik te word, word ingesluit in eiendom, aanleg en toerusting. Boonop word daar vir onderdele en gereedheidstoerusting wat net in verband met 'n item eiendom, aanleg en toerusting gebruik kan word, verantwoording gedoen as eiendom, aanleg en toerusting.

Groot inspeksiekoste wat 'n voorwaarde is vir voortgesette gebruik van 'n item eiendom, aanleg en toerusting, en wat voldoen aan die erkenningskriteria hier bo, word ingesluit as 'n plaasvervanger in die koste van die item eiendom, aanleg en toerusting. Enige oorblywende inspeksiekoste van die vorige inspeksie word onderken.

Items eiendom, aanleg en toerusting word onderken indien die bate verkoop word of indien daar geen verdere ekonomiese voordele of dienspotensiaal is wat van die gebruik of verkoop van die bate verwag word nie.

Die wins of verlies wat uit die onderkenning van 'n item eiendom, aanleg en toerusting spruit, word ingesluit by oorskot of tekort wanneer die item onderken word. Die wins of verlies wat spruit uit die onderkenning van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word bereken as die verskil tussen die netto verkoopinkomste, indien enige, en die drawaarde van die item.

### **Oorgangsbepaling**

Die Parlement het sy rekeningkundige beleid vir eiendom, aanleg en toerusting in 2016 verander. Die verandering in rekeningkundige beleid is ooreenkomstig sy oorgangsbepaling volgens riglyn 8 van die AARP-raamwerk vir verslagdoening gedoen.

Ingevolge die oorgangsbepaling word die Parlement nie voorgeskryf om eiendom, aanleg en toerusting te bereken vir verslagtydperke wat begin op of ná 'n datum binne drie jaar ná die datum van die aanvanklike aanvaarding van die standaard van die AARP vir eiendom, aanleg en toerusting nie. Eiendom, aanleg en toerusting is dienooreenkomstig op voorlopige bedrae onderken, soos bekend gemaak in aantekening 10.

Totdat die berekeningstydperk verval en eiendom, aanleg en toerusting erken en bereken word ooreenkomstig die vereistes van die standaard van die AARP vir eiendom, aanleg en toerusting hoef die Parlement nie aan die standarde van die AARP te voldoen oor die volgende nie:

- voorlegging van finansiële state (AARP 1),
- die uitwerkings van veranderings in buitelandsevalutatransaksies (AARP 4),
- huurooreenkomste (AARP 13),
- segmentverslagdoening (AARP 18),
- beëindigde werksaamhede (AARP 100).

Die vrystelling van die toepassing van die berekeningsvereistes van die standaard van die AARP vir eiendom, aanleg en toerusting impliseer dat enige vereistes wat met voorlegging en openbaarmaking verband hou, nie nagekom hoef te word vir eiendom, aanleg en toerusting wat nie bereken is ooreenkomstig die vereistes van die standaard van die AARP vir eiendom, aanleg en toerusting nie.

#### **1.4 Ontasbare bates**

'n Bate is aantoonbaar as dit:

- skeibaar is, dit wil sê geskei of verdeel kan word van 'n entiteit en verkoop, oorgedra,

- spruit uit bindende ooreenkomste (waaronder regte uit kontrakte), ongeag of hierdie regte oordraagbaar of skeibaar is van die Parlement of van ander regte en verpligtinge.

'n Bindende ooreenkoms beskryf 'n ooreenkoms wat soortgelyke regte en verpligtinge aan die betrokke partye oordra asof dit in die vorm van 'n kontrak is.

'n Ontasbare bate word erken as:

- dit waarskynlik is dat die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat aan die bate toegeskryf kan word, die Parlement gaan toekom; en
- die kosprys of billike waarde van die bate betroubaar bereken kan word.

Die Parlement assesser die waarskynlikheid van verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur redelike en houdbare aannames te gebruik wat die bestuur se beste raming van die stel ekonomiese omstandighede verteenwoordig wat oor die nuttige lewensduur van die bate sal bestaan. Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys erken.

Indien 'n ontasbare bate verkry word teen geen koste nie, of teen 'n nominale koste, is die kosprys die billike waarde daarvan op die datum van verkryging.

Besteding aan navorsing (of aan die navorsingsfase van 'n interne projek) word as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.

'n Ontasbare bate wat uit ontwikkeling (of uit die ontwikkelingsfase van 'n interne projek) spruit, word erken indien:

- dit tegnies haalbaar is om die bate te voltooi sodat dit beskikbaar sal wees vir gebruik of verkoop kan word.
- daar 'n bedoeling is om dit te voltooi en te gebruik of te verkoop.
- daar 'n vermoë bestaan om dit te gebruik of te verkoop.
- dit waarskynlike toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal genereer.
- daar beskikbare tegniese, finansiële en ander hulpbronne is om die ontwikkeling te voltooi en die bate te gebruik of verkoop.
- die besteding toeskryfbaar aan die bate tydens die ontwikkeling daarvan betroubaar bereken kan word.

'n Ontasbare bate word gereken 'n onbepaalde nuttige lewensduur te hê indien daar op grond van alle relevante faktore geen voorsienbare perk is aan die tydperk waaroor die bate na verwagting netto kontantinkomste of dienspotensiaal gaan genereer nie. Amortisasie word nie voorsien vir hierdie ontasbare bates nie, maar dit word jaarliks vir waardevermindering getoets en wanneer daar ook al 'n aanduiding is dat die bate se waarde moontlik verminder het.

Intern gegenereerde handelsmerke, mashoofde, publikasietitels, kliëntelyste en items wat aansienlik ooreenstem, word nie as ontasbare bates erken nie.

**Ontasbare bates word onderken:**

- by verkope; of
- indien geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit die gebruik of vervreemding daarvan verwag word nie.

Die wins of verlies wat uit die onderkenning van 'n ontasbare bate spruit, word bereken as die verskil

tussen die netto inkomste uit vervreemding, indien enige, en die drawaarde van die ontasbare bate. Sodanige verskil word in oorskot of tekort erken wanneer die ontasbare bate ont erken word.

### **Oorgangsbepaling**

Die Parlement het sy rekeningkundige beleid vir ontasbare bates in 2016 verander. Die verandering van rekeningkundige beleid is ooreenkomstig sy oorgangsbepaling volgens riglyn 8 van die AARP-raamwerk vir verslagdoening gedoen.

Volgens die oorgangsbepaling word die Parlement nie voorgeskryf om ontasbare bates te bereken vir verslagtydperke wat begin op of ná 'n datum binne drie jaar ná die datum van die aanvanklike aanvaarding van die standaard van die AARP vir ontasbare bates nie. Ontasbare bates is dienoooreenkomstig teen voorlopige bedrae erken, soos in 11 bekend gemaak.

Totdat die berekeningstydperk verstryk en ontasbare bates erken en bereken word ooreenkomstig die vereistes van die standaard van die AARP vir ontasbare bates moet die Parlement nie te voldoen nie aan die standaarde van die AARP vir:

- aanbieding van finansiële state (AARP 1),
- die uitwerkings van veranderings in buitelandsevalutatransaksies (AARP 4),
- huurooreenkomste (AARP 13),
- segmentverslagdoening (AARP 18),
- beëindigde bedrywighede (AARP 100).

Die vrystelling van die toepassing van die berekening van die standaard van die AARP vir ontasbare bates beteken dat enige verwante vereistes vir voorlegging en bekendmaking nie nagekom moet word vir ontasbare bates wat nie bereken is ooreenkomstig die vereistes van die standaard van die AARP vir ontasbare bates nie.

### **1.5 Erfgoed**

Erfgoed is bates wat 'n kulturele, omgewings-, historiese, natuurlike, wetenskaplike, tegnologiese of artistieke belang het en onbepaald tot die voordeel van huidige en toekomstige geslagte gehou word.

#### **Erkenning**

Die Parlement erken erfgoed as 'n bate as dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die bate vereenselwig word die Parlement sal toekom, en die kosprys of billike waarde van die bate betroubaar bereken kan word.

Indien die Parlement erfgoed hou, maar dit met aanvanklike erkenning nie voldoen aan die erkenningskriteria nie omdat dit nie betroubaar bereken kan word nie, word inligting oor sodanige erfgoed in aantekening 12-erfgoed bekend gemaak.

#### **Aanvanklike berekening**

Erfgoed word teen kosprys bereken. Indien erfgoed met 'n nieruiltransaksie bekom word, word die kosprys daarvan bereken teen die billike waarde daarvan soos op die datum van verkryging.

#### **Oordragte**

Oordragte van erfgoed word net gedoen indien die betrokke bate nie meer aan die definisie van erfgoed voldoen nie. Oordragte aan erfgoed word net gedoen indien die bate aan die definisie van erfgoed voldoen.

#### **Onterkenning**

Die Parlement ont erken erfgoed met vervreemding, of indien geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit die gebruik of vervreemding daarvan verwag word nie.

Die wins of verlies wat uit die onderkenning van erfgoed spruit, word bereken as die verskil tussen die netto inkomste uit vervreemding, indien enige, en die drawaarde van die erfgoed. So 'n verskil word in oorskot of tekort erken wanneer die erfgoed onderken word.

### **Oorgangsbepaling**

Die Parlement het sy rekeningkundige beleid oor erfgoed in 2016 verander. Die verandering in rekeningkundige beleid is ooreenkomstig sy oorgangsbepaling soos volgens riglyn 8 van die AARP-raamwerk vir verslagdoening gedoen.

Volgens die oorgangsbepaling word die Parlement nie voorgeskryf om erfgoed te bereken vir verslagtydperke wat begin op of ná 'n datum binne drie jaar ná die datum van die aanvanklike aanvaarding van die standaard van die AARP vir erfgoed nie. Erfgoed is dienooreenkomstig teen voorlopige bedrae erken, soos in nota 12 oor Erfenisgoed bekend gemaak.

Totdat die berekeningstydperk verstryk en erfgoed erken en bereken word ooreenkomstig die vereistes van die standaard van die AARP vir erfgoed, hoef die Parlement nie te voldoen nie aan die standaard van die AARP vir (in die mate dat hierdie standarde vereistes vir erfgoed voorskryf):

- die aanbieding van finansiële state (AARP 1),
- die uitwerkings van veranderings in buitelandsevalutatransaksies (AARP 4),
- huurooreenkomste (AARP 13),
- segmentverslagdoening (AARP 18),
- beëindigde werksaamhede (AARP 100).

Die vrystelling van die toepassing van die berekeningsvereistes van die standaard van die AARP vir erfgoed beteken dat daar nie voldoen hoef te word aan enige verwante vereistes vir aanbieding en bekendmaking vir erfgoed wat nie bereken is ooreenkomstig die vereistes van die standaard van die AARP vir erfgoed nie.

### **1.6 Finansiële instrumente**

'n Finansiële instrument is enige kontrak waaruit 'n finansiële bate van een entiteit en 'n finansiële verpligting of 'n oorblywende belang van 'n ander entiteit voortvloei.

#### **Klassifikasie**

Die Parlement het die volgende soorte finansiële bates (klasse en kategorie) soos verstrekk op die aangesig van die staat van die finansiële posisie of in die aantekeninge daarby:

<b>Klas</b>	<b>Kategorie</b>
Ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies	Finansiële bate teen geamortiseerde koste bereken
Ontvangbare rekenings van ruiltransaksies Kontant en kontantekwivalente	Kontant en kontantekwivalente Finansiële bate teen geamortiseerde koste bereken

Die Parlement het die volgende soorte finansiële verpligtinge (klasse en kategorie) soos verstrekk op die aangesig van die staat van die finansiële posisie of in die aantekeninge daarby:

<b>Klas</b>	<b>Kategorie</b>
Verpligtinge van ruiltransaksies	Finansiële verpligting bereken teen geamortiseerde koste
Bruikhuurverpligtinge	Finansiële verpligting bereken teen geamortiseerde koste
Oortrokke bankrekening	Finansiële verpligting bereken teen geamortiseerde koste
Verpligting van bewilligde geld	Finansiële verpligting bereken teen geamortiseerde koste
Verpligting van departementele inkomste	Finansiële verpligting bereken teen geamortiseerde koste

### **Aanvanklike erkenning**

Die Parlement erken 'n finansiële bate of 'n finansiële verpligting in sy staat van finansiële posisie indien die Parlement 'n party tot die kontraktuele voorwaardes van die instrument word.

Die Parlement erken finansiële bates deur handelsdatumrekeningkunde te gebruik.

### **Aanvanklike berekening van finansiële bates en finansiële verpligtinge**

Die Parlement bereken 'n finansiële bate en finansiële verpligting, buiten dié wat later teen billike waarde bereken word, aanvanklik teen sy billike waarde plus transaksiekoste, wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate of finansiële verpligting.

Die Parlement bereken alle ander finansiële bates en finansiële verpligtinge aanvanklik teen die billike waarde daarvan.

Die Parlement bepaal eers of die wese van 'n konsessielening inderdaad 'n lening is. By die aanvanklike erkenning ontleed die Parlement 'n konsessielening in sy samestellende dele en gee rekenskap vir elke deel afsonderlik. Die Parlement gee rekenskap vir hierdie deel van 'n konsessielening wat:

- 'n maatskaplike voordeel is ooreenkomstig die raamwerk vir die opstelling en voorlegging van finansiële state, of dit die uitreiker of die lening is; of
- nieruilinkomste is, ooreenkomstig die standaard van die AARP vir inkomste uit nieruiltransaksies (belastings en oordragte), indien dit die ontvanger van die lening is.

### **Daaropvolgende berekenings van finansiële bates en finansiële verpligtinge**

Die Parlement bereken alle finansiële bates en finansiële verpligtinge ná aanvanklike erkenning deur die volgende kategorieë te gebruik:

- finansiële instrumente teen billike waarde.
- finansiële instrumente teen geamortiseerde kosprys.
- finansiële instrumente teen kosprys.

Alle finansiële bates wat teen geamortiseerde kosprys, of kosprys, bereken word, is onderhewig aan 'n waardeverminderingshersiening.

Die geamortiseerde kosprys van 'n finansiële bate of finansiële verpligting is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële verpligting met aanvanklike erkenning bereken word, plus of minus die kapitaalrugbetalings, plus of minus die kumulatiewe amortisasie met gebruik van die effektiwewentememete van enige verskil tussen hierdie aanvanklike bedrag en die vervaldatumbedrag, en minus enige aftrekking (direk of met behulp van die gebruik van 'n voorsieningsrekening) vir waardevermindering of oninvorderbaarheid in die geval van 'n finansiële bate.

### **Oorwegings vir berekening van billike waarde**

Die beste bewys van billike waarde is genoteerde pryse in 'n aktiewe mark. Indien die mark vir 'n finansiële instrument nie aktief is nie, stel die Parlement billike waarde vas deur 'n waarderingstegniek te gebruik. Die doel van die gebruik van 'n waarderingstegniek is om vas te stel wat die transaksieprys op die berekeningsdatum sou gewees het in 'n ruiltransaksie op armlengte wat deur normale operasionele oorwegings gemotiveer is. Waarderingstegnieke behels die gebruik van onlangse armlengte-marktransaksies tussen kundige, gewillige partye, indien beskikbaar, verwysing na die huidige billike waarde van 'n ander instrument wat wesenlik eenders is, verdiskonteerde kontantvloei-ontleding en opsiewaardasiemodelle. Indien daar 'n waarderingstegniek is wat algemeen deur markdeelnemers gebruik word om die instrument te prys en hierdie tegniek getoon het dat dit betroubare ramings van pryse lewer wat in werklike marktransaksies behaal is, gebruik die entiteit hierdie tegniek. Die gekose waarderingstegniek maak maksimale gebruik van markinsette en vertrou so min moontlik op entiteitspesifieke insette. Dit behels alle faktore wat markdeelnemers sou oorweeg

het om 'n prys vas te stel en is konsekwent met aanvaarde ekonomiese metodologieë om finansiële instrumente te prys. Van tyd tot tyd kalibreer 'n wetgewer die waarderingstegniek en toets die geldigheid daarvan deur pryse te gebruik van enige waarneembare huidige marktransaksies in dieselfde instrument (dit wil sê sonder wysiging of herverpakking) of gegrond op enige beskikbare markinligting.

Korttermyn- ontvangbare rekenings en korttermynverpligtinge word nie verdiskonteer indien die aanvanklike krediettydperk wat toegestaan of ontvang is konsekwent is met voorwaardes wat in die openbare sektor gebruik word nie, of dit nou deur gevestigde praktyke of deur wetgewing is.

### **Winste en verliese**

'n Wins of verlies wat uit 'n verandering in die billike waarde van 'n finansiële bate of finansiële verpligting spruit wat teen billike waarde bereken is, word in oorskot of tekort erken.

Vir finansiële bates en finansiële verpligtinge wat teen geamortiseerde kosprys of kosprys bereken is, word 'n wins of verlies in oorskot of tekort erken indien die finansiële bate of finansiële verpligting onderken is of van waarde verminder het, of deur die amortiseringsproses.

### **Waardevermindering en oninvorderbaarheid van finansiële bates**

Die Parlement assesser aan die einde van elke verslagtydperk of enige objektiewe bewys bestaan dat 'n finansiële bate of groep finansiële bates van waarde verminder het.

Vir bedrae aan die Parlement betaalbaar word aansienlike finansiële probleme van die ontvangbare rekening, waarskynlikheid dat die ontvangbare rekening bankrot verklaar gaan word en verstekbetalings almal as aanwysers van waardevermindering beskou.

### **Finansiële bates teen geamortiseerde kosprys bereken:**

Indien objektiewe getuienis bestaan dat 'n waardeverminderingsverlies op finansiële bates bereken teen geamortiseerde kosprys opgedoen is, word die bedrag van die verlies bereken as die verskil tussen die bate se drawaarde en die huidige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei (buiten toekomstige kredietverliese wat nie opgedoen is nie) verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers. Die drawaarde van die bate word verminder met behulp van die gebruik van 'n voorsieningsrekening. Die bedrag van die verlies word in oorskot of tekort erken.

Indien, in 'n daaropvolgende tydperk, die bedrag van die verlies weens waardevermindering afneem en die vermindering objektief verbind kan word met 'n gebeurtenis wat plaasvind nadat die waardevermindering erken is, word die voorheen erkende waardeverminderingsverlies omgekeer deur 'n voorsieningsrekening aan te pas. Die omkering het nie 'n drawaarde van die finansiële bate tot gevolg wat dit wat die geamortiseerde kosprys sou gewees het oorskry nie, sou die waardevermindering nie erken gewees het nie op die datum dat die waardevermindering omgekeer word. Die bedrag van die omkering word in oorskot of tekort erken.

Indien finansiële bates se waarde deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening verminder word, word die bedrag van die verlies in oorskot of tekort binne bedryfskoste erken. Indien sodanige finansiële bates afgeskryf word, word die afskrywing teen die betrokke voorsieningsrekening gedoen. Daaropvolgende verhalings van bedrae wat tevore afgeskryf is, word teen bedryfskoste gekrediteer.

### **Finansiële bates teen kosprys bereken**

Indien objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardeverminderingsverlies opgedoen is op 'n belegging in 'n oorblywende belang wat nie bereken word teen billike waarde omdat die billike waarde daarvan nie betroubaar bereken kan word nie, word die bedrag van die waardeverminderingsverlies bereken as die verskil tussen die drawaarde van die finansiële bate en die teenswoordige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei, verdiskonteer teen die huidige markopbrengskoers vir 'n soortgelyke

finansiële bate. Sulke waardeverminderingsverliese word nie omgekeer nie.

## **Ont erkenning**

### **Finansiële bates**

Die Parlement ont erken finansiële bates met behulp van handelsdatumrekeningkunde. Die Parlement ont erken 'n finansiële bate slegs indien:

- die kontraktuele regte op die kontantvloei van die finansiële bate verval, betaal of kwytsgekeld word;
- die Parlement naastenby al die risiko's en belonings van eienaarskap van die finansiële bate aan 'n ander party oordra;
- of die Parlement, al het dit sekere beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die finansiële bate behou, beheer oor die bate aan 'n ander party oorgedra het en die ander party die praktiese vermoë het om die bate geheel en al aan 'n onverwante party te verkoop, en hierdie vermoë eensydig kan uitoefen en sonder om bykomende beperkings op die oordrag hoof in te stel. In hierdie geval sal die Parlement:
  - die bate ont erken; en
  - afsonderlik enige regte en verpligtinge erken wat met die oordrag geskep of behou word.

Die drawaarde van die bate wat oorgedra is, word toegewys tussen die regte of verpligtinge wat behou word en dié wat oorgedra word op grond van hul relatiewe billike waardes op die datum van oordrag. Nuutgeskepte regte en verpligtinge word teen hul billike waardes op dié datum bereken. Enige verskil tussen die vergoeding ontvang en die bedrae erken en ont erken word in oorskot of tekort in die tydperk van die oordrag erken. Met die ont erkenning van 'n finansiële bate in die geheel word die verskil tussen die drawaarde en die bedrag van die vergoeding ontvang in oorskot of tekort erken.

### **Finansiële verpligtinge**

Die Parlement verwyder 'n finansiële verpligting (of 'n deel van 'n finansiële verpligting) uit sy staat van finansiële posisie wanneer dit vereffen word — dit wil sê indien die verpligting omskryf in die kontrak gedelg, gekanselleer, verval of kwytsgekeld is.

'n Uitruiing tussen 'n bestaande lener en uitlener van skuldinstrumente met aansienlik verskillende voorwaardes word verklaar as kwytskelding of delging van die oorspronklike finansiële verpligting en 'n nuwe finansiële verpligting word erken. Insgelyks word 'n aansienlike wysiging van die voorwaardes van 'n bestaande finansiële verpligting of 'n deel daarvan verklaar as dat die oorspronklike finansiële verpligting gedelg is en 'n nuwe finansiële verpligting erken is.

Die verskil tussen die drawaarde van 'n finansiële verpligting (of gedeelte van 'n finansiële verpligting) wat gedelg of aan 'n ander party oorgedra is en die storting betaal is, waaronder alle niekontantbates wat oorgedra of verpligtinge wat aanvaar is, word in oorskot of tekort erken. Alle verpligtinge wat met behulp van 'n nieruiltransaksie deur 'n ander wetgewer kwytsgekeld, vergewe of aanvaar word, word verklaar ooreenkomstig die standaard van die AARP vir inkomste uit nieruiltransaksies (belasting en oordragte).

Volgens die kostemetode word die bedrag wat aanvanklik erken is, net vervolgens verander om enige bedrag te weerspieël wat:

- rente of ander heffings op die ontvangbare rekening kon opgehoop het;
- waardeverminderingsverlies; en
- bedrae ont erken.

### **1.7 Statutêre ontvangbare rekenings**

Statutêre ontvangbare rekenings is ontvangbare rekenings wat:

- spruit uit wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele; en

- betaling deur 'n ander entiteit in kontant of 'n ander finansiële bate vereis.

Statutêre ontvangbare rekenings behels inkomste ontvangbaar uit eiendomsbelasting, boetes, strawwe, toelaes en gelde gehef in terme van wetgewing.

Die Parlement erken statutêre ontvangbare rekenings soos volg:

- indien die transaksie 'n ruiltransaksie is met gebruik van AARP 9;
- indien die transaksie 'n nieruiltransaksie is met gebruik van AARP 23;
- indien die transaksie nie binne die omvang van óf AARP 9 óf AARP 23 is nie, word die ontvangbare rekening erken indien:
  - daar voldoen word aan die definisie van 'n bate; en
  - dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die bate vereenselwig word, die Parlement sal toekom en die transaksiebedrag betroubaar bereken kan word.

Die Parlement bereken alle statutêre ontvangbare rekenings ná aanvanklike erkenning deur die kostemetode te gebruik.

Volgens die kostemetode word die bedrag wat aanvanklik erken is, slegs daarna verander om die volgende weer te gee:

- rente of ander heffings wat kon opgeloop het op die ontvangbare rekening;
- waardevermindingsverlies; en
- bedrae ontteken.

As die aandeelgebaseerde betalings onmiddellik oorgaan, word die dienste ontvang volledig erken.

Die Parlement assesseeer aan die einde van elke verslagtydperk of daar objektiewe bewyse bestaan dat die waarde van 'n statutêre ontvangbare rekening of groep statutêre ontvangbare rekenings verminder het.

Vir bedrae aan die Parlement verskuldig, word aansienlike finansiële probleme van die ontvangbare rekening, waarskynlikheid dat die ontvangbare rekening bankrotskap gaan betree en verstekbetalings almal as aanwysers van waardevermindering beskou.

Indien objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardevermindingsverlies op statutêre ontvangbare rekenings opgedoen is, word die som van die verlies bereken as die verskil tussen die bate se drawaarde en die geraamde toekomstige kontantvloei, wat verdiskonteer word as die uitwerking van die verdiskontering wesenlik is, deur 'n koers te gebruik wat die huidige risikovrye koers en, indien toepaslik, enige risiko's weergee, spesifiek tot die statutêre ontvangbare rekening, of groep statutêre ontvangbare rekenings, waarvoor die toekomstige kontantvloeiraming nie aangepas is nie.

Die drawaarde van die bate word met behulp van 'n voorsieningsrekening verminder. Die bedrag van die verlies word in oorskot of tekort erken.

Indien, in 'n daaropvolgende tydperk, die bedrag van die waardevermindingsverlies afneem en die afname objektief verbind kan word met 'n gebeurtenis wat voorgekom het nadat die waardevermindering erken is, word die voorheen erkende waardevermindingsverlies omgekeer deur die voorsieningsrekening aan te pas. Die omkering het nie 'n drawaarde van die statutêre ontvangbare rekening tot gevolg wat dit wat die geamortiseerde kosprys sou gewees het oorskry, sou die waardevermindering nie erken gewees het op die datum dat die waardevermindering omgekeer is nie. Die som van die omkering word in oorskot of tekort erken.

Indien statutêre ontvangbare rekenings se waarde weens die gebruik van 'n voorsieningsrekening daal, word die bedrag van die verlies in oorskot of tekort binne bedryfsuitgawes erken. Indien sodanige



ontvangbare rekenings afgeskryf word, word die afskrywing teen die relevante voorsieningsrekening gedoen. Daaropvolgende verhalings van bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes gekrediteer.

Die Parlement ontken 'n statutêre ontvangbare rekening indien:

- die regte op die kontantvloei van die statutêre ontvangbare rekenings vereffen, verval of kwytgeskeld word;
- die Parlement naastenby al die risiko's en belonings van besit van die ontvangbare rekening aan 'n ander party oordra;
- die Parlement, al het dit sommige beduidende risiko's en belonings van besit van die ontvangbare rekening behou, beheer oor die ontvangbare rekening in die geheel aan 'n onverwante party oorgeda, en in staat is om hierdie vermoë eensydig uit te oefen en sonder om bykomende beperkings op die oordrag hoef te plaas. In hierdie geval sal die Parlement:
  - die ontvangbare rekening ontken;
  - afsonderlik alle regte en verpligtinge erken wat met die oordrag geskep of behou word.

Die drawaarde van die bate wat oorgeda is, word verdeel tussen die regte en verpligtinge wat behou is en dié wat oorgeda is op grond van hul relatiewe billike waardes op die oordragdatum. Nuutgeskepte regte en verpligtinge word oorweeg vir insluiting binne die omvang van AARP 104 of 'n ander standaard van die AARP. Enige verskil tussen die vergoeding ontvang en bedrae wat erken en ontken is, word in die tydperk van die oordrag in oorskot of tekort erken.

### **1.8 Huurooreenkomste**

'n Huurooreenkoms word as bruikhuur geklassifiseer indien dit naastenby al die risiko's en belonings oordra wat aan eienaarskap verbonde is. 'n Huurooreenkoms word as 'n werkende huurooreenkoms geklassifiseer indien dit nie naastenby al die risiko's en belonings oordra wat aan eienaarskap verbonde is nie.

Indien 'n huurooreenkoms sowel grond as geboue-elemente insluit, assesser die entiteit die klassifikasie van elke element afsonderlik.

#### **Bruikhuur – huurder**

Bruikhuur word as bates en verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken teen bedrae gelykstaande aan die billike waarde van die gehuurde eiendom of, indien dit minder is, die huidige waarde van die minimum huurbetalings. Die ooreenstemmende verpligting vir die verhuurder word as 'n bruikhuurverpligting in die staat van finansiële posisie ingesluit.

Die verdiskonteringskoers wat gebruik word in die berekening van die huidige waarde van die minimum huurbetalings is die rentekoers geïmpliseer in die huurooreenkoms.

Die minimum huurbetalings word tussen die finansieringskoste en vermindering van die uitstaande verpligting toegedeel. Die finansieringskoste word aan elke tydperk in die termyn van die huurooreenkoms as 'n konstante periodieke koers op die oorblywende saldo van die skuld toegedeel.

#### **Werkende huurooreenkoms – huurder**

Werkendehuurbetalings word as 'n uitgawe op 'n reguitlyngrondslag oor die termyn van die huurooreenkoms erken. Die verskil tussen die bedrae as 'n uitgawe erken en die kontraktuele betalings word as 'n werkende huurbate of skuld erken.

Die totale voordeel van aansporings word as 'n vermindering van huuruitgawes oor die termyn van die huurooreenkoms op 'n reguitlyngrondslag oor die termyn van die huurooreenkoms erken.

### **1.9 Inventarisse**

Inventarisse word aanvanklik teen kosprys bereken, behalwe as inventarisse teen geen koste nie, of teen 'n nominale koste, bekom word. Dan is die kosprys die billike waarde soos op die datum van verkryging.

Dienooreenkomstig word inventarisse teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde bereken. Inventarisse word teen die laagste van kosprys of huidige vervangingskoste bereken indien dit gehou word vir:

- uitdeling teen geen koste nie of teen 'n nominale koste; of
- verbruik in die produksieproses van goedere wat teen geen koste nie of 'n nominale koste uitgedeel gaan word.

Huidige vervangingskoste is die koste wat die Parlement aangaan om die bate op die verslagdatum aan te skaf.

Die kosprys van inventarisse behels alle koste van aankope, koste van omskakeling en ander koste aangegaan om die inventarisse na hul huidige ligging en toestand te bring.

Die kosprys van inventarisse van items wat nie gewoonlik uitruilbaar is nie en goedere en dienste vir spesifieke projekte gelewer en uitgehou, word toegewys deur spesifieke identifikasie van die individuele kospryse te gebruik.

Die kosprys van inventarisse word toegewys deur die geweegdegemiddelde-kosteformule te gebruik. Dieselfde kosteformule word vir alle inventarisse van dieselfde aard en nut vir die Parlement gebruik.

Indien inventarisse verkoop word, word die drawaarde van hierdie inventarisse erken as 'n uitgawe in die tydperk waarin die verwante inkomste erken word. As daar geen verwante inkomste is nie, word die uitgawes erken wanneer die goedere uitgedeel of verwante dienste gelewer word. Die bedrag van alle afskrywings van inventarisse tot netto realiseerbare waarde of huidige vervangingskoste en alle verliese van inventarisse word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin die afskrywing of verlies voorkom. Die bedrag van enige omkering van enige afskrywing van inventarisse, wat uit 'n styging in die netto realiseerbare waarde of huidige vervangingskoste spruit, word as 'n vermindering in die som van inventarisse erken wat as 'n uitgawe erken is in die tydperk waarin die omkering voorkom.

### **Oorgangsbepaling**

Die Parlement het sy rekeningkundige beleid vir inventarisse in 2016 verander. Die verandering in rekeningkundige beleid is ooreenkomstig sy oorgangsbepaling volgens riglyn 8 van die AARP-raamwerk vir verslagdoening gedoen.

Ingevolge die oorgangsbepaling word die Parlement nie voorgeskryf om inventarisse vir verslagtydperke te bereken wat begin op of ná 'n datum binne drie jaar ná die datum van die aanvanklike aanvaarding van die standaard van die AARP vir inventarisse nie. Dienooreenkomstig is inventarisse teen voorlopige bedrae erken, soos in nota 4 geopenbaar.

Tot tyd en wyl die berekeningstydperk verstryk en inventarisse erken en bereken word ooreenkomstig die voorskrifte van die standaard van die AARP vir ontasbare bates, hoef die Parlement nie te voldoen nie aan die standaarde van die AARP vir:

- aanbieding van finansiële state (AARP 1),
- die uitwerkings van veranderinge in buitelandsevalutatransaksies (AARP 4),
- huurooreenkomste (AARP 13),
- segmentverslagdoening (AARP 18),

- beëindigde werksaamhede (AARP 100).

Die vrystelling van die toepassing van die berekeningsvoorskrifte van die standaard van die AARP vir inventarisse beteken dat enige verwante voorskrifte vir aanbidding en bekendmaking nie nagekom hoef te word vir inventarisse wat nie bereken is ooreenkomstig die voorskrifte van die standaard van die AARP vir inventarisse nie.

#### **1.10 Waardedaling van kontantgenererende bates**

Kontantgenererende bates is daardie bates wat deur die Parlement gehou word met die hoofdoel om 'n lonende opbrengs te genereer. Wanneer 'n bate aangewend word in ooreenstemming met die manier waarop dit deur 'n entiteit met winsoogmerk benut word, genereer dit 'n lonende opbrengs.

##### **Identifisering**

Wanneer die drawaarde van 'n kontantgenererende bate sy verhaalbare waarde oorskry, het sy waarde gedaal.

Die Parlement bepaal op elke verslagdatum of daar enige aanduiding is dat 'n kontantgenererende bate se waarde gedaal het. As daar enige sodanige aanduiding is, bepaal die Parlement die verhaalbare waarde van die bate.

Ongeag of daar enige aanduiding van waardedaling is, toets die Parlement ook 'n kontantgenererende ontasbare bate met 'n onbepaalde nuttige lewensduur wat nog nie vir benutting beskikbaar is nie, jaarliks vir waardedaling deur die drawaarde met sy verhaalbare waarde te vergelyk. Dié waardedalingstoets word elke jaar op dieselfde tyd gedoen. As 'n ontasbare bate aanvanklik in die huidige verslagtydperk erken is, is daardie ontasbare bate voor die einde van die huidige verslagtydperk vir waardedaling getoets.

##### **Waarde in gebruik**

'n Kontantgenererende bate se waarde in gebruik is die huidige waarde van die geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting verkry sal word uit die voortgesette gebruik van die bate en deur die bate aan die einde van sy nuttige lewensduur van die hand te sit.

By die bepaling van 'n bate se waarde in gebruik raam die Parlement die verwagte toekomstige kontantvloei en -uitvloei wat kan voortvloei uit die voortgesette gebruik van die bate en van die uiteindelijke verkoping daarvan, en die Parlement maak die bestemde diskontokoers op daardie toekomstige kontantvloei van toepassing.

##### **Diskontokoers**

Die diskontokoers is 'n voorbelastingkoers wat die huidige markassessering van die tydwaarde van geld weergee, soos verteenwoordig deur die huidige risikovrye rentekoers en die risiko's wat kenmerkend vir die bate is en waarvoor die toekomstige kontantvloeiraming nie aangepas is nie.

##### **Erkenning en meting (individuele bate)**

As die verhaalbare waarde van 'n kontantgenererende bate minder as sy drawaarde is, word die drawaarde daarvan tot sy verhaalbare waarde verminder. Dié vermindering is 'n waardedalingsverlies. 'n Waardedalingsverlies word onmiddellik in 'n surplus of tekort erken.

Ná die erkenning van 'n waardedalingsverlies word die depresiasie (amortisasie)-koste vir die kontantgenererende bate in toekomstige tydperke aangepas vir die toewysing van die kontantgenererende bate se hersiene drawaarde, minus die oorblywende waarde, op 'n stelselmatige grondslag oor die res van die bate se nuttige lewensduur.

### **Kontantgenererende eenhede**

As daar enige aanduiding is dat 'n bate waardedaling ondergaan het, word die verhaalbare waarde vir die bepaalde bate geraam. As dit nie moontlik is om die verhaalbare waarde van die individuele bate te raam nie, raam die Parlement die verhaalbare waarde vir die kontantgenererende eenheid waaraan die bate behoort.

As daar 'n aktiewe mark bestaan vir die produksie gelewer deur 'n bate of groep bates, word daardie bate of groep bates as 'n kontantgenererende eenheid geïdentifiseer, selfs as 'n deel van daardie produksie of die volle produksie intern aangewend word. As die kontantinvloei wat deur enige bate geskep word of die kontantgenererende eenheid deur interne oordragprysing geraak word, gebruik die Parlement die bestuur se beste raming of toekomstige prys(e) wat in armlengte-transaksies behaal kan word by die raming van:

- die toekomstige kapitaalinvloei wat gebruik is om die bate of kontantgenererende eenheid se waarde in gebruik te bepaal; en
- die toekomstige kapitaaluitvloei wat gebruik is om die waarde in gebruik te bepaal van enige ander bates of kontantgenererende eenhede wat deur die interne oordragprysing geraak word.

Kontantgenererende eenhede word van verslagtydperk tot -tydperk konsekvent geïdentifiseer vir dieselfde bate of soorte bates, tensy 'n verandering geregverdig is.

Die drawaarde van 'n kontantgenererende eenheid word bereken op 'n grondslag wat in ooreenstemming is met die manier waarop die verhaalbare waarde van die kontantgenererende eenheid bepaal word.

'n Waardedalingsverlies word vir 'n kontantgenererende eenheid erken as die verhaalbare waarde van die eenheid minder as sy drawaarde is. Die waardedaling word toegewys om die drawaarde van die eenheid te verminder op 'n pro rata-grondslag, gebaseer op die drawaarde van elke bate in die eenheid. Hierdie vermindering in die drawaarde word gehanteer as waardedalingsverliese op individuele bates.

By die toewysing van 'n waardedalingsverlies verminder die Parlement die drawaarde van 'n bate nie onder die hoogste van die volgende waardes nie:

- die billike waarde minus die koste verbonde aan die verkoop daarvan (as dit bepaalbaar is);
- die bate se waarde in gebruik (as dit bepaalbaar is); en
- nul.

Die bedrag van die waardebepalingsverlies wat andersins aan die bate toegewys sou word, word pro rata aan die ander kontantgenererende bates van die eenheid toegewys.

Waar 'n niekontantgenererende bate tot 'n kontantgenererende eenheid bydra, word 'n gedeelte van die drawaarde van daardie niekontantgenererende bate aan die kontantgenererende eenheid se drawaarde toegewys voor die raming van die verhaalbare waarde van die kontantgenererende eenheid.

### **Omkering van waardedalingsverliese**

Die Parlement stel met elke verslagdatum vas of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n kontantgenererende bate erken is, dalk nie meer bestaan nie of moontlik gekrimp het. As daar wel so 'n aanduiding is, raam die Parlement die verhaalbare waarde van daardie bate.

'n Waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n kontantgenererende bate erken is, word omgekeer as daar 'n verandering is in die ramings wat gebruik is om die bate se verhaalbare waarde

te bepaal sedert die laaste waardedalingsverlies erken is. Die drawaarde van die bate word tot sy verhaalbare waarde verhoog. Die verhoging is 'n omkering van 'n waardedalingsverlies. Die verhoogde drawaarde van 'n bate wat toeskryfbaar is aan 'n omkering van 'n waardedalingsverlies oorskry nie die drawaarde wat bepaal sou word (netto of depresiasie of amortisasie) as geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige tydperke erken is nie.

'n Omkering van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende bate word in 'n surplus of tekort erken.

Ná die erkenning van 'n omkering van 'n waardedalingsverlies word die depresiasie (amortisasie)-koste vir die kontantgenererende bate in toekomstige tydperke aangepas vir die toewysing van die kontantgenererende bate se hersiene drawaarde, minus die oorblywende waarde (as daar is), op 'n stelselmatige grondslag oor die oorblywende nuttige lewensduur van sodanige bate.

'n Omkering van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid word pro rata toegewys aan die kontantgenererende bates ooreenkomstig die drawaardes van daardie bates. Hierdie verhogings in drawaardes word gehanteer as omkerings van waardedalingsverliese vir individuele bates. Geen deel van die bedrag van so 'n omkering word toegewys aan niekontant-genererende bates wat dienspotensiaal tot 'n kontantgenererende eenheid bydra nie.

Wanneer 'n omkering van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid toegewys word, word die drawaarde van 'n bate nie meer verhoog nie as die laagste van:

- die verhaalbare waarde (as dit bepaal kan word) van die bate; en
- die drawaarde wat vasgestel sou word (netto of amortisasie of depresiasie) as geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige tydperke erken sou word nie.

Die bedrag van die omkering van die waardedalingsverlies wat andersins aan die bate toegewys sou word, word pro rata aan die ander bates van die eenheid toegewys.

### **1.11. Werknemervoordele**

#### **Korttermynwerknemervoordele**

Korttermynwerknemervoordele is werknemervoordele (buiten beëindigingsvoordele) wat binne 12 maande ná die einde van die tydperk betaal moet word waarin die werknemers die verwante diens gelewer het.

Korttermyn-werknemervoordele sluit items in soos:

- lone, salarisse en bestaansekerheidsbydraes;
- korttermyn- vergoede afwesighede (soos betaalde jaarlikse verlof en betaalde siekverlof) waar die vergoeding vir die afwesighede binne 12 maande ná die einde van die verslagtydperk betaal moet word waarin die werknemers die verwante werknemersdiens gelewer het;
- bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings wat binne 12 maande ná die einde van die verslagtydperk betaal moet word waarin die werknemers die verwante diens gelewer het; en
- niemonetêre voordele (byvoorbeeld mediese sorg en gratis of gesubsidieerde goedere of dienste soos behuising, motors en selfone) vir huidige werknemers.

Indien 'n werknemer 'n diens aan die Parlement in 'n verslagtydperk gelewer het, erken die Parlement die onverdiskonteerde bedrag van korttermynwerknemervoordele wat in ruil vir hierdie diens betaal moet word:

- as skuld (opgeloopde uitgawe) nadat enige bedrag wat reeds betaal is, afgetrek is. Indien die bedrag wat reeds betaal is die onverdiskonteerde bedrag van die voordele oorskry, erken die Parlement hierdie oorskryding as 'n bate (voorafbetaalde uitgawe) in die mate waartoe die

- as 'n uitgawe, tensy 'n ander standaard die insluiting van die voordele in die koste van 'n bate voorskryf of toelaat.

Die verwagte koste van vergoede afwesighede word erken as 'n uitgawe asof die werknemers dienste lewer wat hul aanspraak vergroot, of in die geval van nie-opgeloopde afwesighede, wanneer die afwesigheid voorkom. Die Parlement bereken die verwagte koste van oplopende vergoede afwesighede as die bykomende bedrag wat die Parlement verwag om te betaal as 'n gevolg van die ongebruikte aanspraak wat teen die verslagdatum opgehoop het.

Die Parlement erken die verwagte koste van bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings indien die Parlement 'n huidige regs- of konstruktiewe verpligting het om sulke betalings te doen as 'n gevolg van gebeure in die verlede en 'n betroubare raming van die verpligting gedoen kan word. 'n Huidige verpligting bestaan indien die Parlement geen realistiese alternatief het as om die betalings te doen nie.

### **Ná-diensvoordele**

Ná-diensvoordele is werknemervoordele (buiten beëindigingsvoordele) wat ná die voltooiing van diens betaalbaar is.

Ná-diensvoordeelplanne is formele of informele ooreenkomste ingevolge waarvan 'n wetgewer ná-diensvoordele aan een of meer werknemers voorsien.

Multiwerkgegewerplanne is omskewe bydraeplanne (buiten staatsplanne en saamgestelde bestaansekerheidsprogramme) of omskewe voordeelplanne (buiten staatsplanne) wat die bates byeenvoeg wat deur verskillende entiteite bygedra is wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie, en hierdie bates gebruik om voordele aan werknemers van een of meer Wetgewer te verskaf, aan die hand van bydrae- en voordeelvlakke wat bepaal word sonder inagneming van die identiteit van die Wetgewer wat die betrokke werknemers in diens het.

### **Ná-diensvoordele: omskewe voordeelplanne**

Omskewe voordeelplanne is ná-diensvoordeelplanne buiten omskewe bydraeplanne.

Aktuariële winste en verliese behels ervaringsaanpassings (die gevolge van verskille tussen die vorige aktuariële aannames en wat werklik gebeur het) en die gevolge van veranderings van aktuariële aannames. In die bepaling van sy omskewe voordeelverpligting erken die Parlement aktuariële winste en verliese in oorskot of tekort in die verslagtydperk waarin dit voorkom.

Huidige dienskoste is die styging van die huidige waarde van die omskewe voordeelverpligting wat uit werknemerdiens in die huidige tydperk spruit. Rentekoste is die styging in 'n tydperk van die huidige waarde van 'n omskewe voordeelverpligting wat ontstaan omdat die voordele een tydperk nader aan betaling is.

Verstreke dienskoste is die verandering van die huidige waarde van die omskewe voordeelverpligting vir werknemerdiens in voorafgaande tydperke, wat tot die huidige tydperk lei van die instelling van, of veranderings aan, ná-diensvoordele of ander langtermynwerknemervoordele. Verstreke dienskoste kan óf positief wees (indien voordele ingestel of verander word sodat die huidige waarde van die omskewe voordeelverpligting styg) óf negatief wees (indien bestaande voordele verander word sodat die huidige waarde van die omskewe voordeelverpligting daal). In die berekening van sy omskewe voordeelverpligting erken die Parlement verstreke dienskoste as 'n uitgawe in die verslagtydperk waarin

die plan gewysig word.

Planbates behels bates wat deur 'n langtermyn-werknemervoordeelfonds gehou word en kwalifiserende versekeringspolisse.

Die huidige waarde van 'n omskrewe voordeelverpligting is die huidige waarde, sonder om enige planbates af te trek, of verwagte toekomstige betalings wat nodig is om die verpligting te betaal wat uit werknemerdiens in die huidige en voorafgaande tydperke spruit.

Die opbrengs op planbates is rente, dividende of soortgelyke uitkerings en ander inkomste uit die planbates verkry, saam met gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese op die planbates, minus alle koste van die administrasie van die plan (buiten dié wat ingesluit is in die aktuariële aannames wat gebruik is om die omskrewe voordeelverpligting te bereken) en minus alle belasting wat deur die plan self betaalbaar is.

Die bedrag wat as 'n omskrewe voordeelverpligting erken word, is die netto som van die volgende bedrae:

- die huidige waarde van die omskrewe voordeelverpligting op die verslagdatum;
- minus die billike waarde op die verslagdatum van planbates (indien enige) waaruit die verpligting direk vereffen moet word;
- plus alle verpligtinge wat kan ontstaan as 'n gevolg van 'n minimum finansieringsvereiste.

Die bedrag wat as 'n omskrewe voordeelverpligting bereken is, kan negatief ('n bate) wees. Die Parlement bereken die gevolglike bate as die laagste van:

- die bedrag wat hier bo bereken is; en
- die huidige waarde van alle ekonomiese voordele wat as terugbetalings van die plan of vermindering van toekomstige bydraes tot die plan beskikbaar is. Die huidige waarde van hierdie ekonomiese voordele word bereken deur 'n verdiskonteringskoers te gebruik wat die tydwaarde van geld in ag neem.

Enige aanpassings wat uit die perk hier bo spruit, word in oorskot of tekort erken.

Die Parlement bereken die huidige waarde van omskrewe voordeelverpligtinge en die billike waarde van alle planbates met voldoende reëlmaat sodat die bedrae wat in die jaarlikse finansiële state erken word, nie wesenlik verskil van die bedrae wat op die verslagdatum bereken sou word nie.

Die Parlement erken die netto som van die volgende bedrae in oorskot of tekort, behalwe in die mate waartoe 'n ander standaard die insluiting daarvan in die koste van 'n bate voorskryf of toelaat:

- huidige dienskoste;
- rentekoste;
- die verwagte opbrengs op alle planbates en op alle terugbetalingsregte;
- aktuariële winste en verliese;
- verstreke dienskoste;
- die gevolge van alle besnoeiings of betalings; en
- die gevolg van die toepassing van die perk op 'n omskrewe voordeelbate (negatief omskrewe voordeelverpligting).

Die Parlement gebruik die metode vir geprojekteerde kredieteenhede om die huidige waarde van sy omskrewe voordeelverpligtinge en die verwante huidige dienskoste te bereken en, waar van toepassing, verstreke dienskoste. Die metode vir geprojekteerde kredieteenhede (soms bekend as die opgeloopte voordeelmethode wat toegewys word op diens of met die voordeel of diensjaremetode)

betekén elke diens tydperk gee aanleiding tot aanspraak op bykomende eenhede of voordele en bereken elke eenheid afsonderlik om die finale verpligting op te bou.

In die berekening van die huidige waarde van sy omskrewe voordeelverpligtinge en die verwante huidige diens koste en, waar van toepassing, verstreke diens koste, sal 'n Wetgewer voordele aan diens tydperke volgens die plan se voordeelformule toewys. Indien 'n werknemer se diens in later jare tot 'n aansienlik hoër voordeelvlak as in vroeër jare sal lei, sal 'n Wetgewer voordele op 'n reguitlyng grondslag toewys vanaf:

- die datum waarop diens deur die werknemer die eerste keer tot voordele volgens die plan lei (of die voordele nou voorwaardelik is op verdere diens of nie); tot
- die datum wanneer verdere diens deur die werknemer tot geen wesenlike bedrag van verdere voordele volgens die plan sal lei nie, buiten verdere salarisverhogings.

Aktuariële waardering word jaarliks afsonderlik vir elke plan deur onafhanklike aktuarisse gedoen. Die resultate van die waardering word opgedateer vir alle belangrike transaksies en ander belangrike veranderings in omstandighede (waaronder veranderings van markpryse en rentekoerse) tot en met die verslagdatum.

Die Parlement erken winste of verliese op die inkorting of vereffening van 'n omskrewe voordeelplan wanneer die inkorting of vereffening plaasvind. Die wins of verlies op 'n inkorting of vereffening behels:

- enige gevolglike verandering in die huidige waarde van die omskrewe voordeelverpligting; en
- enige gevolglike verandering in die billike waarde van die planbates.

Voordat die uitwerking van 'n inkorting of vereffening bereken word, bereken die Parlement die verpligting (en die verwante planbates, indien enige) weer deur huidige aktuariële aannames te gebruik (waaronder huidige markrentekoerse en ander huidige markpryse).

Indien dit feitlik seker is dat 'n ander party sommige of al die besteding gaan terugbetaal wat nodig is om 'n omskrewe voordeelverpligting te vereffen, word die reg op terugbetaling as 'n afsonderlike bate erken. Die bate word teen billike waarde bereken. In alle ander opsigte word die bate op dieselfde manier as planbates behandel. In oorskot of tekort word die uitgawe wat verband hou met 'n omskrewe voordeelplan voorgestel as die aftrekking van die bedrag wat vir 'n terugbetaling erken word.

Die Parlement verreken 'n bate wat met een plan verband hou teen 'n verpligting wat met 'n ander plan verband hou, indien die Parlement 'n regtens afdwingbare reg het om 'n oorskot in een plan te gebruik om verpligtinge volgens die ander plan te vereffen en beoog om óf die verpligtinge op 'n netto grondslag te vereffen, óf om die oorskot in een plan te gelde te maak en sy verpligting volgens die ander plan gelyktydig te vereffen.

### **Aktuariële aannames**

Aktuariële aannames is onbevooroordeeld en wedersyds versoenbaar.

Finansiële aannames word op markverwagtings gegrond, teen die verslagdatum, vir die tydperk waarvoor die verpligtinge vereffen moet word.

Die koers wat gebruik word om ná-diensvoordeelverpligtinge te verdiskonteer (sowel gefinansier as ongefinansier) neem die tydwaarde van geld in ag. Die geldigheidsduur en termyn van die finansiële instrument wat gekies is om die tydwaarde van geld weer te gee, is konsekwent met die geldigheidsduur en geraamde termyn van die ná-diensvoordeelverpligtinge.

Ná-diensvoordeelverpligtinge word bereken op 'n grondslag wat die volgende in ag neem:



- geraamde toekomstige salarisverhogings;
- die voordele wat uiteengesit is in die voorwaardes van die plan (of wat spruit uit enige konstruktiewe verpligting wat hierdie voorwaardes oorskry) op die verslagdatum; en
- geraamde toekomstige veranderings in die vlak van alle staatsvoordele wat die voordele betaalbaar volgens 'n omskrewe voordeelplan beïnvloed, as, en slegs as:
  - óf hierdie veranderings voor die verslagdatum uitgevoer is; óf
  - verstreke geskiedenis, of ander betroubare getuienis, daarop dui dat hierdie staatsvoordele op 'n sekere voorspelbare manier sal verander, byvoorbeeld ooreenkomstig toekomstige veranderings in algemene prysvlakke of algemene salarislakke.

Aannames oor mediese koste bring toekomstige veranderings in die koste van mediese dienste in berekening, wat uit sowel inflasie as spesifieke veranderings in mediese koste spruit.

### **Ander langtermynwerknemervoordele**

Die Parlement word verplig om toelaes as voordele vir langtermyndiens aan al sy werknemers te voorsien.

Die Parlement se verpligting is op 'n aktuariële waardering gegrond. Die metode vir 'n geprojekteerde eenheidkrediet word gebruik om die waarde van die verpligtinge te bepaal. Aktuariële winste en verliese op die toekennings vir langtermyndiens word in die staat van finansiële prestasie erken.

Die bedrag wat as 'n verpligting vir ander langtermynwerknemervoordele erken word, is die netto som van die volgende bedrae:

- die huidige waarde van die omskrewe voordeelverpligting op die verslagdatum;
- minus die billike waarde op die verslagdatum van planbates (indien enige) waaruit die verpligtinge direk vereffen moet word.

Die Parlement erken die netto som van die volgende bedrae as uitgawe of inkomste, behalwe in die mate dat 'n ander standaard die insluiting daarvan in die koste van 'n bate voorskryf of toelaat:

- huidige dienskoste;
- rentekoste;
- die verwagte opbrengs op alle planbates en op enige terugbetalingsreg wat as 'n bate erken word;
- aktuariële winste en verliese, wat onmiddellik erken sal word;
- verstreke dienskoste, wat onmiddellik erken sal word; en
- die gevolg van alle inkortings of vereffenings.

### **Beëindigingsvoordele**

Die Parlement erken beëindigingsvoordele as 'n verpligting en 'n uitgawe indien die Parlement bewysbaar verbind is tot óf:

- die beëindiging van die diens van 'n werknemer of 'n groep werknemers voor die normale aftreedatum; óf
- beëindigingsvoordele lewer as gevolg van 'n aanbod wat gedoen is ten einde vrywillige ontslag aan te moedig.

Die Parlement is bewysbaar verbind tot 'n beëindiging indien die Parlement 'n gedetailleerde formele plan vir die beëindiging het en sonder 'n realistiese moontlikheid van onttrekking is. Die gedetailleerde plan sluit in (as 'n minimum):

- die ligging, funksie en geraamde getal werknemers wie se dienste beëindig gaan word;
- die beëindigingsvoordele vir elke posbeskrywing of funksie; en

- die tyd waarop die plan in werking gestel sal word.

Indien beëindigingsvoordele meer as 12 maande ná die verslagdatum betaalbaar is, word dit verdiskonteer deur 'n toepaslike verdiskonteringskoers te gebruik. Die koers wat gebruik word om die voordeel te verdiskonteer, neem die tydwaarde van geld in ag.

In die geval van 'n aanbod wat gedoen word om vrywillige ontslag aan te moedig, sal die berekening van beëindigingsvoordele gegrond word op die getal werknemers wat na verwagting die aanbod sal aanvaar.

### **1.12 Voorsienings en gebeurlikhede**

Voorsienings word erken indien:

- die Parlement 'n huidige verpligting het as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede;
- dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat nodig sal wees om die skuld te vereffen; en
- 'n betroubare raming van die verpligting gedoen kan word.

Die som van 'n voorsiening is die beste raming van die uitgawe wat waarskynlik nodig sal wees om die huidige verpligting teen die verslagdatum te vereffen.

Indien die uitwerking van die tydwaarde van geld beduidend is, is die som van 'n voorsiening die huidige waarde van die uitgawes wat na verwagting nodig sal wees om die verpligting te vereffen.

Die verdiskonteringskoers is 'n voorbelastingkoers wat huidige markassesserings van die tydwaarde van geld en die risiko's spesifiek tot die verpligting in ag neem.

Indien 'n deel of die hele uitgawe wat nodig is om 'n voorsiening te vereffen na verwagting deur 'n ander party terugbetaal sal word, word die terugbetaling erken as, en slegs as, dit feitlik seker is dat die terugbetaling ontvang sal word as die Parlement die verpligting nakom. Die terugbetaling word as 'n afsonderlike bate behandel. Die bedrag wat vir die terugbetaling erken word, oorskry nie die bedrag van die voorsiening nie.

Voorsienings word teen elke verslagdatum hersien en aangepas om die huidige beste raming weer te gee. Voorsienings word omgekeer indien dit nie meer waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels, nodig sal wees om die verpligting na te kom nie.

Indien verdiskontering gebruik word, styg die drawaarde van 'n voorsiening in elke tydperk om die verloop van tyd weer te gee. Hierdie styging word as 'n rente-uitgawe erken.

'n Voorsiening word net vir uitgawes gebruik waarvoor die voorsiening oorspronklik erken is. Voorsienings word nie vir toekomstige bedryfsuitgawes erken nie.

As die Parlement 'n knellende kontrak het, word die huidige verpligting (netto van verhalings) volgens die kontrak as 'n voorsiening erken en bereken.

'n Konstruktiewe verpligting om te herstruktureer ontstaan net indien 'n Wetgewer:

- 'n gedetailleerde formele plan vir die herstrukturering het, waarin ten minste die volgende geïdentifiseer word:
- die aktiwiteit of bedryfseenheid of deel van 'n aktiwiteit of bedryfseenheid betrokke;
- die vernaamste liggings wat geraak word;
- die ligging, funksie en benaderde getal werknemers wat vergoed sal word vir dienste wat

beëindig sal word;

- die uitgawes wat aangegaan sal word;
- wanneer die plan geïmplementeer sal word; en
- 'n geldige verwagting gewek het in dié wat geraak word dat dit die herstrukturering sal uitvoer deur te begin om hierdie plan te implementeer, of die hoofkenmerke daarvan aangekondig het aan diegene wat daardeur geraak word.

'n Herstruktureringvoorsiening behels net die direkte uitgawes wat uit die herstrukturering spruit, wat dié is wat sowel:

- noodsaaklik behels word deur die herstrukturering; en
- nie vereenselwig word met die voortgaande bedrywighede van die Parlement nie.

'n Voorwaardelike bate is 'n moontlike bate wat spruit uit 'n gebeurtenis in die verlede en waarvan die bestaan net bevestig sal word deur die voorkoms of afwesigheid van een of meer onsekere toekomstige gebeurtenisse wat nie heeltemal binne die beheer van die Parlement is nie.

'n Voorwaardelike bate is:

- 'n moontlike verpligting wat spruit uit gebeurtenisse in die verlede en waarvan die bestaan net bevestig sal word deur die voorkoms of afwesigheid van een of meer onsekere toekomstige gebeurtenisse wat nie heeltemal binne die beheer van die Parlement is nie; of
- 'n huidige verpligting wat spruit uit gebeure in die verlede wat egter nie erken word nie omdat:
- dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels, nodig sal wees om die verpligting na te kom;
- of die som van die verpligting nie met voldoende betroubaarheid bereken kan word nie.

### **1.13 Inkomste uit ruiltransaksies**

Die Parlement ontvang bates of dienste in 'n ruiltransaksie, of verpligtinge word nagekom, en gee direk naastenby gelyke waarde in ruil aan die ander party (hoofsaaklik as goedere, dienste of die gebruik van bates).

#### **Berekening**

Inkomste word bereken teen die billike waarde van die vergoeding of ontvangbare rekening, netto van handelsafslag en volume kortings ontvang.

#### **Verkoop van goedere**

Inkomste uit die verkoop van goedere word erken indien aan al die volgende voorwaardes voldoen is:

- die Parlement het die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra;
- die Parlement het nóg voortgesette bestuursbetrokkenheid in die mate wat gewoonlik met besit vereenselwig word, nóg effektiewe beheer behou oor die goedere wat verkoop is;
- die bedrag van die inkomste kan betroubaar bereken word;
- dit is waarskynlik dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie gepaardgaan die Parlement sal toekom; en
- die koste aangegaan of wat aangegaan sal word ten opsigte van die transaksie kan betroubaar bereken word.

#### **Lewering van dienste**

Indien die uitkoms van 'n transaksie wat die lewering van dienste behels betroubaar geraam kan word, word inkomste wat met die transaksie gepaardgaan erken met verwysing na die stadium van afhandeling van die transaksie teen die verslagdatum. Die uitkoms van 'n transaksie kan betroubaar geraam word indien aan al die volgende voorwaardes voldoen is:

- die bedrag van die inkomste kan betroubaar bereken word;
- dit is waarskynlik dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie gepaardgaan die Parlement sal toekom;
- die stadium van die afhandeling van die transaksie kan teen die verslagdatum betroubaar bereken word; en
- die koste aangegaan vir die transaksie en die koste van die afhandeling van die transaksie kan betroubaar bereken word.

Indien die uitkoms van die transaksie wat die lewering van dienste behels nie betroubaar geraam kan word nie, word inkomste net erken in die mate dat die uitgawes wat verhaalbaar is, erken word.

Diensinkomste word erken met verwysing na die stadium van afhandeling van die transaksie teen die verslagdatum. Die stadium van afhandeling word bepaal deur opnames van werk gedoen.

### **Rente, tantieme en dividende**

Inkomste wat spruit uit die gebruik deur andere van entiteitsbates wat rente, tantieme en dividende of kleiner uitkerings oplewer, word erken indien:

- dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie gepaardgaan die Parlement sal toekom, en
- die som van die inkomste betroubaar bereken kan word.

Rente word erken, in oorskot of tekort, met behulp van die effektiwerentekoersmetode.

### **1.14 Inkomste uit nieruiltransaksies**

Voorwaardes op bates wat oorgedra is, is bepalinge wat aandui dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt deur die bate deur die ontvanger opgebruik moet word omdat aangewese of toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan die oordraggewer teruggegee moet word.

Nieruiltransaksies is transaksies wat nie ruiltransaksies is nie. In 'n nieruiltransaksie ontvang 'n Wetgewer óf waarde van 'n ander Wetgewer sonder om direk naastenby gelyke waarde in ruil te gee, óf gee waarde aan 'n ander Wetgewer sonder om direk naastenby gelyke waarde in ruil te kry.

Beperkings op bates wat oorgedra is, is bepalinge wat die doeleindes beperk of die doeleindes aandui waarvoor 'n bate wat oorgedra is gebruik mag word, maar wat nie aandui dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal teruggegee moet word aan die oordraggewer as dit nie ontplooi is soos aangedui is nie.

Voorskrifte vir bates wat oorgedra is, is voorwaardes in wette of regulasies, of 'n bindende ooreenkoms, wat geplaas word op die gebruik van 'n bate wat oorgedra is deur entiteite ekstern tot die Wetgewer wat verslag doen.

Die belasbare gebeurtenis is die gebeurtenis wat die regering, Wetgewer of ander owerheid bepaal het onderhewig aan belasting sal wees.

Belastings is ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat verpligtend betaal moet word of betaalbaar is aan entiteite, ingevolge wette en/of regulasies, wat ingestel is om inkomste aan die regering te voorsien. Belastings sluit nie boetes of ander strawwe in wat opgelê word weens oortredings van die wet nie.

Oordragte is die invloed van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit nieruiltransaksies

buiten belastings.

### **Erkenning**

'n Invloei van hulpbronne uit 'n nieruiltransaksie wat as 'n bate erken is, word as inkomste erken, behalwe in die mate dat 'n verpligting ook ten opsigte van dieselfde invloei erken word.

Terwyl die Parlement 'n huidige verpligting nakom wat as 'n las erken word ten opsigte van 'n invloei van hulpbronne uit 'n nieruiltransaksie wat as 'n bate erken is, verminder dit die drawaarde van die las wat erken is en erken 'n som van inkomste gelyk aan hierdie vermindering.

Inkomste ontvang uit voorwaardelike toelaes, donasies en finansiering word as inkomste erken in die mate dat die entiteit voldoen het aan enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge wat in die ooreenkoms vervat is. In die mate dat die kriteria, voorwaardes of verpligtinge nie nagekom is nie, word 'n verpligting erken.

### **Berekening**

Inkomste uit 'n nieruiltransaksie word bereken teen die som van die toename in die netto bates wat deur die Parlement erken word.

Indien die Parlement as gevolg van 'n nieruiltransaksie 'n bate erken, erken dit ook inkomste gelykstaande aan die bedrag van die bate bereken teen sy billike waarde soos op die datum van verkryging, tensy dit ook voorgeskryf word om 'n verpligting te erken. Indien 'n verpligting erken moet word, sal dit bereken word as die beste raming van die bedrag wat nodig is om die verpligting teen die verslagdatum na te kom, en die som van die toename in netto bates, indien enige, wat as inkomste erken is. Indien 'n verpligting vervolgens verminder word, omdat die belasbare gebeurtenis voorkom of 'n voorwaarde nagekom word, word die bedrag van die vermindering van die verpligting as inkomste erken.

### **Bewilligde geld**

Bewilligde geld behels die Parlement se jaarlikse toewysings, asook direkte eise van die Inkomstefonds (dit wil sê statutêre bewilliging).

Bewilligde geld word erken in die staat van finansiële prestasie op die datum dat die bewilliging van krag word. Aansuiwerings wat in terme van die aansuiweringsbegrotingproses gedoen word, word erken in die staat van finansiële prestasie op die datum dat die aansuiwerings van krag word.

Die netto bedrag van enige aangesuiwerde geld wat verskuldig is aan of van die betrokke Inkomstefonds op die verslagdatum word as betaalbaar of ontvangbaar in die staat van die finansiële posisie erken.

### **Geskenke en donasies, waaronder goedere in natura**

Geskenke en donasies, waaronder goedere in natura, word as bates en inkomste erken indien dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal die Parlement sal toekom en die billike waarde van die bates betroubaar bereken kan word.

### **Dienste in natura**

Dienste in natura word erken. Die Parlement erken dienste in natura wat belangrik is vir sy werksaamhede en/of dienslewingsdoelwitte as bates en erken die verwante inkomste indien dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal die Parlement sal toekom en die billike waarde van die bates betroubaar bereken kan word.

Indien dienste in natura nie belangrik is vir die Parlement se werksaamhede en/of dienslewingsdoelwitte en/of nie voldoen aan die kriteria vir erkenning nie, maak die Parlement die aard en soort dienste in natura bekend wat in die verslagtydperk ontvang is.

### **Konsessielenings ontvang**

'n Konsessielening is 'n lening wat toegestaan aan of ontvang is deur die eiendom, aanleg en toerusting volgens voorwaardes wat nie markverwant is nie.

Die gedeelte van die lening wat terugbetaalbaar is, saam met enige rentebetelings, is 'n ruiltransaksie en word ooreenkomstig die standaard van die AARP vir finansiële instrumente verklaar. Die buitemarkgedeelte van die lening is 'n nieruiltransaksie. Die buitemarkgedeelte van die lening wat as nieruilinkomste erken word, word bereken as die verskil tussen die opbrengs ontvang van die lening, en die huidige waarde van die kontraktuele kontantvloeï van die lening, verdiskonteer met behulp van 'n markverwante rentekoers.

Die erkenning van inkomste word bepaal deur die aard van enige voorwaardes wat in die leningooreenkoms bestaan waaruit 'n verpligting moontlik kan spruit. Indien 'n verpligting bestaan, erken die kontantvloeïstaat inkomste as en wanneer dit aan die voorwaardes van die leningooreenkoms voldoen.

### **1.15 Vooruitbetalings**

Vooruitbetalings en voorskotte word op die staat van finansiële posisie erken indien die Parlement die kontant ontvang of uitbetaal. Vooruitbetalings en voorskotte word aanvanklik en vervolgens teen kosprys bereken.

### **1.16 Oordragbetalings**

Oordragbetalings sluit in alle "nieruil"-betalings wat die Parlement doen. 'n Betaling is "nieruil" as die Parlement nie enigiets direk in ruil vir die oordrag aan die ander party ontvang nie. Oordragbetalings word afgeskryf.

### **1.17 Omskakeling van buitelandse geldeenhede**

'n Buitelandsevalutatransaksie word aangeteken, met aanvanklike erkenning in rand, deur op die buitelandsevalutabedrag die lokowisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en die buitelandse geldeenheid op die datum van die transaksie toe te pas.

Op elke verslagdatum:

- word buitelandsegeldeenheid- monetêre items omgeskakel deur die sluitingskoers te gebruik;
- niemonetêre items wat volgens historiese koste in 'n buitelandse geldeenheid bereken word, word omgeskakel met behulp van die wisselkoers op die datum van die transaksie; en
- niemonetêre items wat teen billike waarde in 'n buitelandse geldeenheid bereken word, word omgeskakel deur die wisselkoerse te gebruik op die datum dat die billike waarde vasgestel is.

Wisselkoersverskille wat uit die vereffening van monetêre items spruit of met die omskakeling van monetêre items teen koerse wat verskil van dié waarteen dit met aanvanklike erkenning in die tydperk of in vorige jaarlikse finansiële state omgeskakel is, word erken in oorskot of tekort in die tydperk waarin dit ontstaan.

### **1.18 Vergelykende syfers**

Vergelykende inligting uit die voorafgaande tydperk is in die huidige jaar se finansiële state aangebied. Indien nodig is die nodige syfers wat in die finansiële state ingesluit is, uit die voorafgaande tydperk herklassifiseer om te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word, konsekwent is met

### **1.19 Ongemagtigde besteding**

Ongemagtigde besteding beteken:

- oorbesteding van die Parlement se goedgekeurde begroting of 'n hoofindeling binne hierdie begroting;
- enige besteding uit die Parlement se goedgekeurde begroting of 'n hoofindeling binne hierdie begroting vir 'n doel wat nie verband hou met die goedgekeurde begroting of hoofindeling nie, onderworpe aan artikel 72; en
- enige besteding van skenkersgeld vir 'n doel wat nie in die ooreenkoms met die skenker aangedui word nie.

Alle besteding wat met ongemagtigde besteding verband hou, word as 'n uitgawe erken op die staat van finansiële prestasie in die jaar dat die besteding aangegaan is. Die besteding word ooreenkomstig die aard van die uitgawe geklassifiseer, en indien dit verhaal word, word dit vervolgens as inkomste op die staat van finansiële prestasie verklaar.

### **1.20 Vrugtelose en verkwistende besteding**

Vrugtelose besteding beteken besteding wat vergeefs gedoen is en vermy sou kon word indien redelike sorg aan die dag gelê is. Alle besteding in verband met vrugtelose en verkwistende besteding word as 'n uitgawe op die staat van finansiële prestasie erken in die jaar dat die besteding aangegaan is. Die besteding word ooreenkomstig die aard van die uitgawe geklassifiseer, en indien dit verhaal word, word dit vervolgens as inkomste op die staat van finansiële prestasie verklaar.

### **1.21 Onreëlmatige besteding**

Die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2009 (Wet 10 van 2009), definieer onreëlmatige besteding as besteding, buiten ongemagtigde besteding, wat aangegaan is in stryd met, of wat nie ooreenkomstig 'n voorskrif van enige toepaslike wetgewing is nie, waaronder:

- (a) hierdie Wet; of
- (b) enige provinsiale wetgewing wat verkrygingsprosedures in hierdie provinsiale regering voorskryf.

Alle besteding in verband met onreëlmatige besteding word erken as 'n uitgawe op die staat van finansiële prestasie in die jaar dat die besteding aangegaan is. Die besteding word ooreenkomstig die aard van die uitgawe geklassifiseer, en indien dit verhaal word, word dit vervolgens as inkomste op die staat van finansiële prestasie verklaar.

### **1.22 Opgeloopte oorskot**

Die opgeloopte oorskot verteenwoordig die netto verskil tussen die totale bates en die totale laste van die entiteit. Enige oorskotte en tekorte wat in 'n spesifieke boekjaar te gelde gemaak word, word gekrediteer of gedebiteer teen die opgeloopte oorskot of tekort. Aansuiwerings vir die voorafgaande jaar, in verband met inkomste en besteding, word gedebiteer of gekrediteer teen die opgeloopte oorskot wanneer terugskouende aansuiwerings gedoen word.

### **1.23 Verpligtinge**

Verpligtinge word teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken indien daar 'n kontraktuele ooreenkoms of 'n goedkeuring deur die bestuur is op 'n manier wat 'n geldige verwagting wek dat die Parlement sy verantwoordelikhede sal nakom en daardeur toekomstige besteding sal aangaan wat tot kontantuitvloei aanleiding sal gee.

#### **1.24 Hulptoelaes**

Die Parlement dra van tyd tot tyd geld oor aan individue, organisasies en ander sektors van die regering. Wanneer die Parlement hierdie oordragte doen, sal dit nie:

- enige goedere of dienste direk in ruil ontvang nie, soos wat verwag sou word met 'n aankoop- of verkooptransaksie;
- verwag om in die toekoms terugbetaal te word nie; of
- 'n finansiële opbrengs verwag, soos wat uit 'n belegging verwag sou word nie.

Hierdie oordragte word op die staat van finansiële prestasie as uitgawes erken in die tydperk dat die gebeurtenisse plaasgevind het wat aanleiding tot die oordrag gee.

#### **1.25 Begrotingsvergelyking**

Die staat van finansiële prestasie is op 'n aanwasgrondslag, terwyl die begroting op 'n kontantgrondslag is. Daarom word die werklike bedrae volgens die finansiële state aangepas om met die begroting op 'n kontantgrondslag vergelyk te word.

Die goedgekeurde begroting dek die fiskale tydperk van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.

Die jaarlikse finansiële state en die begroting is nie op dieselfde grondslag van rekeningkunde nie. Daarom is 'n aanpassing tussen die staat van finansiële prestasie en die begroting ingesluit in die jaarlikse finansiële state.

#### **1.26 Verwante partye**

'n Verwante party is 'n persoon of 'n entiteit met die vermoë om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of beduidende invloed op die ander party uitoefen, of omgekeerd, of 'n entiteit wat aan algemene beheer of gesamentlike beheer onderhewig is.

Die bestuur is diegene wat verantwoordelik is vir die beplanning, bestuur en beheer van die Parlement se werksaamhede, met inbegrip van diegene wat ingevolge wetgewing met die bestuur van die Parlement belas is, in gevalle waar van hulle vereis word om sulke funksies te verrig.

Nabye lede van die familie van 'n persoon word geag daardie familieledede te wees wat na verwagting dié bestuur kan beïnvloed, of daardeur beïnvloed kan word in hul omgang met die Parlement.

Slegs transaksies met verwante partye wat nie 'n armlengte ver of nie in die gewone verloop van besigheid is nie, word bekend gemaak.

#### **1.27 Gebeure ná die verslagdatum**

Gebeure ná die verslagdatum is daardie gebeure, sowel gunstig as ongunstig, wat voorkom tussen die verslagdatum en die datum wanneer die finansiële state goedgekeur word vir uitreiking. Twee soorte gebeure kan geïdentifiseer word:

- dié wat bewys lewer van toestande wat bestaan het teen die verslagdatum (aanpassing van gebeure ná die verslagdatum); en
- dié wat aanduidend is van toestande wat ontstaan het ná die verslagdatum (nie-aanpassing van gebeure ná die verslagdatum).

Die Parlement pas die bedrag aan wat in die finansiële state erken word sodat dit die aanpassing van gebeure ná die verslagdatum weergee sodra die gebeurtenis plaasgevind het.

Die Parlement maak die aard van die gebeurtenis en 'n raming van die finansiële uitwerking daarvan bekend, of 'n verklaring dat sodanige raming nie gedoen kan word ten opsigte van alle belangrike nie-



Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
Jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2017  
aanpassing van gebeure nie, indien niebekendmaking die ekonomiese besluite van gebruikers kon  
beïnvloed wat op grond van die finansiële state gemaak word.

## Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

### 2. Nuwe standaarde en interpretasies

#### 2.1 Standaard en interpretasies effektief en aanvaar in die huidige jaar

In die huidige jaar het die Parlement die volgende standaard en interpretasies aanvaar wat vir die huidige boekjaar effektief is en wat met sy werksaamhede verband hou:

##### **AARP 16 (soos gewysig in 2015): Beleggingseiendom**

Wysigings aangebring aan die standaard is:

- die beginsels en verduidelikings in verband met die onderskeid tussen beleggingseiendom en eiendom, aanleg en toerusting is hersien;
- 'n aanwysergegronde assessering van die nuttige lewensduur van bates is ingestel;
- die bewoording in verband met die gebruik van eksterne waardeerders is opgeklaar;
- meer spesifieke voorskrifte vir aanbidding en openbaarmaking is vir onafgehandelde kapitaalwerk ingestel;
- die aangemoedigde openbaarmakings is gekrap;
- afsonderlike aanbidding van besteding aangegaan vir herstelwerk en onderhoud in die finansiële state word nou voorgeskryf.

Die intreedatum van die standaard is vir jare wat op of ná 1 April 2016 begin.

Die Parlement het dié wysigings aan die standaard vir die eerste keer in die jaarlikse finansiële state vir 2017 aanvaar.

##### **AARP 17 (soos gewysig in 2015): Eiendom, aanleg en toerusting**

Wysigings aan die standaard is:

- die beginsels en verduidelikings in verband met die onderskeid tussen beleggingseiendom en eiendom, aanleg en toerusting is hersien;
- 'n aanwysergegronde assessering van die nuttige lewensduur van bates is ingestel;
- die bewoording in verband met die gebruik van eksterne waardeerders is opgeklaar;
- meer spesifieke voorskrifte vir aanbidding en openbaarmaking is vir onafgehandelde kapitaalwerk ingestel;
- die aangemoedigde openbaarmakings is gekrap;
- afsonderlike aanbidding van besteding aangegaan vir herstelwerk en onderhoud in die finansiële state word nou voorgeskryf.

Die intreedatum van die standaard is vir jare wat op of ná 1 April 2016 begin.

Die Parlement verwag om die standaard vir die eerste keer in die jaarlikse finansiële state vir 2017 te aanvaar.

Die Parlement het ook dié wysigings aan die standaard vir die eerste keer in die jaarlikse finansiële state vir 2017 aanvaar.

#### 2.2 Standaard en interpretasies uitgevaardig, maar nog nie van krag nie

Die Parlement het nie die volgende standaard en interpretasies toegepas wat gepubliseer is en verpligtend is vir die Parlement se rekeningkundige tydperke wat op of ná 1 April 2016 of later tydperke begin het nie:

## Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

### **AARP 18: Segmentrapportering**

Segmente word uitgeken aan die manier waarop inligting aan die bestuur gerapporteer word, sowel om die assessering van prestasie te doen as om te besluit oor hoe toekomstige hulpbronne toegewys sal word aan die verskillende bedrywighede wat die Parlement onderneem. Die groot klassifikasies van bedrywighede wat in begrotingsdokumente geïdentifiseer word, sal gewoonlik die segmente weergee waarvoor 'n entiteit inligting aan die bestuur rapporteer.

Segmentinligting word aangebied gegrond op óf diens óf geografiese segmente. Dienssegmente hou verband met 'n onderskeibare komponent van 'n entiteit wat spesifieke uitsette lewer of bepaalde bedryfsdoelwitte behaal wat ooreenkomstig die Parlement se algehele missie is. Geografiese segmente hou verband met spesifieke uitsette wat gegenerer is, of bepaalde doelwitte wat behaal is, deur 'n entiteit binne 'n bepaalde streek.

Hierdie standaard is deur die Raad goedgekeur, maar die intreedatum is nog nie deur die Minister van Finansies bepaal nie. Die intreedatum wat aangedui is, is 'n voorlopige datum en kan verander afhangende van die besluit van die Minister van Finansies.

Die intreedatum van die standaard is nog nie deur die Minister van Finansies vasgestel nie.

Die Parlement verwag om die standaard vir die eerste keer te aanvaar sodra dit in werking tree.

### **AARP 20: Verwante partye**

Die doelwit van hierdie standaard is om te verseker dat 'n rapporterende entiteit se jaarlikse finansiële state die voorgeskrewe bekendmakings bevat wat nodig is om die aandag te vestig op die moontlikheid dat sy finansiële posisie en oorskot of tekort moontlik beïnvloed is deur die bestaan van verwante partye en deur transaksies en verskuldigde bedrae van sulke partye.

Die wetgewer wat die finansiële state opstel en aanbied volgens die aanwasgrondslag van rekeningkunde (waarna in hierdie standaard as die rapporterende entiteit verwys word) moet hierdie standaard toepas in die:

- identifisering van verhoudings en transaksies met verwante partye;
- identifisering van verskuldigde bedrae, waaronder verpligtinge, tussen 'n entiteit en sy verwante partye;
- identifisering van die omstandighede waarin die bekendmaking van die items in (a) en (b) voorgeskryf word; en
- bepaling van die inligting wat oor hierdie items bekend gemaak moet word.

Hierdie standaard skryf die bekendmaking van verwantepartyverhoudings, transaksies en verskuldigde bedrae, waaronder verpligtinge, voor in die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van die rapporterende entiteit ooreenkomstig die standaard van die AARP oor gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state. Hierdie standaard geld ook vir individuele jaarlikse finansiële state.

Bekendmaking van verwantepartytransaksies, verskuldigde bedrae, waaronder verpligtinge, en verhoudings met verwante partye sal moontlik die gebruikers se assesserings van die finansiële posisie en prestasie van die rapporterende entiteit beïnvloed, en sy vermoë om ooreengekome dienste te lewer, waaronder assesserings van die risiko's en geleenthede wat die entiteit in die gesig staar. Hierdie bekendmaking verseker ook dat die rapporterende entiteit deursigtig is oor sy omgang met verwante partye.

## Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

Die standaard stel dit dat 'n verwante party 'n persoon of 'n entiteit is wat die vermoë het om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of om aansienlike invloed oor die ander party uit te oefen, of omgekeerd, of 'n entiteit wat onderworpe is aan gemeenskaplike beheer, of gesamentlike beheer. As 'n minimum word die volgende as verwante partye van die rapporterende entiteit beskou:

- 'n Persoon of 'n nabye lid van hierdie persoon se familie is verwant aan die rapporterende entiteit as hierdie persoon:
  - beheer of gesamentlike beheer oor die rapporterende entiteit het;
  - beduidende invloed op die rapporterende entiteit het;
  - 'n lid van die bestuur van die entiteit of sy beherende entiteit is.
- 'n Entiteit is verwant aan die rapporterende entiteit as enige van die volgende voorwaardes toepaslik is:
  - die entiteit is 'n lid van dieselfde ekonomiese entiteit (wat beteken dat elke beherende entiteit, beheerde entiteit en gesamentlik beheerde entiteit aan die ander verwant is);
  - een entiteit 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming van die ander entiteit is (of 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming van 'n lid van 'n ekonomiese entiteit waarvan die ander entiteit 'n lid is);
  - albei entiteite gesamentlike ondernemings van dieselfde derde party is;
  - een entiteit 'n gesamentlike onderneming van 'n derde entiteit is en die ander entiteit 'n vennoot van die derde entiteit is;
  - die entiteit 'n ná-diensvoordeelplan ten bate van werknemers van óf die entiteit óf 'n entiteit verwant aan die entiteit is. As die rapporterende entiteit self só 'n plan is, is die ondersteunende werkgewers verwant aan die entiteit;
  - die entiteit word beheer of gesamentlik beheer deur 'n persoon wat in (a) geïdentifiseer is; en
  - 'n persoon wat in (a)(i) geïdentifiseer is, het 'n beduidende invloed oor hierdie entiteit of is 'n lid van die bestuur van hierdie entiteit (of sy beherende entiteit).

Die standaard stel dit voorts dat verwantepartytransaksies 'n oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die rapporterende entiteit en 'n verwante party is, ongeag of 'n prys gehef word.

Die standaard wei uit oor die definisies en identifisering van:

- nabye familielid van 'n persoon;
- bestuur;
- verwante partye;
- vergoeding; en
- beduidende invloed.

Die standaard sit die voorskrifte uiteen vir, onder meer, die bekendmaking van:

- beheer;
- verwantepartytransaksies; en
- vergoeding van bestuur.

Slegs transaksies met verwante partye waar die transaksies nie gesluit word volgens normale bedryfsprosedures of volgens voorwaardes wat nie meer of minder gunstig is as die voorwaardes wat dit sou gebruik het om transaksies met 'n ander entiteit of persoon te sluit nie, word bekendgemaak.

Die standaard skryf voor dat die vergoeding van die bestuur per persoon en in die geheel bekendgemaak moet word. Die intreedatum van die standaard is nog nie deur die Minister van Finansies

## Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

vasgestel nie.

Die Parlement verwag om die standaard vir die eerste keer te aanvaar sodra dit in werking tree, maar het reeds 'n rekeningkundige beleid op grond van die standaard vir hierdie verslagtydperk opgestel.

### **AARP 108: Statutêre ontvangbare rekenings**

AARP 108 handel net oor hierdie ontvangbare rekenings wat spruit uit wetgewing of 'n ekwivalente middel, soos regulasies, verordenings of ander dokumente wat in terme van wetgewing uitgereik word, soos ministeriële bevels en besluite van die Kabinet of Stadsraad.

Daarom, ten einde statutêr van aard te wees, behoort spesifieke wetgewing aan die entiteit voor te skryf om die transaksies te onderneem, soos om uit te stippel wie belas behoort te word en teen watter koerse en bedrae.

Statutêre ontvangbare rekenings is nie kontraktuele ontvangbare rekenings nie, waarvan laasgenoemde gewoonlik aan die definisie van 'n finansiële bate sal voldoen en deur die standaard van die AARP vir finansiële instrumente gedek sal word. Statutêre ontvangbare rekenings word nie vrywillig aangegaan soos met kontraktuele ontvangbare rekenings nie, omdat dit as gevolg van spesifieke wetgewende vereistes ontstaan.

Statutêre ontvangbare rekenings word gewoonlik teen hul transaksiebedrag bereken en vervolgens deur die kostemetode te gebruik.

Volgens die kostemetode word die aanvanklike berekening van die ontvangbare rekening ná aanvanklike erkenning verander om die volgende weer te gee:

- enige rente of ander koste wat moontlik opgehoop het op die ontvangbare rekening (waar van toepassing);
- enige waardeverminderingsverliese; en
- enige bedrae onterken.

Die intreedatum van die standaard is nog nie deur die Minister van Finansies vasgestel nie.

Die Parlement verwag om die standaard vir die eerste keer te aanvaar sodra dit in werking tree, maar het reeds 'n rekeningkundige beleid vir hierdie verslagtydperk op grond van die standaard opgestel.

### **AARP 17: Dienskonsessie-ooreenkoms waar 'n gewer 'n aansienlike oorblywende belang in 'n bate beheer**

Hierdie interpretasie gee leiding aan die gewer indien dit 'n dienskonsessie-ooreenkoms aangegaan het, maar net, deur eienaarskap, voordelige reg beheer of andersins aan die einde van die ooreenkoms 'n aansienlike oorblywende belang in 'n dienskonsessiebate het, indien die ooreenkoms nie 'n huurooreenkoms uitmaak nie.

'n Dienskonsessie-ooreenkoms is 'n kontraktuele ooreenkoms tussen 'n gewer en 'n ondernemer waarin die ondernemer die dienskonsessiebate gebruik om 'n gemandateerde funksie namens die gewer vir 'n bepaalde tydperk te verrig. Die ondernemer word vir sy dienste oor die tydperk van die dienskonsessie-ooreenkoms vergoed, óf deur betalings, óf deur die reg te ontvang om inkomste te verdien van derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate, of die ondernemer word toegang verleen tot ander inkomstegenererende bates van die gewer vir sy gebruik.

## **Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state**

Voordat die gewer 'n dienskonsessiebate ooreenkomstig die standaard van die AARP vir diens kan erken, moet die gewer aan albei die kriteria soos vermeld in paragraaf een van hierdie interpretasie voldoen. In sommige dienskonsessie-ooreenkomste beheer die gewer net die oorblywende belang in die dienskonsessiebate aan die einde van die ooreenkoms, en kan daarom nie die dienskonsessiebate erken in terme van die standaard van die AARP vir dienskonsessie-ooreenkomste: gewer nie.

Hierdie interpretasie eindig met die erkenning van die prestasieverpligting en die reg om 'n aansienlike belang in 'n dienskonsessiebate te ontvang.

Die intreedatum van die interpretasie is nog nie deur die Minister van Finansies bepaal nie.

Die Parlement verwag om die interpretasie te aanvaar die eerste keer dat dit in werking tree.

### **AARP 109: Afrekening deur prinsipale en agente**

Die doel van hierdie standaard is om beginsels uit te stippel wat deur 'n entiteit gebruik moet word om te assessee of dit 'n party is tot 'n prinsipaal-agent-ooreenkoms, en of dit 'n prinsipaal of 'n agent is in die onderneming van transaksies in terme van sodanige ooreenkoms.

Die standaard stel nie nuwe voorskrifte oor erkenning of berekening van inkomste, uitgawes, bates en/of laste wat uit prinsipaal-agent-ooreenkomste spruit nie. Die standaard gee egter wel leiding oor of inkomste, uitgawes, bates en/of laste deur 'n agent of 'n prinsipaal erken behoort te word, en skryf ook voor watter inligting bekend gemaak behoort te word indien 'n entiteit 'n prinsipaal of 'n agent is.

Die intreedatum van die standaard is nog nie deur die Minister van Finansies bepaal nie.

Die Parlement verwag om die standaard die eerste keer te aanvaar sodra dit van krag word.

### **Riglyn 12: Die keuse van 'n toepaslike verslagdoeningsraamwerk deur openbare entiteite**

Histories het openbare entiteite finansiële state in ooreenstemming met Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk opgestel, tensy die Raad vir Rekeningkundige Standaarde (die Raad) die toepassing van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk vir hierdie entiteit goedgekeur het. "Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk" is opgeneem as Verklarings van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (Verklarings van AARP), of vir sekere entiteite, Internasionale Standaarde vir Finansiële Verslagdoening (ISFV's) wat deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde uitgereik is. Aangesien Verklarings van die AARP sedert 1 Desember 2012 onttrek is, sal openbare entiteite voorgeskryf word om in die toekoms 'n ander verslagdoeningsraamwerk te gebruik.

Die doel van hierdie riglyn is om die kriteria voor te skryf wat openbare entiteite moet toepas in die keuse en toepassing van 'n geskikte verslagdoeningsraamwerk.

Die intreedatum van die standaard is vir jare wat op of ná 1 April 2018 begin.

Die Parlement verwag om die wysiging vir die eerste keer in die jaarlikse finansiële state vir 2019 te aanvaar.

Die standaard sal geen impak op die Parlement se jaarlikse finansiële state hê nie.

### **AARP 105: Oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer**

Die doel van hierdie standaard is om rekeningkundige beginsels vir die verkryger en oordraggewer in

## **Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state**

te stel in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer.

'n Oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer is 'n herorganisasie en/of hertoewysing van funksies tussen entiteite wat per slot van rekening deur dieselfde entiteit voor en ná 'n oordrag van funksies beheer word.

In die geval van 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer behoort die bates en laste (deur die verkryger) teen die drawaarde daarvan erken te word en dit behoort (deur die oordraggewer) teen die drawaarde daarvan onterken te word.

Die verskil tussen die bedrag vergoeding wat betaal of ontvang is, indien enige, en die drawaarde van die bates en laste behoort in die opgeloopte oorskot (of tekort) erken te word.

Die intreedatum van die standaard is nog nie deur die Minister van Finansies bepaal nie.

Die Parlement verwag om die standaard die eerste keer te aanvaar sodra dit van krag word.

Die impak van hierdie standaard word tans geassesseer.

### **AARP 106: Oordrag van funksies onder entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie**

Die doel van hierdie standaard is om rekeningkundige beginsels vir die verkryger en oordraggewer in te stel in 'n oordrag van funksies onder entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie.

'n Oordrag van funksies onder entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie, is 'n herorganisasie en/of hertoewysing van funksies onder entiteite wat per slot van rekening nie deur dieselfde entiteit voor en ná 'n oordrag van funksies beheer word nie.

In die geval van 'n oordrag van funksies onder entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie, behoort die bates en laste (deur die verkryger) teen die billike waardes daarvan op die verkrygingsdatum erken te word.

Die verskil tussen die bedrag vergoeding wat betaal is, indien enige, en die drawaarde van die bates verkry en laste aanvaar behoort in die opgeloopte oorskot of (tekort) erken te word.

Vir 'n oordrag van funksies onder entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie, bestaan sekere spesifieke erkenning- en berekeningsbeginsels en uitsluitings van die erkenning- en berekeningsbeginsels.

Die intreedatum van die standaard is nog nie deur die Minister van Finansies bepaal nie.

Die Parlement verwag om die standaard die eerste keer te aanvaar sodra dit van krag word.

Die impak van hierdie standaard word tans geassesseer.

### **AARP 107: Samesmeltings**

Die doel van hierdie standaard is om rekeningkundige beginsels vir die verenigde entiteit en verenigende entiteite in 'n samesmelting in te stel.

'n Samesmelting is wanneer 'n nuwe verenigde entiteit begin word, die verkryger geïdentifiseer kan

### **Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state**

word en die verenigende entiteite geen beheer oor die verenigde entiteit het nie.

In die geval van 'n samesmelting behoort die bates en laste (deur die verenigde entiteit) teen hul drawaarde erken te word en behoort (deur die verenigende entiteite) teen hul drawaarde onterken te word.

Die verskil tussen die drawaarde van die bates en laste behoort in die opgeloopte oorskot (of tekort) erken te word. Die verskil tussen die bedrag vergoeding wat betaal of ontvang is, indien enige, en die drawaarde van die bates en laste behoort in die opgeloopte oorskot (of tekort) erken te word.

Die intreedatum van die standaard is nog nie deur die Minister van Finansies bepaal nie.

Die Parlement verwag om die standaard die eerste keer te aanvaar sodra dit van krag word.

Dit is onwaarskynlik dat die standaard 'n beduidende impak op die Parlement se jaarlikse finansiële state sal hê.



Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

	2017	2016 Herhaal*
<b>3. Kontant en kontantekwivalente</b>		
Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:		
Kontant voorhande	5 500	5 000
Lopende bankrekening	11 743 196	5 123 062
Ondersteuning van die Wetgewende Sektor-bankrekening	1 857 513	1 781 975
	<b>13 606 209</b>	<b>6 910 037</b>

Kontantekwivalente word by finansiële instellings van hoëkredietgehalte geplaas. Die blootstelling aan kredietrisiko is die drawaarde van elke klas kontant en kontantekwivalente.

**Die Parlement het die volgende bankrekenings gehad:**

Rekeningnommer of beskrywing	Bankstaatsaldo's			Kasboeksaldo's		
	31 Maart 2017	31 Maart 2016	31 Maart 2015	31 Maart 2017	31 Maart 2016	31 Maart 2015
Nedbank – lopend – 145-204-5283	12 549 343	6 413 615	7 949 333	11 743 196	5 123 062	6 351 881
OVS-rekening Nedbank – lopend – 145-206-9212	1 857 513	1 781 975	1 686 439	1 857 513	1 781 975	1 686 439
<b>Totaal</b>	<b>14 406 856</b>	<b>8 195 590</b>	<b>9 635 772</b>	<b>13 600 709</b>	<b>6 905 037</b>	<b>8 038 320</b>

**4. Inventarisse**

Korporatiewe winkel	901 690	904 106
Boetiek	14 954	12 018
	<b>916 644</b>	<b>916 124</b>

**Inventaris as sekuriteit verpand**

Geen inventaris is as sekerheid verpand nie.

**Oorgangsbepalings**

In ooreenstemming met die oorgangsbepalings volgens riglyn 8 van die AARP-raamwerk vir verslagdoening is 'n sekere inventaris met 'n drawaarde van R916 644 (2016: R916 124) teen voorlopige bedrae erken. Die Parlement is tans besig met 'n berekeningsprojek.

**5. Ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies**

Verhaalbare bedrag	66 346	267 481
--------------------	--------	---------

**Ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies as sekuriteit verpand**

Geen ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies is as sekuriteit verpand nie.

**Kredietgehalte van ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies**

Die kredietgehalte van ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies wat nóg verby nóg betaalbaar nóg verminder is, kan geassesseer word met verwysing na eksterne kredietgraderings (indien beskikbaar) of na historiese inligting oor teenpartywanbetalings.

Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

**Waardedaling van ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies**

Met ingang van 31 Maart 2017 is ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies nie verminder nie (2016: R nul).

\* Sien Nota 39.

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2017

Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

	2017	2016 Herhaal*
<b>6. Ontvangbare rekenings van ruiltransaksies</b>		
Verhaalbare besteding	248 573	545 382
Personeelskuld	7 105	8 820
Ander skuldenaars	76 490	76 242
Waardeverlies-voorsiening	(4 800)	(8 057)
	<b>327 368</b>	<b>622 387</b>
<b>Bruto bedrag van ruildebiteure</b>		
Verhaalbare besteding	248 573	545 382
Personeelskuld	7 105	8 820
Ander skuldenaars	76 490	76 242
	<b>332 168</b>	<b>630 444</b>
<b>Waardeverlies van ruildebiteure</b>		
Verhaalbare besteding	-	-
Personeelskuld	-	-
Ander skuldenaars	(4 800)	(8 057)
	<b>(4 800)</b>	<b>(8 057)</b>
<b>Netto bedrag van ruildebiteure</b>		
Verhaalbare besteding	248 573	545 382
Personeelskuld	7 105	8 820
Ander skuldenaars	71 690	68 185
	<b>327 368</b>	<b>622 387</b>
<b>Verhaalbare besteding</b>		
Suid-Afrikaanse Inkomstediens	109 225	500 000
Werkloosheidsversekeringfonds: skuld		
Suid-Afrikaanse Inkomstediens	1 825	1 825
Werkloosheidsversekeringfonds: tolke		
Lede-skuld	-	-
Verwerping: allerlei	118 509	33 160
Suid-Afrikaanse Inkomstediens: belastingskuld	19 014	10 397
	<b>248 573</b>	<b>545 382</b>
<b>Personeelskuld</b>		
Salarisoorbetaling	3 766	3 397
Personeelskuld	3 339	5 423
	<b>7 105</b>	<b>8 820</b>
<b>Ander debiteure</b>		
Suid-Afrikaanse Inkomstediens		
Werkloosheidsversekeringfonds: Lede en tolke	43 303	43 303
Tolkebelastingskuld	18 219	14 645
Gewese personeel en Lede	1 311	1 556
Telefoonrekenings van politieke partye se ondersteuningspersoneel	8 681	8 681
Verskafferoorbetaling	176	-
	<b>71 690</b>	<b>68 185</b>

\* Sien Nota 39.

Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

**Ontvangbare rekenings van ruiltransaksies as sekuriteit verpand**

Geen ontvangbare rekenings van ruiltransaksies is as sekuriteit verpand nie.

**Kredietgehalte van ontvangbare rekenings van ruiltransaksies**

Die kredietgehalte van ander ontvangbare rekenings van ruiltransaksies wat nóg verby, nóg verskuldig, nóg verminder is, kan geassesseer word met verwysing na eksterne kredietgraderings (indien beskikbaar) of na historiese inligting oor teenpartywanbetalings.

**Ontvangbare rekenings van ruiltransaksies verminder**

Met ingang 31 Maart 2017 is die waarde van ontvangbare rekenings van ruiltransaksies, ander debiteurs, met R76 490 (2016: R76 242) verminder en voor voorsien.

Die bedrag van die voorsiening was R4 800 met ingang van 31 Maart 2017 (2016: R8 057).

**Rekonsiliasie van voorsiening vir waardeverlies**

Beginsaldo	(8 057)	(15 635)
Waardeverliesvoorsiening	-	-
Slegte skuld afgeskryf	3 257	7 578
	<b>(4 800)</b>	<b>(8 057)</b>

**7. Vooruitbetalings**

Personeelvoorskotte	175 443	136 429
Parmed	155 715	144 911
Ander betalings	321 308	444 376
	<b>652 466</b>	<b>725 716</b>

Die personeelvoorskotte hou verband met die vervroeging van bonusse aan werknemers. Die Parmed-vooruitbetaling is vir die uitgawe wat met die maand ná die boekjaareinde verband hou.

**8. Langtermyn- ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies**

Verhaalbare besteding	17 741	20 141
-----------------------	--------	--------

Die langtermyn- ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies hou met dieselfde ontvangbare rekenings in aantekening vyf verband, en bestaan uit skuld wat verband hou met ongelukke opgedoen wat van die betrokke party verhaal moet word. Die langtermyngedeelte word vasgestel op grond van terugbetalingsooreenkomste wat tussen die personeel of Lid en die Parlement aangegaan is.

**Ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies as sekuriteit verpand**

Geen ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies is as sekuriteit verpand nie.

**Kredietgehalte van ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies**

Die kredietgehalte van ander ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies wat nóg verby, nóg verskuldig nóg verminder is, kan geassesseer word met verwysing na eksterne kredietgraderings (indien beskikbaar) of na historiese inligting oor teenpartywanbetalings.

**Ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies verminder**

Met ingang van 31 Maart 2017 is ontvangbare rekenings van nieruiltransaksies nie verminder nie (2016: R nul).

\* Sien Nota 39.

Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

	2017	2016 Herhaal*
<b>9. Langtermyn- ontvangbare rekenings van ruiltransaksies</b>		
Personeelskuld	-	420
Ander skuldenaars	5 794	6 694
Voorsiening vir waardeverlies	(5 794)	(6 694)
	<u>-</u>	<u>420</u>
<b>Bruto bedrag van ruildebiteure</b>		
Personeelskuld	-	420
Ander skuldenaars	5 794	6 694
	<u>5 794</u>	<u>7 114</u>
<b>Waardeverlies van ruildebiteure</b>		
Personeelskuld	-	-
Ander skuldenaars	(5 794)	(6 694)
	<u>(5 794)</u>	<u>(6 694)</u>
<b>Netto bedrag van ruildebiteure</b>		
Personeelskuld	-	420
Ander skuldenaars	-	-
	<u>-</u>	<u>420</u>
<b>Personeelskuld</b>		
Salarisoorbetalings	-	420
	<u>-</u>	<u>420</u>
<b>Ander skuldenaars</b>		
Gewese Lede of personeel	-	-
	<u>-</u>	<u>-</u>

**Ontvangbare rekenings van ruiltransaksies as sekuriteit verpand**

Geen ontvangbare rekenings van ruiltransaksies is as sekuriteit verpand nie.

**Kredietgehalte van ontvangbare rekenings van ruiltransaksies**

Die kredietgehalte van ander ontvangbare rekenings van ruiltransaksies wat nóg verby, nóg verskuldig, nóg verminder is, kan geassesseer word met verwysing na eksterne kredietgraderings (indien beskikbaar) of na historiese inligting oor teenpartywanbetalings.

**Ontvangbare rekenings van ruiltransaksies verminder**

Met ingang van 31 Maart 2017 is ontvangbare rekenings van ruiltransaksies van R5 794 (2016: R6 694) verminder en voor voorsien. Die bedrag van die voorsiening was R5 794 met ingang van 31 Maart 2017 (2016: R6 694).

**Rekonsiliasie van waardeverlies vir ruildebiteurs**

Beginsaldo	(6 694)	(8 359)
Voorsiening vir waardeverlies	-	-
Omkering vanweë bedrae ingevorder	900	1 665
Slegte skuld afgeskryf	-	-
	<u>(5 794)</u>	<u>(6 694)</u>

Die langtermyn- ontvangbare rekenings van ruiltransaksies hou verband met dieselfde ontvangbare

Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

rekenings in aantekening ses, en bestaan uit personeelskuld en ex-Lede-skuld. Die langtermyn gedeelte word bereken op grond van terugbetalingsooreenkomste wat tussen die personeel of Lid en die Parlement aangegaan is.

\* Sien Nota 39.

Jaarverslag vir die 2016/17-boekjaar  
 Begrotingspos 2: Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
 Jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2017

Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state

	2017			2016 Herhaal*		
<b>10. Eiendom, aanleg en toerusting</b>						
	2017			2016		
	Koste of waardasie	Opgehoopte waarde- vermindering en waarde- dalings- verliese	Drawaarde	Koste of waardasie	Opgehoopte waarde- vermindering en waarde- dalings- verliese	Drawaarde
Meublement en kantoortoerusting	4 672 894	-	4 672 894	4 790 638	-	4 790 638
Ander masjinerie en toerusting	6 619 511	-	6 619 511	6 043 735	-	6 043 735
Rekenaartoerusting	8 357 762	-	8 357 762	6 231 657	-	6 231 657
Bruikhuurbates – voertuie	2 186 961	-	2 186 961	1 406 359	-	1 406 359
Bruikhuurbates – selfone	140 449	-	140 449	101 911	-	101 911
